NA DIE GELIEFDE LAND

Karel Schoeman

Wanneer 'n jong man wat Suid-Afrika as kind verlaat het, terugkeer om die plaas te besoek wat hy van sy moeder geërf het, is sy besoek terselfdertyd ook 'n poging om 'n wêreld wat hy slegs vaag kan onthou terug te vind en om iets agter te kom wat hom sal help om veral sy moeder beter te begryp. Hy word egter gekonfronteer met 'n werklikheid wat onherkenbaar verander het en nouliks nog verband toon met die verlede wat in sy herinnering voortleef: die geliefde land het vir hom onherroeplik vreemd geword.

In *Na die geliefde land* beskryf Karel Schoeman weer die plaaslewe wat hy in *'n Lug vol helder wolke* met soveel kennis en begrip uitgebeeld het, maar vanuit 'n verrassend nuwe gesigspunt.

Stofomslag deur G & G Ontwerp

Digitized by the Internet Archive
in 2025

https://archive.org/details/nadiegeliefdelan0000kare

Karel Schoeman

NA DIE GELIEFDE LAND

Karel Schoeman

NA DIE GELIEFDE LAND

HUMAN & ROUSSEAU
Kaapstad en Pretoria

Kopiereg © 1972 deur Karel Schoeman
Eerste uitgawe in 1972 deur
Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.,
Roosstraat 3–9 Kaapstad, en Pretoriusstraat 235, Pretoria
Tipografie deur Desmond Windell
Gedruk deur Gothic-drukkery Mpy. Bpk.,
Printpak-gebou, Dacreslaan, Epping, Kaap

ISBN 0 7981 0234 9

„Wie is jy?" roep die man.

Verblind deur die skielike lig hou hy sy hand voor sy oë. „Ek soek die pad na Rietvlei," antwoord hy.

Daar kom nie dadelik 'n reaksie nie. Waar hy bo-aan die trappies van die huis staan, beweeg die man dan 'n tree na vore, en die lig van die saklantern wat hy vashou, dans oor die leë werf. „Wie is jy?" vra hy weer. „Waar kom jy vandaan?"

Hoe moet hy nóú verduidelik, in die middel van die werf, met die lig in sy oë en sy ondervraer self onsigbaar daaragter? „Ek kom van oorsee," sê hy.

Die man met die lig is stil, asof hy aarsel in die deuropening en nie weet hoe hy hierdie feit moet verwerk nie. „Ek is op pad Rietvlei toe," verduidelik George dan. „Dit het gouer donker geword as ek verwag het, en ek het blykbaar by een of ander afdraaipad verbygery." Nóg swyg die man egter, wagtend met die dobberende lig in sy hand. „Die plaas het aan my moeder behoort," sê George. „Sy is onlangs oorlede, en ek het gekom om haar sake te reël."

„Is jy Anna Neethling se seun?"

„Ja," sê hy, en dan, wanneer die antwoord oorweeg en verwerk is, skakel die man sy saklantern af. „Ek het nie geweet nie," sê hy. „Ek het nie geweet dat Anna dood is nie. Ons het gehoor dat sy oorsee gegaan het, sy en haar man, maar so baie mense het oorsee gegaan, en jy hoor nooit weer iets van hulle nie."

„Is dit nog ver na Rietvlei?" vra George.

„Daar is niemand op Rietvlei nie, jy kan nie soontoe gaan nie."

„Daar is tog 'n oppasser."

„Daar is niemand op Rietvlei nie, die plaas is al jare lank verlate. Jy

kan nie nou soontoe gaan nie." Hy het die deur agter hom laat oopstaan en van die huis val 'n flou lig skuins na buite, sodat dit net moontlik is om hom te sien, 'n forsgeboude man van in die vyftig in kakiewerk-klere. „Hattingh," sê hy, en groet met 'n stewige handdruk. „Wanneer het jy aangekom?"

„Gister. Ek het vanmiddag hier op die dorp aangekom en 'n kar gehuur: ek kon niemand vind wat my hierheen wou bring nie en ek kon nie na die plaas toe bel nie, daar is blykbaar geen telefoon nie."

„Daar bly al jare lank niemand op Rietvlei nie," herhaal die ou man terwyl hy George deurdringend aanstaar. „Is jy oorsee gebore?" vra hy.

„Nee, hier."

„Jy praat soos 'n buitelander."

„Ek was nog klein toe ons hier weg is, ek het oorsee grootgeword." Dit is 'n ondersoek, besef hy, om te kyk of hy werklik is wat hy voorgee om te wees en om vas te stel of hy vertrou kan word, en hy wonder watter wagwoord of herkenningsteken die agterdogtige ou boer hier voor hom tevrede sal stel. „Toe ek 'n kind was, het ons by my groot-ouers op die plaas kom kuier, maar ek kan dit nouliks nog onthou, ek weet nie eers meer hoe om daar te kom nie. Hulle het op die dorp vir my verduidelik, maar ek het blykbaar verdwaal."

„Daar was altyd kinders op die plaas gewees," sê Hattingh, „al die kleinkinders, en allerhande neefs en niggies met hul eie kinders. Lottie was lief vir kinders om haar heen."

„Ek kan haar nog net onthou," sê George, en soek in sy herinnering rond tussen splinters en skerwe, tussen droomagtige beelde en die ritme van sinne waarvan die woorde lankal verlore gegaan het. „Daar was 'n dam, en vyebome."

„Joos weet waar al daardie kinders vandag is – mense verdwyn sonder om 'n spoor agter te laat. Jy sou amper dink dat hulle nooit bestaan het nie."

„My ouers het ook byna alle aanraking met hulle familie verloor. My moeder het nog gehoor dat haar ouers dood is, maar dit was eers maande later."

Hattingh staan daar asof hy iets oorweeg. „Kom binne," sê hy dan, die wagwoord erken êrens te midde van die ander woorde, en George volg hom langs die treetjies op na die huis.

„Dis Anna Neethling se seun," sê Hattingh. „Sy was oom George en tant Lottie Neethling se dogter – julle sal haar seker nie meer onthou

nie. Hy't van oorsee gekom om die plaas te sien, sy moeder is dood."

Nou eers, waar hy op die drumpel van die kamer bly staan, besef George dat daar nog ander mense in die huis is. In die vaal elektriese lig sien hy drie jong mans vlak voor hom, eenders in dieselfde kakieklere as Hattingh, wat skouer aan skouer staan asof hulle weerstand wil bied aan sy binnekoms. Wanneer Hattingh praat, tree hulle egter uit hulle gelid en kan hy die kamer sien, met 'n groot tafel, 'n stoof, en 'n vrou wat uit die halfskaduwee na vore kom terwyl die ander hom groet. Sy vee haar hand haastig aan haar voorskoot af, en dit voel sag en week na die stewige handdruk van die mans. „Ons sal maar eet," sê Hattingh, en sy draai weg om haar met panne en skottels besig te hou. Dit is seker sy vrou en sy seuns, dink George, alhoewel hulle verwantskap nie verduidelik is nie. Nog iemand kom binne juis wanneer Hattingh vir hom beduie dat hy moet aansit, in dieselfde werkklere as die ander: eers wanneer George sy uitgestrekte hand neem, kan hy in die dowwe lig aan die gelaatstrekke en bewegings uitmaak dat dit 'n meisie is.

Om die tafel waar hulle almal kom sit het, heers daar 'n ongemaklike stilte nadat Hattingh onverstaanbaar met geboë hoof 'n gebed geprewel het, die klank van die lepels die enigste geluid terwyl hulle opskep.

„Ons lewe hier eenvoudig," sê Hattingh. „Jy sal wel gewoond wees aan ander dinge oorsee." Dit is 'n feit, geen verskoning nie.

„Alles in Afrika is vir my anders, maar ek wil dit sien soos dit is."

Daar is stywe pap en gekookte boontjies; die meisie staan op en bring 'n kan water na die tafel, koue, helder fonteinwater. Die tafel is bedek met 'n geblomde seildoekkleed waarna hy sit en kyk in die stilte, en die borde pas nie bymekaar nie, die meeste met happe of krake. Aan hóm as gas is daar blykbaar spesiale borde gegee, oorblyfsels van 'n vergane servies met 'n goue rand.

Hy hoor die gekletter van die vurke en lepels in die stilte en kyk op. Die jong mans oorkant hom laat sak hulle oë en staar na hulle borde terwyl hulle verder eet. Hy sien 'n kas teen die muur, 'n rak, prente van volksleiers en politici wat hy uit geskiedenisboeke herken, en word skielik oorweldig deur onbeskryflike moegheid ná die lang reis en afkeer van hierdie swygende mense in hulle vuil klere, die kos, die sleg verligte kamer, en die vreemdheid en onverwagte armoedigheid van alle dinge.

Die vrou beweeg rusteloos heen en weer na en van die tafel en bly self nooit lank sit nie, besig om te haal en aan te dra en weer op te skep

vir die mans. Hy sien haar oë op hom gevestig, sorgsaam en vraend, vaal oë in 'n vermoeide gesig, asof sy te vroeg oud geword het, járe voor haar tyd. Dan glimlag sy by haarself terwyl sy hom nog aankyk. „'n Mens kan sien wie se kleinseun jy is," sê sy voldaan. „Mens kan sien jy's Anna se seun. Ek het haar net 'n paar keer ontmoet en dis nou al lank gelede, maar ek onthou haar nog goed. Die mense het altyd gesê sy is die mooiste meisie in die distrik."

Dit is die eerste woorde wat sy vir hom sê. Die jong mans kyk nie op nie, maar op een of ander manier is die gespannenheid agter hulle swye hierdeur besweer. Só, dink hy, is dít die kenteken, hierdie oorgeërfde gelaatstrekke, die mond en oë van 'n jong vrou wat oud geword het in eensaamheid en nou dood is?

„Dit was in die tyd toe ek nog verloof was en hier op die plaas gekuier het, en sy was op Rietvlei by tant Lottie-hulle, sy was toe al getroud. Ek onthou nog hoe mooi haar klere was, al die vrouens het oor haar gepraat." Die herinnering aan die verlede het haar spraaksaam gemaak.

„Sy kon goed perdry," sê Hattingh. „Ek sien nog hoe sy alleen hier verbyjaag deur die veld op een van oom George se perde."

Sy moeder te perd op die vlakte met hare wat uitwaai in die wind. Die kamer waar daar tydskrifte op die vloer lê en die asbakkies altyd vol is, haar gehoes, die fyn gelaatstrekke wat geleidelik gemerk is deur die pyn, en die steeds swaarder grimering waarmee sy probeer om die onverbiddelikheid van die tyd te verberg, die flessies en spuite op 'n blaadjie langs haar bed; en buite die venster die berge wat met hul steilheid die poppehuislandskap afrond en voltooi – „hierdie vervloekte berge!" het sy uitgeroep en die reisdeken weggestoot waarmee hy haar bene wou toedek. Aan die mure was daar skilderye, landskappe wat hulle saamgebring het op die uittog, tonele waarna hy self sonder herinnering gekyk het; en in daardie laaste maande het sy ook nie meer daarna gekyk nie.

Die vrou staar hom nog aan oor die tafel. „Jy is moeg," sê sy dan besorg.

„Ek het nie goed geslaap nie," sê hy. „Ek kon in die vliegtuig nie slaap nie, en verlede nag in die hotel was alles vir my nog te vreemd om tot rus te kan kom."

Sy kyk vraend na Hattingh. „Jy kan hier bly slaap," sê hy.

„Is dit nie ongerieflik vir u nie?"

„Ek moet net die bed gaan opmaak," sê die vrou, en staan al op.

„Ons lewe eenvoudig, soos ek vir jou gesê het," sê Hattingh, „maar

dis omdat die omstandighede moeilik is. Ons het nie afgeleer om gasvry te wees nie."

Die meisie het koffie gaan haal en kom nou rond om vir hulle in te skink; die jong mans het hulle stoele van die tafel teruggestoot en praat af en toe in lae stemme met mekaar sonder om George meer aan te kyk.

„Jy kan nie nou teruggaan dorp toe nie," sê Hattingh. „Dis nie veilig om in die donker alleen rond te ry nie, en daar is bowendien ook nie eers 'n behoorlike hotel nie. Ons moet nog gesels, jy moet ons van jou moeder vertel, van jou ouers." Dan kom die vrou terug en gaan agter sy stoel staan, haar hand op die leuning. „Ons gaan vroeg slaap," sê hy, „want ons moet soggens vroeg opstaan, daar is genoeg werk op die plaas, meer as genoeg. Ek sal jou wys waar jou kamer is. Môre gesels ons verder."

Styf van die koue en van die lang reis, onseker op sy voete van die moegheid, knik George vir die jongmense om die tafel, wat opkyk maar geen gebaar maak nie, en volg Hattingh langs die donker gang na sy kamer.

Met sy aankoms kon hy in die lig van die koplampe net die pad voor hom sien, en toe 'n hek, bome en die blinde muur van die plaashuis waar hy stilgehou het om na die pad te vra. Nou sien hy die verlate werf, die buitegeboue en skure met verroeste dakke, 'n trekker en dromme. Dit is al laat, maar in die huis is alles stil en buite is daar niemand nie. Hy stap doelloos oor die werf en verby die buitegeboue tot by 'n doringdraad, waar hy bly staan om uit te kyk na die land anderkant die laaste yl bloekombome, leeg en kaal en eensaam, die lae lyn daarvan onverstoor deur heuwels of huise. 'n Bietjie onbegrypend staar hy daarna en wag op 'n verklaring vir die liefde, hunkering en trou waarvan hy lewenslank getuie was sonder dat hy self ooit daardeur geraak is. Daar kom egter geen antwoord nie: hy vind net die eensaamheid en stilte as selfgenoegsame feite voor hom.

Die meisie wat hy die vorige aand in die kombuis gesien het, kom oor die werf met 'n vol sak op haar skouer en gaan staan vir 'n oomblik asof sy geskrik het, maar dan herken sy hom.

„Kan ek jou help dra?" vra hy, maar sy skud haar kop.

„Ek gaan maar net stoor toe," antwoord sy, en stap verder.

Die gehuurde kar staan nog waar hy gisteraand in die donker stilgebou het, en hy gaan daarheen, die enigste vertroude voorwerp op hierdie plek. Waar is die plaasmense, wonder hy, en hoe moet hy van hulle afskeid neem; want dit is tyd om verder te reis. Maar die meisie het verdwyn en kom nie terug nie, en die half-oop kombuisdeur bly roerloos, die drumpel leeg.

In hierdie stilte waarin daar skaars 'n voël roep, sou elke geluid hoorbaar moet wees. Hattingh is egter naby, byna naby genoeg om hom aan te raak, voordat George opkyk en hom sien.

„Bekyk jy die plaas so 'n bietjie?" vra hy. „Ja, dis die laaste jare verwaarloos, dis nie meer wat dit was toe ek begin boer het nie, maar ons moet seker dankbaar wees dat ons dit nog het, verwaarloos of nie. Dis 'n familieplaas, 'n erfnis van my oupa-grootjie, maar in daardie dae had hulle nog die geld en die volk om dit te onderhou. Hy sou nie baie van ons dink as hy dit vandag moes sien nie, selfs my oorlede vader sou nie baie gelukkig wees daaroor nie. Hy's dood in die tyd toe alles goed gegaan het." Met sy hande in sy sakke staan hy nog 'n rukkie en nadink voordat hy George vra om te kom eet.

Waar die vrou was, weet hy nie, maar wanneer hulle binnekom, is sy in die kombuis besig, en aan een end van die tafel is daar vir hom 'n plek gedek. Terwyl hy eet, bly sy langs hom staan om vir hom koffie te skink, om dinge aan te gee en te kyk dat hy alles het wat nodig is.

„Jy is seker gewoond aan beter kos oorsee," sê sy.

„My vrou wil nog vir alles verskoning maak," sê Hattingh. „Ek doen dit nie meer nie. Jy kom van die buiteland, maar jy weet hoe sake hier staan, jy sal ons vat soos jy ons kry."

„Ons het nooit baie gehoor oor wat daar hier gebeur nie," sê George. „Ons het selde mense gesien wat ons kon vertel hoe dit gaan."

„Het jou ouers baie terug verlang?" vra mevrou Hattingh.

„My moeder het, in elk geval in die laaste jare, toe sy ouer word en dikwels siek was."

„Wanneer is sy oorlede?" vra mevrou Hattingh, haar oë afgewend.

„'n Paar maande gelede."

„En jou vader, lewe hy nog?"

„Hy is al 'n paar jaar oorlede."

„Hy was in die diplomatieke diens gewees, nie waar nie?"

„Ja, hy is oorsee gestuur toe ek nog 'n kind was, dit is waarom ek in die buiteland grootgeword het."

„Julle was gelukkig dat julle betyds weggekom het," sê Hattingh. „Maar die belangrike mense en die rykes het oor die algemeen vroeg padgegee, nog amper voordat óns gewone mense wis dat daar iets verkeerd is. Met hulle koffers en hul kratte en hul geld in buitelandse banke."

„Hulle was bang," sê George.

„Ja, seker, en moontlik het hulle ook rede gehad, maar daar was ander mense wat bang was en tog gebly het." Stadig begin hy sy pyp stop terwyl hy praat. „Daar's twee soorte mense hier in die land," sê

hy: „dié wat gebly het omdat hulle nie kon wegkom nie, en dié wat gebly het selfs al kon hulle gaan."

„Wie is in die meerderheid?" vra George.

„Wat dink jy? Dis maar 'n handjievol wat uit hulle eie besluit het om aan te hou; maar dis ons beste mense, dié van hulle wat oorbly."

Sy vrou het ongeduldig gewag dat hy moet klaar praat. „Ken jy baie Afrikaners oorsee?" vra sy vir George.

„My vader het die laaste jare onder die Afrikaners in die buiteland gewerk, hy het hulle gehelp met geld en werk en dokumente en so meer, en my ouers het ook baie onthaal – daar was altyd mense by ons aan huis."

„Ken jy miskien die Hugo's?" vra sy gretig. „Danie Hugo-hulle, die Regter se seun?"

„Hulle woon nou in Amerika, glo ek, hy werk daar as ingenieur. Dit gaan goed met hulle."

„Karin Lotter was een van my beste vriendinne. En Mona Oosthuizen, Mona en Nico?" Sy gaan oorkant hom aan die tafel sit en begin hom uitvra oor die een naam ná die ander, byna vinniger as wat hy kan antwoord: familielede en verwante, skoolvriendinne, medestudente, kennisse en bekendes. Die name wat sy noem, is dié van mense wat vroeër welgesteld was, belangrik in akademiese kringe, die regte en die politiek, en die meeste daarvan is hom ook bekend. Hy onthou bekendstellings op onthale en by eetmale, die gefluisterde inligting, die ou, vergeelde etiketjie wat aan elkeen vasgebind is om hom te identifiseer, soos die etikette aan die plante en jong struike in die tuin. „Senator Lindeman . . ." „Professor Van den Heever . . ." „Sy was 'n nooi Du Plessis . . ." „Tog nie Sampie se suster nie?" Die titels het gewoonlik niks meer beteken nie en die hele verwysingsisteem het al lankal uitmekaar geval, maar nog het hulle aan titels en verwysings vasgehou soos aan 'n reling op die steil en donker trap van die werklikheid.

Mevrou Hattingh sit met haar hande gevou op die tafel voor haar en haal name op uit haar herinnering, glimlaggend van verwondering oor die feit dat George hulle almal ken, sonder om egter te probeer volg wat hy haar alles vertel. „Hy het goed getrou," val sy hom in die rede, „Erna se pa het 'n vier, vyf plase gehad. Ons was by hulle troue gewees, onthou jy nog, Pappie?" Sy gee haar man egter geen kans om te antwoord nie. „Dit was 'n spoggerige affêre, ek weet nie hóéveel ministers nie, en mense van die Weermag, sewehonderd gaste, glo ek . . ." Sy

wil nie regtig hoor wat daar van hierdie mense geword het nie, besef George: ook vir háár is die verlede met sy herroepte titels en afgeskafte ampte belangriker as die verre en onvoorstelbare hede. Haar mat gesig het skielik kleur gekry en haar oë is helder terwyl die opgedamde woorde voortstroom.

Hattingh sit en luister na wat George vertel, maar gedurende sy vrou se lang monoloog begin hy rusteloos word, en dan staan hy op. „Ja," sê hy, „ek moet gaan werk." Sy aarsel, haar verhaal onderbreek in die middel van 'n woord.

„Ek moet gaan," sê George, en hulle kyk hom albei verras aan.

„Waarheen?" vra Hattingh.

„Ek moet verder ry, Rietvlei toe, ek moet reëlings tref . . ."

„Wat's jy dan so haastig? Ek sê vir jou, op Rietvlei is daar niks nie, dit staan al jare lank verlate."

„Ek sou dit graag weer wil sien."

„Daar's nog genoeg tyd daarvoor. Jy kan nie nou al weer wil weggaan nie, ons het skaars kans gehad om behoorlik te gesels. Daar's veel te baie dinge wat jy ons nog moet vertel."

„Daar's mense hier in die distrik wat jou sal wil sien," sê mevrou Hattingh, „mense wat nog vir oom George en tant Lottie geken het, wat jou moeder onthou . . ."

„Wanneer het ons laas 'n besoeker gekry?" vra Hattingh. „Mense ry nie meer rond in hierdie deel van die wêreld nie, selfs die bure wat oorgebly het, kom kuier nie meer aldag soos vroeër nie. Jy kan nog 'n paar dae by ons kuier. Vir hoe lank het jy gekom?"

„Ek het net 'n week verlof geneem," sê George. „My terugreis is al bespreek."

„Is daar nog dinge wat jy hier wil doen behalwe in verband met die plaas?"

„Ek het geen planne gemaak nie. Ek het gedink dat ek miskien 'n bietjie sou kan rondreis, iets van die land sien, moontlik selfs van my ouers se familie opspoor . . ."

„Waarvoor sou mens teenswoordig nog rondreis?" vra Hattingh. „Niks is meer soos dit was nie, en wat jou familie betref, nee wat, dis beter om nie te baie vrae te vra nie, jy maak net moeilikheid vir jouself en vir ander mense. Bly liewer hier by ons."

„Sál jy?" vra sy vrou.

„Dit is baie vriendelik van u. Ek kan miskien 'n tydjie hier bly as dit nie vir u ongerieflik is nie."

„Daar is darem nog so iets soos gasvryheid," sê Hattingh. „Daar is darem nog tradisies wat gehandhaaf moet word."

Die ontbyt is klaar en mevrou Hattingh begin die tafel afdek. George volg Hattingh na buite.

„Waar lê Rietvlei?" vra hy.

Hattingh beduie. „Daardie kant uit, so 'n tien myl met die pad. Jy het gisteraand by die regte plek afgedraai, jy moes net aangehou het." Hy stap al weg na sy werk. „Maar daar's genoeg tyd om soontoe te gaan, jy kan môre uitry as jy lus voel. Dalk kan my vrou dan ook met jou saamry om vir tant Miemie te gaan kuier. Moedersgift lê net duskant Rietvlei."

Hy roep die laaste woorde terug oor sy skouer. George bly staan langs die muur van die huis terwyl die wind oor die werf aanwaai en die bloekombome onrustig dein. Dit is 'n vaal, betrokke dag – waar is die son? wonder hy, geïrriteer soos gisteraand deur die armoedigheid en kleurloosheid van alles wat hy sien, die verlatenheid van die huis en werf, en die sinkplaat wat in die wind begin klap êrens op die dak van een van die buitegeboue. Daar was tog altyd sonskyn gewees soos op die almanakfoto's, blou lug en helder wolke; perskes en waatlemoene was daar in oorvloed, laggende inboorlinge in diervelle en krale, wit strande, en leeus in die lang gras. Die wind warrel stof in sy oë.

Waarom sou hy hier bly, op hierdie afgesonderde plaas by onbekende mense wat hom slegs verwelkom omdat hy die eensaamheid van hul lewe kom onderbreek het? Maar aan die ander kant het dit ook nie veel sin om in die paar dae wat beskikbaar is krampagtig te probeer om hierdie hele wye land nog te besigtig nie. Hy sal bly, dink hy, hy sal na Rietvlei gaan, en dan verder reis. Dit is tog waarvoor hy gekom het.

Mevrou Hattingh staan voor die venster en uitkyk. „Dit gaan reën," sê sy ingedagte. „Ek wou vandag die vensters gewas het, maar ek kan liewer wag. Soms wonder mens ook of dit die moeite werd is."

„Kan ek iets vir u doen?" vra hy.

„Nee, nee; jy kan hier sit en met my gesels as jy wil." Sy slof in die kombuis heen en weer op afgetrapte viltpantoffels en maak 'n kas oop, bêre iets, soek iets. „Mens bly maar besig met die huiswerk. Ag, en as ek dink dat my skoonmoeder vroeër vyf meide hier in die huis gehad het, en nog meer as sy die dag wil huis skoonmaak. Dan het oom Willem altyd padgegee en by die bure gaan eet."

„Bly u lank hier?" vra George.

„Ons het hier gekom toe Johannes nog 'n baba was – o, ek is self nie 'n plaasmens nie, ons het in die stad gebly, my man het in die stad gewerk, hy het goed verdien." Sy sprei 'n ou kombers oor die tafel uit. „Maar toe met die moeilikhede het ons gevoel dat dit veiliger is om plaas toe te kom: ons had die twee kleintjies, en alles was so onseker . . ." Sy gooi 'n laken oor die kombers en stryk dit langsaam glad. Sy wil praat, dink George, net by haarself staan en praat om van alle opgekropte leed en veronregting ontslae te raak, skaars bewus van hom waar sy op die tafel leun. Daar is geen knope meer aan die trui wat sy dra nie, en haar hare is slordig vasgespeld. Net die gesig herinner nog aan 'n vroeëre fynheid en skoonheid.

„Ek is nie gewoond aan hierdie soort lewe nie," sê sy dan skerp, asof sy haar teen onuitgesproke kritiek moet verweer. „As meisie was dit vir my nooit nodig om iets in die huis te doen nie, en toe ek getroud is, het ons altyd bediendes gehad. Ek het nooit verwag om eendag só te moet lewe nie, dis op my afgedwing, ek het geleer deur die harde ondervinding. Toe ek klaar was met skool het ek universiteit toe gegaan. My vader wou dat ek moet studeer, en hy het nooit gesien wat daar van al my geleerdheid word nie. Maar dit was 'n mooi tyd," sê sy, en haar gesig verhelder by die herinnering. „Ons was 'n vrolike jong klomp saam, ons studente – die Marais's en Ben Meyer en Karin, ja, almal oor wie ons vanoggend gesels het, en ander ook nog: Leon Grobbelaar, wat later gevange geneem is, en Len Botes wat dood is in die moeilikhede. Jy het seker nooit van hom gehoor nie, maar hy was in sy tyd 'n briljante student. Ons het altyd by sy ouers se huis gaan tennis speel, hy was 'n goeie speler, en hy het my 'n paar keer uitgeneem in ons eerste jaar. Daar was niks tussen ons nie, ons het net gaan dans of bioskoop toe gegaan . . ."

Ingedagte streel sy die laken oor die tafel voor haar, die strykwerk wat sy wou doen vergete, lakens, sakdoeke en kakiehemde. George luister nouliks na die vertroude verhaal: hoe dikwels in sy lewe het hy dit nie al gehoor nie met slegs klein veranderings van detail, die lyste name, die verhale wat hulle afspeel op tennisbane of langs swembaddens, in direksiekamers of op senaatsvergaderings, die opsommings van vriende, prestasies, besittings, die gegewens van die onderskeidings wat behaal, die winste wat gemaak en die verowerings wat gedoen is. Oor die koffiekoppies, die skemerkelkies of likeur in sy ouers se huis of die huise van vriende is dieselfde herinnerings opgehaal en dieselfde

feite eindeloos nagetel, deel van die beleggings waarop die ballinge in die vreemde moes teer. Maar dit was mense wat weggekom en oorlewe het, deur tyd, ruimte en onbeskryflike ondervindings geskei van hierdie boerevrou in haar verkleurde trui: die verlede is al wat hulle gemeen het, herinnerings is al wat hulle nog aan mekaar bind.

Êrens aan die end van die gang slaan 'n deur toe. Mevrou Hattingh gee geen teken dat sy dit hoor nie, maar sy onderbreek haar verhaal willekeurig en die glimlag sterf stadig weg van haar gesig. Net haar vingers pluk nog ingedagte aan die laken.

„Ek moet vandag bak," sê sy. „Ek moet 'n koek bak omdat ons 'n besoeker het."

„U moet geen moeite doen vir my nie, Mevrou," sê hy.

„Dit is geen moeite nie, waarom sou dit dan moeite wees?" Sy hou 'n hemp voor haar op. „Jy moet maar rondkyk in die huis, doen maar wat jy wil. Miskien vind jy êrens iets om te lees, daar is nog ou tydskrifte . . ." Sy het haar skielik aan hom onttrek, en gaan na die stoof om 'n strykyster te haal, sy teenwoordigheid vergete.

Daar was trouens nouliks 'n rede waarom hy hierdie reis sou onderneem; 'n enkele week is tog skaars die moeite werd, en die probleme in verband met die plaas sou per brief afgehandel kon word. Bowendien is dit ook nie gebruiklik om terug te kom nie.

In elk geval nie vir die meeste mense nie. As hy ouer was en hierdie land nog duidelik kon onthou, sou hy sy herinnerings waarskynlik bo 'n konfrontasie met die nuwe werklikheid verkies, en as hy jonger was en geen herinnerings had nie, sou hy geen band meer daarmee voel nie en ook geen behoefte aan terugkeer. Maar hy is net oud genoeg om dit te kan onthou, of in elk geval om iets te onthou waaraan hy altyd die naam Afrika gegee het en wat gemengde gevoelens van liefde, heimwee en nuuskierigheid in hom oproep. Waarom sou hy dan nie die kans waarneem nie en gebruik maak van die verskoning wat hy gekry het om terug te gaan, al is dit maar vir 'n paar dae, om die vaag herinnerde verlede te probeer herwin, die werklikheid te probeer terugvind, en allerlei probleme in verband met liefde, toewyding en trou vir homself te probeer oplos?

Hy het vir 'n week gekom, nie eers vir 'n week nie; reeds is dit sy derde dag in die land, en die tyd gaan verby en word minder, vinnig maar seker, terwyl hy langs die gang van hierdie onbekende huis af stap en die deure een vir een oopmaak. Nog 'n paar dae en hy sal moet

terugkeer sonder dat hy iets uitgevind of geleer het en sonder dat hy nader gekom het aan die ontsyfering van één van die vele geheime.

Daar is genoeg om te doen, dink hy, en aarsel op die drumpel, sy hand op die deurknop; hy het hierdie week ook slegs met moeite vrygemaak vir sy sentimentele en sinlose reis. Die huis waar sy moeder gesterf het, wag nog steeds soos sy dit agtergelaat het, en daar is baie dinge wat hy moet sorteer en orden en reël; hy het dit lank genoeg uitgestel. Ingedagte terwyl hy aan dit alles dink, bekyk hy die vertrekke van die plaashuis sonder om sy volle aandag te skenk aan wat hy daar vind. Dit is ook min genoeg, want die meeste van die groot kamers staan leeg of word blykbaar slegs nog as pakkamers gebruik. Dit is 'n groot huis met hoë plafons, en die verspreide meubels lyk verdwaal in die ruimte: 'n enkele kas met 'n verkleurde spieël, 'n bed, 'n tafel met stoele daarby in die middel van 'n kamer, of 'n verweerde lessenaar met 'n roldeksel. Sommige van die meubelstukke is oud en verslete, oorblyfsels van langvergange welvaart, en die nuwer, goedkoper meubels pas nie daarby nie, die kombuistafel met formicablad, die stoele met aluminiumpote, die nagemaakte leer of houtwerk en felgekleurde plastiek. Net soos die meubels is die prente ook 'n ongemaklike mengsel van oud en nuut, foto's uit tydskrifte, kleurafdrukke van blomme en landskappe, met ander, ouer foto's van volksleiers en -helde, tussen swaaromlyste familieportrette van ernstige mans en vroue in hul beste klere. Dit moet die slaapkamers van die plaasmense wees, besef hy, maar hy moet soek na tekens dat hulle bewoon word. Slegs 'n enkele, byna toevallige persoonlike voorwerp, 'n kam, 'n sakdoek of 'n potlood, dui op die aanwesigheid van mense in hierdie verlate huis.

Daar is nog soveel om te doen, dink hy, want sy moeder het nooit iets weggegooi nie en namate sy ouer word haar lewe met al hoe meer dinge gevul, nutteloos sowel as nodig, totdat dit soos 'n eksternes aanmekaar gevleg was en dit nouliks moontlik was om in daardie oorvloed van besittings nog iets terug te vind. Hoe lank sal hy nie besig wees om dit alles uit te soek nie, die skilderye en etse wat sy vader versamel het, sy boeke, die juwele wat hy vir sy vrou gekoop het, al het sy hulle selde gedra, en dan nog die meer persoonlike besittings, die briewe, fotoalbums en plakboeke waarmee sy haar al die jare in die vreemde omring het. Miskien moes hy liewer gebly het om daardie verkleurde foto's en knipsels te bestudeer, dink George; miskien sou hy dááruit meer geleer het as in hierdie onbekende en afsydige land, by mense wat dieselfde taal praat as hy, maar anders niks met hom gemeen het nie.

Die huis is oud, en deur die jare het opeenvolgende geslagte blykbaar na behoefte daaraan toegevoeg, sodat die een ongebruikte kamer op die ander volg en daar telkens weer 'n gang wegbuig of trappies hom opnuut in die klam donker voortlei. Op die dak hoor hy 'n geruis, en fyn pleister dwarrel neer. Hy kan die muur nie meer voor hom sien nie, tas na 'n deurknop, en kom 'n kamer binne waar 'n jong man omspring en rug teen die muur oorkant hom bly staan, gereed om hom te verdedig.

Dit duur 'n oomblik voordat hulle, verskrik en verras, mekaar herken. Dit is een van die jong mans wat hy gisteraand in die kombuis ontmoet het, kakieklere en breë, geslote gesig, wat hy hier gesteur het.

„Wat wil jy hê?" vra hy.

„Jou moeder het gesê dat ek maar in die huis kan rondkyk . . ." Is mevrou Hattingh wel sy moeder? Niemand het dit ooit gesê nie.

„Soek jy iets?"

„Nee, ek kyk sommer."

Die jong man staar hom aan, waaksaam en vyandig, asof hy nog gereed is om hom elke oomblik teen 'n aanval te versit. Sonder om nog iets te sê, draai George om en stap weg. In die gang wag hy totdat sy oë gewoond geraak het aan die skemeragtigheid, en dit duur 'n lang tyd voordat hy die jong man weer hoor beweeg.

Die dag word donker, die lug somber. „Dit gaan reën," sê mevrou Hattingh terwyl sy heen en weer slof om die tafel te dek. „Dalk kom my man-hulle huis toe vir ete."

„Hulle sal nie kom nie," sê die meisie. „Dit reën nog nie."

„As hulle sien die reën kom aan, kom hulle dalk."

„Hulle sal nie kom nie. As dit reën, kan hulle in die bakkie skuil. Hulle't brood en koffie by hulle, Johannes het vir hulle koffie saamgevat."

Sy neem slegs afgetrokke deel aan die gesprek waar sy voor die venster staan. „Kom eet," sê mevrou Hattingh vir haar. Hier binne het dit so donker geword dat net die seildoek van die tafel nog oplig in die duister.

„Dis baie eenvoudig," sê mevrou Hattingh; „ons eet maar eenvoudig om hierdie tyd van die dag."

„Dis goed genoeg," sê die meisie ongeduldig. „Dis nie nodig om vir alles verskoning te maak nie."

„Jy weet nie van beter nie," antwoord mevrou Hattingh driftig,

„jy't so grootgeword en nooit iets beters geken nie. Ek is nie gewoond daaraan om my gaste brood en koffie te gee vir middagete nie."

„Dis tyd dat jy gewoond raak daaraan. Ons lewe al lank genoeg so."

Mevrou Hattingh gaan nie verder daarop in nie. „Ek het 'n bottel konfyt oopgemaak," sê sy vir George. Die meisie drink haar koffie, praat nie meer met hulle nie, en eet ook nie van die konfyt nie.

Die wind waai sterker en ruk aan sy hemp terwyl hy ná die ete oor die werf stap. Die reën is naby, maar hy verkies om uit te gaan en die swygende huis te ontvlug. Die lang gras dein, die wind pluk aan die bome en waai die eerste los reëndruppels teen sy gesig. Dan breek die reën los, en hy kan nog net betyds die skuur bereik.

Die werf word omskep in 'n skuimende bruin watervlak en vlae reën waai by die oop deur na binne. Dit gaan nog lank duur, besef hy, en begin doelloos die skuur ondersoek, maar dit is verlate met sy vermolmde strooi, verdroogde mieliekoppe en leë trôe. Hy gaan sit op 'n kis in die hoek om te wag dat die reën moet ophou, leun agteroor teen die muur, en sien dinge wat geleidelik vir hom duidelik begin word in die halflig, die tuig wat teen die muur hang, die trapleer na die halfsolder, en die roerlose donker skaduwee daarbo wat langsaam gestalte kry, sodat hy besef dat dit iemand is wat na hom sit en kyk.

Hulle bly lank so sit sonder om te beweeg. George hoor die water van 'n lekkende geut wat eentonig langs hom neerdrup. Is dit die meisie of een van die mans, wonder hy, en waarom sê hy niks nie?

„Kan jy in die donker sien?" roep hy uiteindelik op na die halfsolder.

Daar kom geen antwoord nie, en vir 'n oomblik dink hy dat hy hom vergis het en bale of sakke vir 'n mens aangesien het, maar dan beweeg die persoon teenoor hom en lag saggies.

„Ek het ook nege lewens," roep hy terug.

Dit is 'n man se stem. George staan op en stap na hom toe. „Hoe lank sit jy al daar?" vra hy.

„O, lankal, nog voor die reën begin het. Jy't my nie gesien nie, nè?"

„Kan ek opkom?" vra George.

„As jy niemand sal vertel dat jy my hier gekry het nie."

Hy klim met die leer op na die donker van die halfsolder. „Mag jy dan nie hier wees nie?"

„Ek moet eintlik aartappels uitsoek in die stoor, maar toe Johannes af is landerye toe, het ek padgegee hierheen."

„Waarom?"

Hy antwoord nie. „Ek het gesien hoe jy hier verbystap oor die werf, ek het verwag dat jy hier sal kom skuil. Jy't my nie gesien nie, nè?" vra hy weer, en lag asof dit 'n prestasie is waarop hy trots is. George kan sy gesig nie duidelik sien nie, maar dit is 'n jong man se stem.

Hulle luister in stilte na die gedruis van die reën op die sinkplate bo hulle. „Waarheen was jy op pad toe jy hier verbystap?" vra die ander man.

„Ek het sommer rondgestap om na die plaas te kyk."

„En wat dink jy daarvan?"

„Dis vir my alles nuut, interessant . . ."

„Waar woon jy?"

„In Switserland."

Die jong man is stil terwyl hy die feit verwerk. „In Switserland is daar berge," sê hy. „Die Alpe."

„Ja."

„En koeie wat klokke om hul nekke dra. Ek weet, ek het al daarvan gelees. En . . ." Hy aarsel. „En die hoofstad is Genève," voeg hy by, en spreek die naam verkeerd uit.

„Bern."

„Is jy getroud?" vra die jong man. „Watter werk doen jy? Watter soort huis het jy?"

Dit is die eerste keer dat iemand hier vrae stel oor homself, en die nuuskierigheid verras hom 'n bietjie. „Ek is nie getroud nie," sê hy. „Ek het 'n woonstel in Genève, ek werk daar by 'n uitgewersmaatskappy." Die jong man swyg en wag blykbaar om meer te hoor. „My moeder het 'n villa gehad net buite Lausanne," sê hy dan, „aan die ander end van die meer."

„Hoe lyk jou woonstel?"

Hy aarsel. „Dis op die sesde verdieping, taamlik groot – daar's 'n groot woonkamer." Die jong man wag en luister. „Daar's 'n Berbertapyt, en boeke, en 'n paar skilderye uit my vader se versameling, en 'n groot kaggel waar ek in die winter vuur maak." Hy soek na nog iets om te vertel, nog 'n feit om op te noem. „In die winter gaan ons ook dikwels in die berge om te ski," voeg hy by, maar kan dan aan niks meer dink nie, en sy stem sterf weg. Al die vertroude onderdele van sy lewe klink vreemd en onwesenlik hier waar hy hulle probeer beskryf op die hooi van die donker solder met die gedreun van die reën bo sy kop, vir iemand oorkant hom wat hy nouliks ken en wie se gesig hy nie eers

kan sien nie. Hy kan net die geur van sweet en grond ruik, die liggaamsreuk van iemand wat op die land werk. Weet dié seun iets van Berbertapyte, ski-togte of villa's; weet hy selfs wat die woorde beteken? „Waarom wil jy dit alles weet?" vra George.

Hy spring vinnig op. „Kom saam," sê hy.

„Waarheen?"

„Johannes is weer af lande toe, maar as die reën aanhou, kom hulle dalk terug, dan moet hulle ons nie hier vind nie."

Hoog teen die muur van die halfsolder is daar 'n deur, en met 'n rats beweging trek die jong man hom daarheen op. „Maar jy moet vir niemand sê nie," fluister hy terwyl hy sy hand uitsteek om George agter hom op te help.

Hulle is op 'n lang, smal solder met 'n spits dak, waar hulle gebukkend onder die nok moet loop, en kom dan, deur 'n barrikade van dwars- en skuinsbalke, op 'n tweede, ruimer solder wat deur 'n gewelvenstertjie verlig word. Daar staan kiste en ou prente en portretrame teen die mure en op die vloer lê daar koerante, vergeelde blaaie van tydskrifte, 'n paar afgebrande kerse, en 'n matras waar die seun op neerval. „Ek sluit die deur uit die skuur agter my toe, dan kan niemand my hier vind nie," verduidelik hy.

In die lig herken George nou een van die jong mans wat die vorige aand in die kombuis was, die jongste van die drie, met 'n wakker gesig en donker oë. Wanneer George opkyk, sien hy daardie oë byna gretig op hom gerig, maar dan ontwyk die seun sy blik en kyk hom nie weer aan nie.

„Waarom wil jy wegkom van die ander?" vra George.

„Sommer, hoekom nie? Om 'n slag alleen te wees en te doen wat ek wil."

„En wat wil jy dan doen?"

„Enigiets behalwe wat ek aldag moet doen, op die land werk of hout kap of aartappels uitsoek."

„Hoekom bly jy hier as jy nie van die plaaslewe hou nie?"

Die seun se oë dwaal rond deur die solder met sy onafgewerkte mure en spinnerakke. „Mens kan sien jy weet niks van sulke dinge af nie," sê hy 'n bietjie meerderwaardig. „Dis nie so maklik soos jy dink nie." Dan maak hy 'n ongeduldige beweging met sy skouers. „Ek wil nie oor die plaas praat nie," sê hy; „kom ons vergeet van die plaas. Ek wil praat oor alles wat niks daarmee te doen het nie, oor al die dinge

wat nie hier is nie en wat ek hier nie kan en nie mag doen nie." Sy gesig het troebel geword: afgetrokke sit hy stukkies pleister na een van die portrette en gooi wat teen die muur aan leun.

„Wie is dit?" vra George uiteindelik, en wys na die portret.

„Ek weet nie, iemand se oupa-grootjie. Ons het 'n klomp goed gekry wat ander mense agtergelaat het toe hulle weg is."

„Weg is waarheen?"

„Wég." Die glas en die ernstige gesig daaragter bly onberoerd: 'n bebaarde man met 'n stywe boordjie en 'n manel, en êrens op die agtergrond waarskynlik 'n vrou en baie kinders, 'n plaas, bediendes, in 'n wêreld van perdekarre, paraffienlampe, kerkbesoek en boekevat, járe gelede.

Dan lag die seun. „Weet jy, dis die eerste keer dat ek met iemand van oorsee praat, iemand wat nie al hierdie dinge ken en vir wie hulle nie vanselfsprekend is nie."

„Kry julle dan nooit besoekers nie?"

„Mense wat ons ken van die plase hier rondom natuurlik, maar hulle tel nie. Of die polisie of regeringsmense, landboubeamptes en so."

„En die dorpsmense?"

Sy gesig bly afgetrokke terwyl hy outomaties voortgaan met pleisterbrokkies gooi. „Ons kom maar selde op die dorp."

„Is dit moontlik om so afgesonder te lewe?"

„Ek weet nie – my pa-hulle dink dat dit moontlik is. Maar jy kan tog nie verstaan nie," sê hy dan met dieselfde klank van iets wat byna neerbuigend is in sy stem, en verander self die onderwerp. „Kyk hier," sê hy.

Hy trek 'n kis weg van die muur waarteen dit geskuif is, en George sien dat dit 'n boekkas is met geïmproviseerde rakke. Blykbaar verwag die seun dat hy verras of beïndruk moet wees, maar dit is moeilik om verras te lyk by die sien van 'n paar rye verweerde boeke.

„Wat is dit?" vra hy om iets te sê.

„Dis boeke wat ek self bymekaargemaak het, niemand weet daarvan nie."

Geleidelik laat hierdie vreemdeling met sy geheime en sy geheimsinnigheid George ongemaklik voel – die seun is tog te oud vir sulke speletjies met onbekende wegkruipplekke en verborge skatte. Die reën begin afneem, hoor hy, en netnou sal hy 'n verskoning kan maak en gaan.

„Waarom moet jy hulle wegsteek?" vra hy, want hy kan niks anders doen as vrae stel nie; 'n normale gesprek tussen hom en die seun is blykbaar onmoontlik.

„Daar's boeke by wat ons nie mag hê nie, boeke wat verbied is. Jy sou ons almal in die moeilikheid kan bring deur vir iemand te sê dat ons dit in die huis het, weet jy?"

„Waarom sou ek so iets doen?" vra George, en buk om daarna te kyk. Dit is 'n uiteenlopende versameling, toneelstukke, boeke oor geskiedenis en politiek, digbundels en romans. Hy sien 'n katkisasieboek daartussen en glimlag, maar die meeste is boeke van jare gelede wat hy self van sy ouerhuis onthou. Sommige is met bruinpapier oorgetrek en ander het hul omslag verloor; sommige se blaaie is gevlek. Daar is 'n paar verdwaalde Engelse boeke tussen, en een boek is in Nederlands, 'n Bybelse geskiedenis, verguld op snee.

„Is hierdie boeke dan verbied?" vra hy ligweg, onwillig om langer aan die speletjie deel te neem.

„Hulle dink dat daar gevaarlike dinge in staan."

„Watter soort dinge?"

„Ondermynende dinge, opruiende dinge, ek weet nie. Hulle hoef tog nie redes te gee nie."

Hy kyk sonder belangstelling die boeke deur en lees wat daar op die skutblaaie geskryf staan: „Marie, van Pappie en Mammie"; „J. Human, Negende Straat 156"; „Kersfees 1947". „Waar kom hulle vandaan?" vra hy.

„O, van orals – party was hier in die huis gewees en party het ek gekry, en party is agtergelaat deur mense wat weggegaan het."

„En lees jy hulle?"

„Ja, wanneer ek hier alleen is."

Hy blaai deur die boeke, glimmende kunspapier, vaal oorlogspapier. Daar is ook tikskrifte by, kopieë wat met koolpapier gemaak is, die blaaie verslete langs die rand.

„Waarom wys jy dit alles vir my as dit so gevaarlik is?" vra hy.

Die seun lê op die matras vir hom en kyk met dieselfde gretige blik, en draai dan weer vinnig sy oë weg. Ongemaklik begin George die boeke terugpak in die kas.

„Ek weet nie. Ek het dit nog nooit vir iemand gewys nie, niemand weet daarvan nie. Dan het dit nie eintlik sin nie."

„As iemand die huis deursoek, sal hy dit gou genoeg vind," merk

George op, maar die seun lê op sy rug en opstaar na die plafon sonder teken dat hy gehoor het. „Dit reën nie meer nie," sê George dan. „Ek moet gaan."

„Jy sal vir niemand hiervan vertel nie?" vra die seun sonder om te beweeg.

„Nee, ek sal nie." Vir 'n oomblik aarsel hy nog, bewus van die feit dat hy gefaal het, sonder dat hy self weet waarin. Maar wat is daar wat hy kan sê, watter gebaar kan hy maak wat toereikend sal wees? Hy draai om om te gaan.

„Trek die deur agter jou toe," roep die seun wanneer hy al op die eerste solder is, gebuk onder die sinkplate van die lae dak.

Die reën het opgehou, die wolke trek verby, en die dag ruik koel en skoon. Hy stap weg van die huis langs 'n klipperige voetpaadjie teen 'n rant en bly dan staan om terug te kyk. Agter hom sien hy die saamgeskaarde dakke en klipmure van die plaas, die turksvye en vyebome en die windpomp, en daarom heen slegs die wydheid van die veld. Is dít wat hy soek? wonder hy; is dít die antwoord? Is dít waarvan sy moeder gedroom het, waarna sy gehunker het; is dít waarna sy haar uiteindelik omgedraai het in haar bed met uitgestrekte hand, half bedwelm deur die verdowingsmiddels wat die dokter haar gegee het? 'n Eensame huis met sy bome, 'n klipperige voetpad, en die stilte onder hierdie groot lug waar die wolke verbytrek, verbygaan?

Hy sien iemand van agter die rant aankom met 'n paar koeie, herken vir Hattingh uit die verte, en bly op hom wag.

„So," sê Hattingh wanneer hy hom bereik het. „Ek het die koeie in die kamp gaan haal. Dit het goed gereën, nè? Dit was weer 'n goeie jaar, deur die Here se genade; partykeer gaan dit maar naelskraap, dan kry ons dit net nog reg om aan die lewe te bly, maar vanjaar het dit beter gegaan."

„Is dit net u en u gesin wat hier bly?" vra George.

Hattingh kyk hom skerp aan. „Hoe dan so?"

„Dit moet moeilik wees om so 'n groot plaas te bewerk."

Die ligte, byna onmerkbare spanning gaan weer oor. „Ons het die grootste deel van ons grond verloor, hulle het dit onteien, en ons moes 'n deel aan die proefplaas verkoop toe dit 'n slag 'n moeilike jaar was, maar daar het tog nog meer oorgebly as wat ons kan behartig." Die koeie ken die pad huis toe en het self verder gestap.

„Loon dit nog om so 'n plek te bewerk?" vra George.

„Dis moeilik, maar wat anders moet ons doen? Hier kan ons ten minste nog 'n bietjie onafhanklikheid behou, ons het genoeg om van te lewe, ons kan ons eie lewe lei te midde van ons eie mense, ons word min of meer met rus gelaat . . ." Saam stap hulle verder agter die koeie aan. „Het jy die kerkhof gesien?" vra hy dan. George het nie eers besef dat daar 'n kerkhoffie is nie, verskole agter die klipmuur langs die pad. „Ons gebruik dit nie meer nie, maar die meeste van ons familie is hier begrawe, tot my oorlede oupa se tyd." Daar is 'n paar grafstene met onhandig uitgebeitelde opskrifte, en blomme, die grond geskoffel. „Ons hou dit netjies, dis die minste wat mens kan doen. Daar het so min van die verlede oorgebly: die grafte, die huis, 'n paar ou portrette . . . Selfs ons Familiebybel het weggeraak; dit was 'n agttiende-eeuse Bybel met 'n slot, Hooghollands, 'n familie-erfstuk, 'n waardevolle ding. Toe ek 'n seuntjie was, het ek altyd verlang om so groot te wees dat ek dit kan optel. Maar dit het verdwyn, alles het verdwyn, sommer so voor ons oë."

Hulle staan nog 'n rukkie by die muurtjie en kyk na die grafte. Die wolke trek weg: die son, reeds laag in die weste, glip uit en spoel oor die werf, die vaal mure en dakke van die plaasgeboue, en die kerkhof. Dan stap hulle verder.

„Miskien kan ons vanaand vuurmaak," sê mevrou Hattingh en kyk vraend na haar man.

„Hoe moet ons genoeg hout hê vir die winter as ons nou al begin vuurmaak?" vra die oudste van die seuns. Hulle moet broers wees, dink George, en bemerk weer eens die ooreenkoms tussen hulle waar hulle langs mekaar sit aan tafel; maar nou kan hy, anders as gisteraand, ook die verskille tussen hulle sien. Johannes is die enigste van die drie wie se naam hy al kon vasstel, want dit is Johannes wat vanoggend in die buitekamer opgeskrik het by sy binnekoms en koffie afgeneem het na sy vader en broer op die land. Hy het dieselfde gesig as sy broers, met breë voorhoof en oë wyd uitmekaar, en dit sou aangenaam wees, selfs aantreklik, as dit nie was vir die onverbiddelike erns wat dit merk en selfs al sy lyne om die oë en mond gegrif het nie: waaksaamheid bedek dit soos 'n masker.

„Daar is nog mieliestronke in die skuur," sê hy nou nadenkend.

In die gelaatstrekke van die oudste van die broers is daar geen fynheid nie, en sy oë is flets, sy bewegings traag. Sy gesig het sélf masker

geword, en mens kry skaars die indruk dat daar iets agter daardie uitdrukkingloosheid leef.

„Hoe lank dink jy sal die mieliestronke bly brand?" vra hy 'n bietjie honend terwyl hy kou.

„'n Rukkie in elk geval, as ons dan 'n vuur moet hê."

„Niemand het gesê ons móét 'n vuur hê nie."

„Waarom maak ons brandhout en mieliestronke bymekaar as ons nooit eers kan vuurmaak nie?" vra die derde broer, die seun van die solder en die boeke. George kyk van die een na die ander terwyl hulle sit en eet, na die ooreenkoms en na die verskille. Ja, hierdie seun is die jongste van die drie, en by hom het die masker nog nie aangegroei nie, hy oorweeg nie voordat hy praat nie en sy oë beweeg minder behoedsaam deur die kamer.

„Ons moet ons brandgoed spaar vir die tyd dat ons dit regtig nodig kry."

„Julle wil ook alles spaar – spykers, blikke, ou motorbande. . ."

„Jy kan ook alles eendag nodig kry."

„Daar was een winter net nadat ons hier kom bly het dat ons van die meubels moes gebruik om vuur te maak," vertel mevrou Hattingh vir George asof sy weer van haar voorstel vergeet het. Self voel hy ook dat dit om sy ontwil gedoen is, en ongemaklik oor die lang bespreking wat dit uitgelok het, oorweeg hy dit om te sê dat hy liewer dadelik ná die ete wil gaan slaap.

„Ons het darem genoeg brandhout om vir 'n uur of so te kan vuur maak sonder om hierdie winter in die nood te raak," sê Hattingh dan egter. „En bowendien het ons vanaand 'n besoeker."

Dit is die refrein van alles wat hy en sy vrou sê, die regverdiging vir elke afwyking van hulle roetine. Terwyl die jongmense afsydig bly en geen teken gee van wat hulle dink of voel nie, is George se aanwesigheid vir hulle ouers baie duidelik 'n besondere gebeurtenis. Aan die einde van die maaltyd bring mevrou Hattingh die koek wat sy gebak het op tafel, die jongste seun word gestuur om brandhout te gaan haal, en Hattingh probeer George oorhaal om 'n glasie brandewyn te drink. Versigtig skink hy vir al vyf die mans, met onderdrukte opwinding, asof dit 'n teken van besondere feestelikheid is. Die seun drink met klein, byna onwillige teugies; Johannes slaan sy glas met een sluk weg en vee sy mond met sy hand af. In die hoek waar hy hom ná die ete teruggetrek het, sit die oudste broer met sy elmboë op sy knieë, sy glas in albei hande, en dra niks by tot die gesprek nie.

Hattingh het meer spraaksaam begin word van die drank en neem George gemoedelik aan die arm om hom na die voorkamer te lei waar die vuur gemaak word. „Ons sit amper nooit in die voorhuis nie," verduidelik mevrou Hattingh terwyl sy hulle volg. „Dis so maklik om maar in die kombuis te lewe. . ." Sy stoot 'n ornamentjie reg en vee haastig met haar voorskoot oor die tafelblad.

„Dis muf hier," merk die seun op waar hy op sy knieë voor die kaggel besig is. „En klam. Jy sal heelnag moet vuur maak voordat hierdie kamer warm word."

„Ek weet nie waarom julle altyd in die kontramine moet wees nie," sê mevrou Hattingh. Die ander twee seuns het hulle gevolg, glas in die hand, en bly by die deur na hulle staan en kyk.

„Dit sal ook heelnag duur voordat Paultjie daardie vuur aan die brand kry," sê Johannes. Dit is dus Paultjie, dink George, die seun van die solder, wat nou rooi word en vinnig opkyk waar hy besig is.

„Hoekom maak jy dit dan nie self as jy dit so goed kan doen nie? Altyd met ander mense fout vind. . ."

„Dis nie ék wat vuur wil hê nie, moenie jou werk op my probeer afskuif nie."

„Grootbek."

„Stil nou, julle," sê Hattingh, en stoot vir hom en vir George stoele nader aan die vuur. „Ja, dis maar 'n harde lewe, en mens bly besig. Ons kry min tyd om te ontspan en gesellig saam te wees."

„Dis nie soos dit vroeër was nie," sê sy vrou. „Daar gaan soms maande verby sonder dat ons van ons bure te sien kry."

„Maar wie het daar ook in die distrik oorgebly? Die Lubbes is weg, die Visagies is weg, Fisantkraal is onteien, Rietvlei staan al jare lank verlate, Heuningkloof is 'n proefplaas van die regering. Hulle't glad die ou naam verander. Dit was een van die oudste plase in die distrik, 'n spogplaas. . ."

„Heuningkloof en Rietvlei," sê sy vrou, „dit was twee mooi plase, het jou pa altyd vertel."

Tussen hulle woorde in luister George na Paultjie en Johannes se gesprek, na Johannes se stadige, eentonige gesar terwyl die vuur rokerig oplaai, en sy broer se heftige reaksies. „Ander kere . . .," hoor hy onduidelik. „Beter as nooit nie. . ." Wydsbeen staan Johannes voor die kaggel met die leë glas nog in sy hand, 'n stadige, tevrede glimlag op sy gesig. Die ouer broer glimlag ook van op die agtergrond, die drie besig met die voortsetting van een of ander ou rusie of stryery wat

George nie kan volg nie. „Jy moet onder begin," sê Johannes glimlaggend. „As jy nie eers 'n vuur kan aanlê, kan jy ook nie 'n man se werk doen nie."

„Wat noem jy miskien 'n man se werk?" vra Paultjie.

„Dinge waaroor seuns soos jy nog maar net hoor praat wanneer hulle saans te laat opbly." Blykbaar geniet hy dit om hom te probeer kwaad maak.

„As ek sien hoe jy sukkel met daardie vuurtjie sou ek nie graag by wees as jy 'n lont probeer aansteek nie," sê die oudste broer skielik uit sy stilte, en Johannes lag. Paultjie wil antwoord, maar dan merk hulle dat George na hulle gesprek luister. Johannes draai weg; Paultjie buk voor die vuur.

„Wat sukkel jy so, jong?" vra Hattingh. „Kom, laat ek jou help."

Onder sy hand spring die eerste vlamme op tussen die fynhout en takke. „Trek julle stoele nader," sê Hattingh, maar die drie jong mans bly swygend op 'n afstand sit, hul gesigte verlig deur die gloed van die vuur in die donker kamer.

„Maar hy was 'n regverdige man," sit Hattingh sy gesprek met George voort, „selfs sy teenstanders moes dit erken. Hy't sy hofsake eerlik gewen, sonder gekonkel; hy kon helder dink en goed praat."

„Hy was op sy tyd nog Volksraadslid, nie waar nie?" vra mevrou Hattingh.

„Dit was Klasie, hulle het Herman probeer oorhaal om te staan, maar daar het nooit iets daarvan gekom nie."

„Liesbet het hom natuurlik omgepraat. Haar gesondheid was tóé al nie te goed nie. . ."

Skielik is hulle stil, uitgepraat. Die vlamme knetter tussen die stompe; buite het die wind opgekom, rammel aan die vensters en laat roet in die skoorsteen afval. In 'n halwe kring sit hulle in die donker na die vlamme en kyk. Klasie en Herman en Liesbet is almal dood, uitgewis, vergete, behalwe in die geheue van die Hattinghs hier voor die vuur; soos sy moeder dood is, en sy vader voor haar, met 'n kerk vol belangrike mense en kranse van hooggeplaastes; soos sy grootouers dood is. Hy kyk op en sien in die vuurlig Johannes se oë op sy gesig, Paultjie wat hom swygend aanstaar. Dan kyk hulle weer weg, sonder om iets te verraai van wat hulle gesoek of gevind het.

„Oom Klasie was by my vader se begrafnis," sê George.

„Klasie het betyds weggekom, ja."

„Jou ouers was ook 'n lank tyd weg gewees," sê mevrou Hattingh onverwag.

„In die buiteland, bedoel u? My vader is oorsee gestuur toe ek 'n vyf jaar oud was, en hulle het nooit teruggekom nie."

„Dit moet swaar wees om so in die vreemde te lewe, ver van jou eie land en jou eie mense."

„Hy was gewoond daaraan, hy was sy hele lewe in die diplomatieke diens."

„Maar hy kon toe nog terugkom as hy wou. Om nie te kán terugkom nie, dit moet moeilik wees."

„Nie moeiliker as wat die lewe hiér vir hom sou gewees het nie," antwoord George, en besef te laat dat die opmerking takloos is.

„Ek weet nie," sê Hattingh. „Soms dink ek dat die verlange swaarder moet wees as enige onreg of beproewing. As jy swaar kry, kan jy jou nog altyd daarvan oortuig dat jy iets kan doen om jou lot te verbeter, maar wat maak mens met jou gevoelens? En heimwee, ja – hierdie land is deel van ons, hoe kan mens daarsonder lewe?"

In die kaggel val 'n stomp, en hulle kyk in stilte na die vonke wat omhoog skiet.

„Ek weet nie van my vader nie," sê George, „maar my moeder het baie verlang." Hy onthou die kerk, die onbekende jong dominee wat van êrens anders gekom het om die diens te lei, en hoe sy moeder langs hom gesit het met die sluier voor haar gesig, 'n sakdoek opgefrommel in haar hand. Ná die diens en die teraardebestelling het sy met dieselfde onbewoënheid langs hom gestaan terwyl die rouklaers kom om hulle 'n hand te gee en 'n paar woorde te sê. „Werklik 'n verlies. . . 'n Wonderlike intellek. . . 'n Uiters begaafde man . . . een van ons beste mense . . . 'n groot verlies. . ." Ná al die jare wat sy as diplomaatsvrou deurgebring het, het sy geweet hoe om daar te staan en 'n hand te gee, om name en gesigte te onthou en beleefde woorde met beleefde woorde te beantwoord sonder om iets te toon van wat sy werklik voel. Baie van die mense was vir hom onbekend, maar sy het hulle almal nog onthou, en tydens die rit terug stad toe het sy hulle name vir hom opgenoem, die ministers, generaals, ambassadeurs, rektors, senatore; die mans in uniforms of donker pakke, die vroue in stemmige oordadigheid. Was dit maar om die stilte van haar af te weer dat sy bly praat het? Hulle het anders nooit veel met mekaar gepraat nie, en daar was selde oomblikke van intimiteit tussen hulle gewees.

„My moeder het baie verlang," sê hy, en kyk na die dwarrelende vonke. Die wielbande het oor die nat asfalt gesuis, November, 'n dag van fyn, mistige reën, met dennebome wat swart uitstaan teen die grouheid. Daar het woonstelgeboue verbygegaan, glansende vensterglas, skuttings met advertensies, los woorde wat sy oog vang terwyl hy uitkyk en luister na daardie selfbeheersde stem van 'n diplomaatsvrou wat 'n gesprek aan die gang hou. „Hy het by ons in die distrik geboer," sê sy; „jy sal nie meer onthou nie, maar Heuningkloof was 'n mooi ou plaas. Die laaste keer dat ons vir jou oupa-hulle gaan kuier het, het ek eendag met Ouma soontoe gery om vir Liesbet te besoek – sy was Klasie se skoonsuster, Herman se vrou. Sy was siek, sy was altyd siek, solank ek haar geken het. . . Ons het jou saamgeneem, met klein Mieta om jou op te pas, en jy het vir haar weggehardloop en gaan wegkruip tussen die kweperbome by die dam."

Hy hoor haar stem bo die geruis van die bande en sien die verkeerskonstabel wat hulle aanwink, vrouens met kopdoeke, en los, onsamehangende woorde: *Épicerie. Cinzano. Chantier, interdit.* . . Hy onthou die nie meer nie, die middag òf die kweperbome.

Toe het hy omgedraai en na sy moeder gekyk, regop langs hom in die roukar met die sluier nog voor haar gesig, en hy het haar met 'n ongekende duidelikheid gesien. Vir hom was sy altyd 'n vreemdeling gewees, 'n figuur op 'n afstand, besig om Frans of Engels te praat met besoekers of om aan te trek vir een of ander eetmaal of onthaal, terwyl hy self noodgedwonge buite die gang van haar te vol en te besige lewe gelaat is, oorgelewer aan die sorg van duur kindermeisies en die mees eksklusiewe kosskole. Hulle kontak was toevallig, hul gesprekke oppervlakkig, die geneentheid tussen hulle skaars meer as 'n formaliteit, maar hy het hierdie dinge altyd as vanselfsprekend aanvaar, sonder om daaroor na te dink. Nou toe hy omdraai in die roukar en na haar kyk in die middel van 'n sin, 'n woord, in die middel van die verhaal wat sy vertel, het hy haar egter gesien asof dit vir die eerste keer was: 'n middeljarige vrou wat in 'n ander land grootgeword het en as balling in die vreemde lewe, iemand wie se assosiasies en herinnerings hy nie deel nie en met wie hy nouliks nog iets gemeen het. Hierdie skakels met die verlede, hierdie bejaarde generaals en volksraadslede, is haar werklikheid, het hy gedink, en toe het hy besef hoeveel sy vader se dood vir haar moet beteken en hoe groot die vereensaming is wat dit vir haar impliseer, alleen agtergelaat in die vreemde met die helfte van

haar lewe verlore; en hy het sy hand op hare gesit en sy het dit gedruk en haar kop gebuig en begin huil.

Die vonke vlieg werwelend op en verdwyn in die donker van die skoorsteen. „Ek kan dit glo," sê mevrou Hattingh. „En om dan so alleen gelaat te word – jy was natuurlik nog daar, maar jou vader se dood was tog seker 'n groot verlies gewees. Sy het ook nie 'n maklike lewe gehad nie. . ." Sy swyg en aarsel, onwillig om verder uit te vra.

„Sy het gelukkig nooit probleme gehad met geld nie," sê George. „My vader het voorsiening vir haar gemaak. Sy het 'n huis gehad, 'n vaste inkomste. . ."

„Ek kan my nie voorstel dat Anna ooit tot rus sou kan kom in die vreemde nie," sê Hattingh. „Ek het haar goed geken toe ons kinders was – ja, dis nou lank gelede, maar mens verander tog nie soveel nie."

George wag op wat hy nog sal sê, maar hy voeg niks by sy woorde nie. „Sy het 'n sterk persoonlikheid gehad," sê hy dan. „Sy was altyd besig met iets, sy moes altyd mense om haar hê. . ."

„Ja, Anna was altyd die voorbok, dit was altyd sy wat die leiding neem wanneer ons saam speel, en selfs óns seuns het na haar geluister." Hy het begin om sy pyp te stop, nadenkend besig terwyl hy praat. „Ek onthou nog hoe sy eenkeer van die windpomp geval het op Rietvlei, sy was toe seker so 'n nege, tien jaar oud. Na regte moes sy dood gewees het, maar sy't net 'n paar kneusplekke gehad." Hy lag by die herinnering.

„En later," vra George, „toe sy ouer word?"

„Ag, wanneer jy ouer word, verloor jy dikwels kontak met mekaar. Ek is weg kosskool toe en Anna is weg, en later het sy gaan studeer, ons het mekaar net nog in die vakansies gesien. Sy was 'n mooi meisie, aantreklik. . ." Hy buk om in die vuur 'n takkie vir sy pyp aan te steek en praat nie verder nie.

„Het jy by haar gewoon?" vra mevrou Hattingh vredig, haar hande gevoue.

„Ek het in die stad gebly, in Genève; ek werk daar. My vader het al jare gelede vir hulle 'n huis aan die ander kant van die meer gekoop, en ná sy dood het sy daar bly woon."

„Dit was seker maar eensaam vir haar."

„Sy wou nie die huis verkoop nie, alhoewel dit eintlik te groot vir haar was, en dit staan ook nogal afgesonder. Sy het 'n goeie huishoudster gehad, maar dit het moeilik geword toe sy siek word. Ons

moes 'n verpleegster vir haar kry, en hulle kon die dokter nie altyd betyds bereik nie. . .”

„Dit moet swaar gewees het,” sê mevrou Hattingh en staar in die vuur. Dit beteken vir haar niks nie, dink hy, en sy vra hom ook niks meer nie. Die vrae wat in hierdie huis aan hom gestel is, het almal oor bekende mense gegaan, oor dinge wat aansluit by die bekende en vertroude, en dié skraal, middeljarige invalide op die rooskleurige diwan met haar Franse tydskrifte en Engelse romans bied geen aanknopingspunte meer nie. In hierdie stilte waarin net die geknetter van die vuur nog hoorbaar is, is dit moontlik om die gesprek in 'n nuwe rigting te stuur en 'n ander onderwerp aan te roer, maar hy wil oor sy moeder praat en hoor wat hulle hom nog oor haar kan vertel.

„Sy het stiller gelewe nadat my vader dood is,” sê hy. „Dit was natuurlik nie meer nodig om soveel te onthaal nie, baie van hulle gaste was eintlik sy sakevriende gewees. En dit was ook nie so lank ná sy dood dat sy siek geword het nie.” Hulle luister egter nouliks, hulle reageer nie. „Sy het 'n paar keer na Londen of Parys gegaan,” sê hy; „sy het belanggestel in opera en ballet. Eenkeer het sy nog met vakansie gegaan, na die Italiaanse mere, maar sy het daar siek geword en sy moes ná 'n week al terugkom. Sy het met 'n vriendin gegaan,” voeg hy by in 'n laaste poging om hulle aandag te trek. „Mevrou Minnaar; haar man was vroeër militêre attaché. . .”

Dit is tevergeefs: in 'n halwe kring sit hulle na die vlamme en kyk asof hulle van sy aanwesigheid vergeet het. Sy stem sterf weg en hy kyk na hulle roerlose gesigte in die vuurlig, laat sy oë van die een na die ander gaan, en sien dan dat die meisie, wat in die kombuis agtergebly het, ongemerk binnegekom het en agter die ander na hom staan en kyk. Hy kan haar nog net uitmaak in die skadu aan die rand van die groep, en wonder wanneer sy gekom het en hoe lank sy reeds so na hom luister.

Dan gaap die oudste seun en rek hom uit. „Ek gaan slaap,” sê hy. „Ek is vaak.”

„Wat is jy dan so ongesellig?” vermaan mevrou Hattingh hom.

„Ek moet môre dieselfde tyd opstaan as altyd, daar is baie werk.”

„Ons moet die aartappels in vat koöperasie toe,” sê Hattingh.

„Tog nie môre al nie.”

„Môre of oormôre. Ons kan nie tot aanstaande week daarmee wag nie.”

Johannes skuif sy stoel ook terug. Die drie seuns het geen deel aan

die gesprek geneem nie, net 'n bietjie onder mekaar gepraat, maar wanneer hulle opstaan, word die groep nogtans opgebreek.

„Ja," sê mevrou Hattingh, „dis seker tyd om te gaan slaap," en sy sug, maar staan nie op nie.

„Is dit nog altyd jou plan om môre Rietvlei toe te ry?" vra Hattingh vir George.

„As u vir my sal verduidelik hoe om daar te kom."

„O, dis nie so moeilik nie, maar dit lyk vir my nouliks die moeite werd om die hele ent soontoe te gaan. Daar's skaars nog 'n murasie oor, die geboue is heeltemal vernietig."

„Deur wie?" vra hy.

„Dit is al jare lank verwaarloos, geen mens kom ooit daar naby nie; die hele plaas het verwilder. Julle het te lank op julle laat wag."

„Daar moet tog 'n oppasser wees," sê George. „Hulle het ons laat weet dat daar 'n oppasser is – my ouers het gereeld geld gestuur. . ."

Hattingh lag. „Iemand het julle lekker verneuk. Hulle geniet dit, hulle's maar net te bly as hulle iets uit ons uit kan kry. Jy moet op jou hoede wees in hierdie land, sê ek vir jou."

Mevrou Hattingh het al opgekyk toe hulle oor Rietvlei begin praat. „My man sê ek sou miskien kan saamry Moedersgift toe," sê sy.

„Ja natuurlik, Mevrou."

„Ek was maande laas by tant Miemie, en dis nie uit jou pad uit nie, jy moet tog daar verbyry."

„Ek sien jou in elk geval nog môre-oggend," sê Hattingh.

Hulle het nou almal opgestaan. Stoele word reggestoot, Hattingh klop sy pyp uit, die meisie is besig om hulle leë glase bymekaar te maak.

„Het jy genoeg komberse?" vra mevrou Hattingh vir George.

„Ja dankie, Mevrou." Sy het hom reeds dié vraag gevra.

„Ek kan vir jou nóg uithaal as jy wil. Die aande is al koud. . ." Sy trek haar trui stywer om haar terwyl sy met hom saam die gang af stap na sy kamer, so vertroud met die huis dat sy die donker nie eers merk nie, alhoewel hy met sy hand na die muur moet voel. „Ja, tant Miemie sal my ook nooit vergewe as ek jou nie daar langs bring nie: Moedersgift grens aan Rietvlei, sy en jou grootouers was bure, sy ken jou familie al jare lank. Laas toe ek daar was, het sy nog oor jou moeder gepraat." Hy struikel en steek sy hand uit om nie te val nie, maar sy het reeds die deur van sy kamer bereik en skakel die lig aan. „Sy is nog 'n wonderlike vrou vir haar leeftyd, en dit ná alles wat sy deurgemaak het. Haar

man was Senator in die ou dae," voeg sy ingedagte by en kyk vinnig rond om vas te stel of alles in die kamer in orde is: die ouderwetse ledekant, die wastafel met gekraakte marmerblad, die goedkoop klerekas met die deur wat nie behoorlik sluit nie en die geblomde gordyne. „Jy moet sê as daar iets is wat jy nodig het, George," sê sy. „Ek kan maar vir jou op jou naam noem, nie waar nie? Jy is mos nie 'n vreemdeling nie. Wel te ruste, George."

Die aand is inderdaad koel, en hierdie onverwarmde, ongebruikte kamer voel klam. Hy moes vanoggend reeds Rietvlei toe gery het, dink hy ongeduldig terwyl hy hom begin uittrek, en hierdie plek verlaat het. In 'n hotel sou hy gemakliker wees as in hierdie huis, en met hotelpersoneel nie minder vreemd as met hierdie mense nie. Maar waarheen sou hy ook gaan? Hy skakel die lig af en klim in die bed.

Dit is 'n droom wat gereeld terugkeer, die besonderhede daarvan altyd dieselfde, al wissel die manier waarop hy dit belewe. Is dit herinnering of versinsel, hierdie teer, kleurlose landskap met sy drywende lig, is hierdie kus deur sy verbeelding geskape of is dit die Noordseestrand van een of ander jeugvakansie jare gelede? Hy weet nie, en hy kan ook nie meer sy ouers vra of die plek werklik bestaan het nie. Daar is net elke keer weer dieselfde breë, verlate strand waaroor hy wegloop, onder dieselfde hoë hemel, na dieselfde wye see. Hy draai om en sien ver agter hom mense op die strand, figure wat byna onherkenbaar geword het in die verte, en dan stap hy verder, hardloop verder, tot waar die see uitspoel oor sy voete. Die gedreun van die golwe is in sy ore, die geluid van die wind, die geroep van die vroue agter hom, maar wanneer hy omdraai om terug te keer, kan hy hulle nie meer sien nie. Waar het hulle heen gegaan, agter die lae lyn van die duine, uit die gesig in die verte, opgelos in hierdie helder, kleurlose lig? Hy stap terug en laat die see agter hom, hardloop terug, struikel teen die sagte sand van die duine, en vind hulle nie.

Dit is mevrou Hattingh wat hom kom wakker maak. „Ek het gedink ek bring jou maar 'n koppie koffie in die bed," sê sy. „Dis ongelukkig weer 'n triestige oggend."

Waar hy in die bed bly lê, hoor hy 'n deur toeslaan, 'n stem êrens langs die gang af, gedemp en onherkenbaar, en die wind, wat die gordyne effens laat beweeg, alhoewel die venster toe is. As kind moes hy ook so in die bed gelê het, half wakker en half aan die slaap, en geluister het na stemme wat dieselfde taal praat, in soortgelyke huise, in hierdie selfde land, maar hy kan dit nie meer onthou nie. Sy jeug is vergete, sy ouers is dood; hy is hier slegs op besoek.

Mevrou Hattingh het 'n geblomde rok aangetrek, duidelik haar beste rok, oorblyfsel van 'n ander wêreld en 'n ander mode, en sy neurie by haarself terwyl sy George se ontbyt vir hom klaarmaak. „Ek het gedink miskien kan Carla met ons saamry," stel sy 'n bietjie onseker voor, alhoewel daar nog niks oor Rietvlei of Moedersgift gesê is nie.

„Ja natuurlik, mevrou," sê hy, en neem aan dat sy die meisie met die kortgenipte hare bedoel wat hom gisteraand in die vuurlig aangestaar het.

Die ander lede van die gesin het blykbaar al geëet en die huis verlaat, en hy is self ook byna klaar wanneer hy buite 'n motor hoor en Hattingh binne kom.

„So, George," groet hy, „het jy goed geslaap? Ek wens ek was jy – ek is al van voor dagbreek op."

Mevrou Hattingh kom vir hom koffie skink. „George sê Carla kan saamry, Pappie," sê sy. „Ek dink dis 'n goeie plan as sy saam kom om vir tant Miemie te kuier."

„Ja, dis gaaf," sê haar man. Dan kom die meisie self binne en gaan aan die ander end van die tafel sit.

„George sê jy kan met ons saamry Moedersgift toe," deel mevrou Hattingh haar mee terwyl sy koffie inskink, maar sy is blykbaar onseker oor die reaksie wat sy op die mededeling sal kry. Die meisie kyk vir 'n oomblik na George, half verontwaardig en half verwytend, en dan na Hattingh.

„Ek moet in die groentetuin werk," sê sy.

„Dis nie so dringend nie. Dis beter dat jy met jou ma saamgaan."

Sy swyg en staar fronsend na die koppie voor haar. Ná 'n tydjie kom Johannes ook binne, en dan die oudste broer, wat albei vir George knik sonder om iets te sê en by die meisie gaan sit. Mevrou Hattingh gaan haal weer die koffiepot.

„As my vrou-hulle saamry, hoef ek seker nie vir jou te beduie hoe om by Moedersgift te kom nie," sê Hattingh vir George, „en dis maklik genoeg om daarvandaan by Rietvlei te kom. Ek hoop dat dit jou nie sal teleurstel nie. Maar soos ek vir jou sê, as ek jy was, sou ek nie eers die moeite doen om soontoe te gaan nie." Hy drink sy koffie, neem sy hoed en gaan weer uit.

„Wie ry dan almal Moedersgift toe?" vra Johannes.

„Net ek en Carla," sê mevrou Hattingh.

„Hoekom het jy nou weer daaroor begin dat ek moet saamgaan?"

val die meisie haar moeder in 'n lae, vinnige stem by, asof sy net gewag het op haar vader se vertrek.

„Jy kan tog nie dag in, dag uit hier op die plaas bly nie."

„Hoekom nie?"

„Kyk hoe lyk jou hande," sê haar moeder heftig.

„Hoe moet hulle anders lyk? Daar's tog werk wat gedoen moet word. Wat moet ek gaan soek by ou tant Miemie-hulle? Ek wil nie sit en koffie drink en luister na al haar klagtes nie."

„Jy moet ook 'n slag uitkom onder die mense. Toe ek so oud was soos jy. . ."

„Dis heeltemal 'n ander saak," onderbreek die meisie haar.

„In elk geval, jou vader het gesê dat jy kan saamkom – dat jy móét saamkom," verbeter sy. „Ek weet nie wat George van al jou teëstribbel sal dink nie, nadat hy gesê het dat jy mag saamry." Hulle woordewisseling is egter in sulke lae stemme gevoer dat hy dit nouliks kon volg.

„Wie ry saam met ma?" vra Paultjie, wat juis binnegekom het.

„Carla," sê mevrou Hattingh ingedagte, en sit vir hom 'n koppie reg.

„Kyk hoe begin hy nou tjank," sê Johannes.

„Hoekom mag Carla saamgaan?" vra Paultjie veronreg.

„Omdat jou vader so gesê het."

„En hoekom kan ek nie ook gaan nie? Ek wil ook Moedersgift toe gaan."

„Wat het ek gesê?" vra Johannes.

„Hoekom kan Paultjie nie liewer gaan nie?" vra Carla. „As daar iemand is wat werklik lus voel om vir ou tant Miemie te gaan kuier. . ."

„Watter lus om vir tant Miemie te gaan kuier?" vra Johannes. „Hy weet nie eers waarom hy wil gaan nie, hy kan net nie verdra dat iemand anders iets doen wat hy nie mag doen nie."

„Sal jy nou 'n slag jou bek hou?" vra Paultjie.

„En Carla kan weer nooit verdra dat iemand vir haar sê wat sy moet doen nie," gaan Johannes onverstoord verder, glimlaggend met sy elmboë op die tafel. „Dan raak sy dadelik steeks, het ma dit dan nooit agtergekom nie? Sê liewer vir haar sy mag nie Moedersgift toe gaan nie, dan sal sy voetslaan in die pad net om vir tant Miemie te gaan kuier."

„Kry nou end, man," sê Carla ongeduldig.

„Paultjie wil vir Bettie gaan kuier!" roep die oudste broer skielik uit asof hy 'n ontdekking gedoen het, en Johannes lag.

„Carla, sal jy vir jou gaan klaarmaak?" sê mevrou Hattingh. „George sal seker netnou wil ry."

„Hy't al vir Mooi-Bettie laat weet hy kom," sê die oudste broer.

„Kyk, hy't vandag selfs sy hare gekam," val Johannes in.

„Los my uit!" sê Paultjie nors.

„Is dit vir Bettie, Mooi-Bettie Conradie? Of vir Fanie? Gaan jy gedigte lees met Fanie by die spruit?"

„Los hom uit, Johannes," sê Carla.

„Of wat is dit dan? Jy's die ene opgewondenheid sedert jy gister gehoor het dat daar gery gaan word."

„Johannes, dis nou genoeg," sê mevrou Hattingh, maar hy gaan aan, grynsend oor die tafel. Paultjie word rooi en lyk asof hy sy humeur gaan verloor, maar dit is Carla wat reageer en met 'n vinnige, onverwagte beweging die broodmes van die tafel opgryp en dit na Johannes slinger sodat dit trillend in die tafelblad voor hom vassteek. Hy spring op, maar mevrou Hattingh is al by hom en druk sy hoed in sy hande. „Nou's dit genoeg, nou gaan julle af lande toe, julle altwee," sê sy, uit-asem van opwinding, en stoot hom in die rigting van die deur met die ander broer wat laggend volg. „En jy, Carla, gaan maak jou klaar, nou dadelik. Ek wil geen woord meer van jou hoor nie."

Die meisie staan op en gaan uit, so bedaard asof daar niks gebeur het nie, en net Paultjie bly in die kombuis agter by George.

„Kan ek saamry Moedersgift toe?" vra hy.

„Ék het geen beswaar nie," sê George, en Paultjie glimlag vir hom, 'n vertroulike glimlag soos dié van 'n samesweerder, voordat hy ook uitgaan.

„Dié kinders van my tog, ek weet nie wat jy van hulle sal dink nie," sê mevrou Hattingh gejaagd en vergoeilikend, wil haar moue opstoot, onthou dan dat sy 'n goeie rok aan het, en neem haar voorskoot op waar sy dit oor die leuning van 'n stoel laat hang het. „Hulle lyk so rustig en besadig, maar maak hulle net kwaad, dan is hulle soos duiwels. Paultjie kan veral so gou kwaad word, daarom probeer hulle ook altyd sy siel uittrek. Hy kan heeltemal nie sy gevoelens verberg nie, hy's nog 'n blote kind." Met rukkerige bewegings maak sy die koppies bymekaar en vee die tafel skoon. „En Carla is ook maar moeilik. As klein meisie was sy al so opvlieënd; en koppig, o, niks kon haar ooit van besluit laat verander nie. Maar wat vir 'n lewe is dit vir 'n meisie so op die plaas?" vra sy met skielike verbittering. „Besig om hout te kap en sakke voer aan te dra soos die mans. Hoe kan mens so groot-

word?" Haar hande bewe nog terwyl sy die koppies wegdra, die vraag onbeantwoord.

Carla het nie ander klere aangetrek nie, maar kom in haar gewone kakiehemp en -broek na buite. Haar moeder wil iets daaroor sê, maar verander dan blykbaar van besluit en bly stil.

Die dag is betrokke en die sonlig val af en toe verstrooid oor die land. Die pad is ongelyk en modderig en op plekke toegegroei met onkruid, en aan weerskante strek daar slegs die vaal verlatenheid van die veld uit. Soms loop daar 'n tyd lank 'n verroeste doringdraad langs die pad, soms is dit moontlik om die oorblyfsels van lang verwaarloosde landerye tussen die verswelgende gras te herken of staan daar uitgegroeide bome bymekaar, oorblyfsels van vrugtebome tussen die doringstruike, maar dan hervat die veld sy gang.

„Dis Bothasdrift," merk mevrou op uit die stilte waar sy langs George sit voor in die kar, en hy sien die muur van uitgebeitelde klippe wat vroeër as ingang na die plaas gedien het, maar die hek ontbreek en in die opening is daar los klippe opgestapel om die toegang te versper. Mevrou Hattingh kyk nie daarna om nie, nòg voeg sy iets toe. „Hier moet jy links afdraai," sê sy, en hy loods die kar op 'n pad wat nog meer verwaarloos is as die eerste, waar lang gras teen die onderkant daarvan skuur.

„Is dit nog ver?" vra hy.

„Nog so 'n vyf kilometer," antwoord Carla agter hom.

„Laat ons maar hoop dat die kar nie gaan staan nie," sê hy. „Ek het geen gereedskap by my nie."

Waar hy langs sy suster sit, lag Paultjie saggies by homself. „Niemand het eers 'n geweer saamgebring nie," sê hy.

Mevrou Hattingh kyk om. „Wil jy vir my sê . . ." begin sy, maar hy onderbreek haar.

„Ek het gedink jy sal daarvoor sorg. Jy het mos hierdie hele kuiery georganiseer." Hy is klaarblyklik besig om haar te terg, en Carla kom tussenbeide.

„Ons het nouliks 'n geweer nodig as ons die entjie Moedersgift toe ry, Mammie, en dan nog helder oordag."

„Waarom sou ons 'n geweer nodig hê?" vra George.

Carla kyk weer na buite, haar kop weggedraai. „Dis veiliger, maar dis nie nódig nie."

Mevrou Hattingh is nie gerusgestel nie. „Ja, julle kan maklik praat,"

verwyt sy. „As julle alles meegemaak het wat ék meegemaak het. . .” Niemand gaan egter daarop in nie, en sy word stil.

Langs hierdie pad het hy al eerder gery, dink George by homself, saam met sy grootvader. „Jy wou oral met Oupa saamry waar hy gaan,” het sy moeder hom eenmaal vertel; „as hy dorp toe gaan met die bakkie, het jy langs hom gesit.” As sy dit nie vertel het, sou hy dit nooit geweet het nie; hy het haar woorde aangehoor en weer vergeet, en nou eers word hy daaraan herinner waar hy langs dieselfde pad terugkeer na dieselfde huis.

„Dáár is Moedersgift,” sê mevrou Hattingh.

Waar die veld voor hulle wegstrek, sien hy in die verte die eerste tekens van menslike lewe: 'n paar vaal geboutjies, die groen van 'n groentetuin, 'n windpomp, en yl, verspreide bome, wat bloekoms word namate hulle nader en ook ander details kan uitmaak: 'n dammetjie, die blomtuin voor die huis, 'n kalf wat aan 'n paal vasgemaak is, 'n omgekeerde badkuip teen 'n muur, en gesigte van kinders voor die vensters, wat vinnig weer verdwyn. Daar kom egter geen mense te voorskyn nie, en wanneer hy voor die huis stilgehou en die motor afgeskakel het, is daar slegs weer die stilte wat soos die wind na hulle aanwaai.

Hy sien blomme teen 'n grys muur, 'n breë stoep, en 'n voordeur wat oop staan om die halfdonker van 'n gang te toon. In die kar beweeg niemand nie.

„Die polisie wag ons in,” sê Paultjie. „Hulle het die huis beset, en wanneer ons uit die kar uitklim, gaan hulle losbrand uit tant Miemie se slaapkamer.”

Mevrou Hattingh draai om met 'n berispende opmerking op haar lippe wanneer hulle 'n stem hoor, die skel stem van 'n vrou in die verte. George kyk, maar kan niemand sien nie, die tuin en die stoep nog verlate terwyl die yl, onvermoeide woordstroom langsaam nader. Dan merk hy dat daar iemand uit die donker van die huis na hulle toe kom en geleidelik al pratend te voorskyn tree op die drumpel, 'n skraal ou vrou in 'n vormlose grys rok, haar sprietige hare kortgesny, wat sentimetersgewys voortskuifel met behulp van twee kieries terwyl sy praat sonder om asem te skep.

„En julle sit maar daar in die kar en julle kyk vir my asof dit elke dag se ding is dat julle Moedersgift toe ry,” kom sy hulle tegemoet. „O, julle is vabonde, vabonde! En jy is die ergste van almal. . .” Met verbasing besef George dat dit hy is wat sy aanspreek. „Jy wat my so laat skrik met jou vreemde kar hier in die pad. Ek ken al die karre wat hier

in die omtrek nog te kenne is, al die karre en bakkies, en jóúne ken ek nie. Wat soek 'n vreemdeling hier op pad Moedersgift toe as dit geen kwaad is nie? Hoe moes ek weet wie jy almal by jou het?"

Sy praat sonder om na hom te kyk, byna sonder dat sy van hom bewus is, en sonder verwyt of skerpheid in haar stem. Hulle het uitgeklim en mevrou Hattingh het haar reeds bereik waar sy skuifelend oor die stoep aankom. „Laat ek vir tant Miemie vertel wie dit is," sê sy, maar die ou vrou maak 'n ongeduldige gebaar.

„Jy sal wel reg wees, anders sal Mart-hulle nie met jou rondry nie."

„Dis Anna Neethling se seun, tant Miemie, oom George en tant Lottie se kleinseun, van Rietvlei, onthou tant Miemie nog?" Opgewonde bly sy op 'n reaksie wag.

Die ou vrou trek vir 'n oomblik in haarself terug om oor hierdie feit te beraadslaag, en dan kyk sy hom aan, van ver weg, oor 'n groot, onsigbare afstand, met oë op skrefies om hom te probeer herken.

„So," sê sy sonder goedkeuring. „Ons het lank laas een van die Neethlings hier by ons op besoek gehad."

„Hy is nie self 'n Neethling nie, tant Miemie. Hy is Anna se seun. Maar sy naam is ook George."

„Ek het laasnaag nog van George Neethling gedroom," sê tant Miemie. „Hy het in sy doodkis gelê met 'n wit mus op." Dan draai sy van hom weg na die vertroude gesigte. „My land, Carla, maar jy word groot. Ek het jou lank laas gesien. En Paultjie, jy's ook al so 'n uitgegroeide kêrel. Wat makeer Hennie dan, Mart, hoekom het hy nie saamgekom nie?"

Sy het haar weer begin omdraai na die huis, stadig en moeisaam met behulp van die twee stokke, terwyl sy vrae stel en verder praat sonder om op 'n antwoord te wag. Mevrou Hattingh probeer nog om tussenin iets te sê, maar sy kry dit nie reg nie, en sy kan net saamstap, haar arm half om die ou vrou, terwyl die lang skuifeltog hervat word terug na binne.

Met Carla en Paultjie bly George op die stoep wag: dit het nouliks sin om saam te stap, voetjie vir voetjie oor die drumpel in die skemerdonker van die huis, en hulle aarsel totdat tant Miemie self haar monoloog onderbreek om na hulle terug te roep dat hulle moet binnekom.

Dit is so donker in die huis dat hy vir 'n oomblik niks kan sien wanneer hy dit betree nie en net bewus is van die kilheid en die klamheid wat op hom neerval, gemeng met die sterk geur van politoer. Slegs geleidelik word die dowwe geglim van linoleum en meubelstukke sig-

baar terwyl hy die twee vroue langs die gang af volg. In al die kamers waar hulle langs kom, is die gordyne toegetrek, en dít is wat die huis so donker maak, nog donkerder as wat dit anders sou wees agter die breë stoep op hierdie betrokke dag.

Êrens in die huis is daar die geluid van 'n deur wat toeklap en van voetstappe, die geklik van 'n vrou se hoë hakke oor die linoleum van die gang. „Dit spyt my, Tannie," hoor hy iemand uit-asem sê, „ons was besig met die kinders, ek kon nie eerder kom nie. Tannie Mart, ek het nooit verwag. . ."

„Gaan maak die sitkamer aan die kant," onderbreek tant Miemie, en die hakke trek hulle weer terug sonder dat George die vrou self in die halfdonker kon sien. Hy hoor hoe daar gordyne oopgetrek en stoele reggestoot word, en tant Miemie sit haar tog voort terwyl mevrou Hattingh luister en knik en met halwe woorde tussenin reageer.

Dit is 'n jong vrou wie se stem hy in die gang gehoor het, sien hy wanneer hulle uiteindelik die sitkamer bereik waar sy met gevoue hande op hulle staan en wag: 'n gesette meisie van vroeg in die twintig, met 'n breë, ernstige gesig sonder grimering, haar hare opgedraai in 'n massa stywe krulletjies. Krul haar hare vanself so, wonder hy, of is hierdie kapsel haar enigste uiting van ydelheid? en besef dan dat hy haar aanstaar terwyl sy en mevrou Hattingh vir tant Miemie help om al pratend op 'n stoel neer te sak. „George," sê mevrou Hattingh, „dit is Bettie Conradie wat hier skoolhou," en sy begin verduidelik wie hy is. Die meisie se glimlag en haar verwelkomende gebaar is vinnig en gretig, asof dit is waarvoor sy gekom het en waarop sy nou staan en wag, en haar hand bly klam in syne rus terwyl sy na mevrou Hattingh se uiteensetting luister.

„Van Switserland?" vra sy. „O, maar dit moet wonderlik wees! Jy moet met die kinders kom gesels, hulle het al dikwels. . ."

„Bettie, hoe lyk dit met koffie?" onderbreek tant Miemie haar, en die meisie verdwyn met klikkende hakke. Al die vloere in die huis is blykbaar met dieselfde glimmende linoleum bedek, en hulle kan hoor hoe sy in 'n ander kamer rondbeweeg terwyl hulle gaan sit op die stoele wat in 'n halwe kring rondom tant Miemie se ongemaklike leunstoel opgestel is, sodat die ou vrou die middelpunt van die groep bly. Vir 'n oomblik is sy stil en haar oë rus weer op George.

„George Neethling se seun, nè?" vra sy.

„Kleinseun, tant Miemie."

„Ek sou geweet het jy's 'n Neethling, selfs al het niemand vir my so gesê nie; jy lyk soos hulle. Maar nie baie nie."

„Onthou tant Miemie nog vir Anna?" vra mevrou Hattingh waar sy langs die ou vrou sit.

„Anna Neethling het voor my oë grootgeword, hoe sal ek haar dan nie onthou nie?"

„Sy is 'n paar maande gelede oorlede," sê George.

„Die tyd gaan gou," merk sy onverstoord op. „Dis al amper twintig jaar gelede dat my man dood is. Jy moet Kosie wees," voeg sy dan onverwag by.

„Kosie was Anna se broer, tant Miemie," sê mevrou Hattingh, „George se oom."

Dit duur 'n rukkie voordat dit tot haar deurdring. „En wat het van hom geword?"

„Hulle't hom weggeneem, tant Miemie. Hy's dood in die tronk."

Is dit dus wat daar met oom Kosie gebeur het? dink George; oom Kosie wat onverklaarbaar verdwyn het, die laggende jong man van die foto-albums. Tant Miemie oorweeg die inligting en verwerp dit.

„Sê vir my, Mart," begin sy, „is julle hawer al gesaai?"

Dit word 'n gesprek tussen die twee vroue, wat net onderbreek word wanneer die meisie terugkom met koffie en beskuit. Die beskuit is hard en droog en die koppies is net half vol gegooi; swygend drink hulle terwyl tant Miemie en mevrou Hattingh verder gesels oor die plaas en oor bekendes.

Dit is kil hier in die sitkamer, en benoud, want die vensters is toe. Geen wonder dat die geur van politoer die huis vul nie, dink hy, want elke vlak wat moontlik gevrywe kan word, blink soos 'n spieël, en vloer en meubelstukke weerkaats helder die lig. Niks versteur daardie volmaakte glans nie, en niks onderbreek die matematiese presiesheid waarmee die kamer ingerig is nie, die stoele op afgemete afstande van mekaar, die buffet in die middel van die muur, en die prent van die Voortrekkers presies in die middel daarbo. Hy kyk na die felgekleurde bergpieke, onderbaadjies en kappies wat die enigste helderheid in die kamer uitmaak, en na die portrette van eerste ministers, generaals en staatspresidente wat die verdere kaalheid van die mure met gereelde tussenpose onderbreek. Hulle is almal dood, sommige in kransbelaaide kiste grafwaarts gedra soos sy vader, andere weer op vae en geheimsinnige maniere oorlede soos oom Kosie, maar die dood verenig hulle in

heerlikheid, kil en verstikkend soos hierdie ongebruikte kamer. Bettie het haar teruggetrek nadat sy hulle koffie aangebied het, en wanneer hy rondkyk, sien hy dat Carla ook nie meer hier is nie. Sy het naby die deur gesit, en geluidloos en ongemerk van haar plek verdwyn; net Paultjie sit nog verveeld aan die ander kant van die kamer met sy bene voor hom uitgestrek en probeer nie eers voorgee dat hy na die vroue se gesprek luister nie. Dit is ook skaars nodig, want tant Miemie het van hulle vergeet waar sy oor haar geweekte beskuit sit en slobber en mevrou Hattingh telkens met 'n nuwe woordestroom in die rede val. Ywerig, woedend byna, knik sy, en die koppie wat sy vashou, dans op die piering. „Ja, ja," beaam sy gretig, „met my is dit net so, ek sit heeldag hier, ek moet hier sit, wat kan ek anders doen, en ek moet ander mense in my huis laat werskaf, ander mense in my kombuis. . ."

Die twee vroue sit met hulle koppe bymekaar en hoor nie eers wanneer daar teen die venster getik word nie; dit is net George wat opkyk en sien dat Carla in die tuin staan en vir hom wink. Selfs wanneer hy opstaan, merk die vroue niks nie, nòg word hulle gesprek onderbreek, en net Paultjie kyk hom vraend aan terwyl hy die kamer verlaat.

Die lig van die herfsoggend is helder in sy oë ná die skemer van die huis, en hy staan vir 'n oomblik half verblind op die stoep voordat hy Carla sien wat tussen die blombeddings deur na hom toe kom. „Ek het gedink jy verveel jou waarskynlik daar binne," merk sy op.

„Sal tant Miemie nie omgee as ek so skielik verdwyn nie?" vra hy.

„Tant Miemie weet nouliks dat jy hier is. Sy kan nie meer nuwe dinge verwerk nie, selfs ek en Paultjie dring nog maar net tot haar deur. Mammie is die enigste een met wie sy praat."

„Sy moet ook baie oud wees."

„O, sy's glad nie so oud nie," sê sy sonder belangstelling. „Maar sedert die moeilikhede ly sy aan haar gesondheid, haar geheue is ook aangetas. . ." Sy stap weer weg deur die blomtuin, en hy aarsel voordat hy haar volg, onseker of sy sy geselskap verlang. Dit is die eerste keer dat sy met hom praat.

„Bly sy hier alleen?" vra hy.

„Die plaas sou tog nie só gelyk het as sy alleen gebly het nie," antwoord sy, 'n bietjie ongeduldig oor sy onnoselheid, en wys na die versorgde tuin en geskoffelde werf. „Bettie woon hier by haar, en Fanie Raubenheimer, en die kinders."

„Watter kinders?"

„Die kinders van die skool." Haar toon impliseer dat dit vanself-

sprekende dinge is wat hy behoort te weet, maar dan ontferm sy haar oor sy onkunde. „Daar's 'n skooltjie hier op die plaas, 'n soort kosskool, Bettie en Fanie hou hier skool, en mense stuur hulle kinders hierheen. Hulle loseer by tant Miemie en werk vir haar in die huis en op die land. Dit word dan deel van hulle opvoeding genoem."

„Is dit 'n goeie skool?" vra hy.

„Dis 'n vrot skool, maar dis óns s'n, en mense dink ook baie van tant Miemie omdat haar man Senator was in die ou dae – Mammie het jou seker al vertel. Dan gee hulle nie om dat hul kinders om vyfuur moet opstaan om nog eers 'n bietjie op die plaas te werk voordat die skool begin nie." Sy lag kortaf. „Jy moet maar net weet hoe."

Die onverwagte spot in haar woorde verras hom. „Waarom hou jy nie van haar nie?" vra hy.

„Ek het nooit gesê dat ek nie van haar hou nie. Ek wil net nie uitgesleep word om vir die ou vrou te sit en luister terwyl daar soveel werk by die huis is nie."

„Jy sê dit asof jy my verwyt. Dis tog nie my skuld dat jy moes kom nie."

„As jy nie hier was met jou kar nie, sou ons nooit gekom het nie. Dis die skool," sê sy dan, en wys na 'n kaal, vierkantige grys geboutjie op 'n afstand van die huis anderkant die doringdraad. Dit is waar hy met hulle aankoms die kinders voor die vensters gesien het, maar nou is daar niemand nie.

„Waar lê Rietvlei?" vra hy.

„Daar anderkant," sê sy, en beduie: die vlakheid van die veld, die betrokke lug, die stilte – daar is niks meer nie.

„Is dit ver?"

„Seker nog so 'n sewe, agt kilometer met die pad. Hoekom gaan jy nie soontoe as jy so graag wil nie?" voeg sy by wanneer hy nie reageer nie.

„En jou moeder?"

„Tant Miemie sal Mammie nog 'n paar uur hier hou, hulle sal jou nie mis nie. Sy sal in elk geval tog nie wil saamgaan nie. Daar's niks te sien op Rietvlei nie."

„Hoe kom mens daar?"

„Ry verder met die pad – jy sal dit seker nog kan uitmaak, maar dis baie verwaarloos. Dit gaan net Rietvlei toe, en dis jare gelede dat iemand dit laas gebruik het."

„Kom jy saam?"

„Jy wil liewer alleen gaan."

„Waarom dink jy so?"

„Ek weet nie, ek weet nie eers waarom jy soontoe wil gaan nie. Maar dis vir jou belangrik, dis een of ander private iets waarby niemand anders betrokke is nie."

„Kom saam," sê hy.

Sy wag nog 'n oomblik onbeslis, en dan stap sy met hom na die kar. Niemand kom na buite om hulle agterna te kyk wanneer hulle oor die werf wegry nie, en wanneer hulle by die hek uitdraai, is die vensters van huis en skool nog leeg.

Die pad is verwaarloos, soos Carla gesê het, die gang daarvan byna verlore in die lang gras van die veld, sodat hy stadig moet ry, en dit is sy wat aanwysings gee wanneer hy gevaar loop om daarvan af te dwaal.

„Was jy al eerder op Rietvlei?" vra hy.

„Lank gelede, toe ek klein was, met my pa, maar ek onthou niks meer daarvan nie. Solank as wat ek kan onthou, het die oumense op die dorp gebly."

Hy moet konsentreer op die pad met sy klippe en slaggate, en hulle praat nie meer nie. Daar is geen draad om ou landerye af te baken nie, geen oorblyfsels van boorde of huise. Het hy met sy grootvader hier gery in die bakkie, dink hy – 'n bruin gebrande man met helderblou oë; dít kan hy onthou, en sy pyp en sy tabaksak. „Die volk het altyd groot ontsag gehad vir jou oupa," het sy moeder vertel. Wat is daar nog, wat het die jare oorleef behalwe dit? Nou is selfs die pad soontoe byna toegegroei deur die onkruid.

„Ek glo nie ons kan verder ry nie," sê hy.

„Dit maak nie saak nie, die plaas is net hier agter die rant. Ons kan soontoe stap."

Hulle stap verder deur die lang gras; hy struikel oor klippe en takke haak aan sy klere was. Anderkant die rant hier voor hom lê die plaas dus, en hy voel hoe opwinding en 'n soort ontroering van hom besit neem. Wat verwag hy? Hy weet self nie, en is net bewus van die gevoel dat iets nou uiteindelik vir hom duidelik gaan word: dat die ongeformuleerde vrae beantwoord sal word en die onsamehangende dinge sal saamskuif in 'n herkenbare patroon, sy moeder se afgewende kop en haar hand willoos op die sprei, 'n stem wat hom laat opkyk en wonder van waar hy dit onthou, die geroep uit die verte, en die trae, eentonige slag van metaal in die groot stilte van 'n somermiddag jare gelede.

Hy volg Carla teen die geleidelike helling van die rant, en bly dan staan, sien die veld wat wegstrek, die leikleurige heuwels van die verte, die sonlig wat uitskyn van tussen die wolke, en 'n verlatenheid wat nêrens onderbreek word nie.

„Waar is dit?" vra hy.

„Dáár," sê sy, en stap reeds verder. „Ek het tog vir jou gesê daar is niks nie," roep sy na hom terug. „Pappie het al 'n paar keer vir jou gesê daar is niks nie."

Sy stap doelgerig, en wanneer hy haar volg, sien hy 'n paar bome, klippe, struike, doringbosse. Maar waar is die huis, die tuin, die stalle en skure?

„Kyk," sê Carla, „ons het vir jou gesê. Is jy nou tevrede?"

Hiér moes die geboue gewees het, besef hy, maar vind slegs reste van mure waar onkruid in die skeure tussen die klippe begin groei het, en die lyn van ou fondamente in die gras. Dit is weggewaai deur die wind, weggewas deur die reën, bedek deur die sand, daardie oorblyfsels van 'n antieke beskawing wat hy soek, en al wat daarvan oor is, is verspreide klippe, en vrugtebome wat jare laas gesnoei is.

Hy stap daar rond en kyk na die murasie. „Wat het daarmee gebeur?" vra hy.

„Die oumense is al jare gelede hier weg. Hulle kon nie meer die plaas behartig nie en hulle wou nie alleen hier bly nie, toe het hulle weggetrek dorp toe."

„Maar nie só lank gelede dat alles sommer so kon verdwyn nie."

Sy het eenkant op 'n hoop klippe gaan sit terwyl hy rondstap. „Hulle het die geboue opgeblaas," sê sy uiteindelik.

„Wie?" Sy antwoord nie, en hy gaan na haar toe. „Wie het dit opgeblaas?"

„Daar het soldate gekom om dit te doen," sê sy. „Hulle het alles wat hier was met dinamiet opgeblaas."

„Maar waarom?"

Dit duur 'n hele tyd voordat sy hom antwoord. „Hoekom vra jy so baie vrae?" wil sy dan weet. „Kon jy nie beter gebly het waar jy was nie? Hoekom het jy die hele ent hiernatoe gekom om vrae te vra en dinge uit te snuffel?"

„Dis tog my familie se plaas, ek het dit van my moeder geërf."

„Dis alles verby, dis oor, hoekom vergeet jy nie liewer daarvan nie? Laat die dooies hul dooies begrawe – dit staan in die Bybel, nie waar nie, of onthou ek dit verkeerd? Kom ons gaan terug Moedersgift toe."

Sy staan al op, maar hy beweeg nie, en dan kyk sy hom aan met ernstige oë, reguit in syne met 'n blik wat nie wyk nie. „Gee liewer pad," sê sy. „Jy hoort tog nie hier nie."

„Maar die plaas is myne."

„Verkoop dit, as jy iemand kan vind wat dit nog wil hê. Of los dit anders en vergeet daarvan. Laat die tarentale hier kom nes maak, laat die meerkatte en die dassies hier kom boer; gaan terug waar jy vandaan kom."

Hy stap van haar weg en vind tussen die gras 'n breë ry treetjies wat van nêrens af weglei na nêrens. Daar was 'n stoep, onthou hy, waar die daglig getemper is deur massas plante in potte en blikke, sy grootmoeder se plante, en sy het hulle versorg en toesig gehou oor die bediende wat hulle daagliks kom natgooi. Hy kyk op. Hoe weet hy dit, hoe weet hy hoe sy daar tussen die varings gestaan het, 'n boerevrou met grys hare, terwyl sy die bediende opdragte gee? Kan hy dit nog onthou, het sy moeder daaroor gepraat, of het daar êrens in 'n album foto's behoue gebly? Maar hoe is dit dan dat hy haar stem onthou, die geknip van die skêr waarmee sy dooie blare wegsny, en die geluid van koffiekoppies?

Daar was grasstoele wat in die hitte gekraak het, en mense het hier sit en gesels in die groen skemerigheid. Buite, anderkant die blareskerm, was die tuin helder in die felheid van die son. Jy het langs die treetjies afgegaan en die groot grasveld het voor jou uitgestrek, omsoom met blomme en struike waar daar altyd een of ander tuinjong besig was om onkruid uit te trek of emmers water aan te dra. Hoe is dit dat hy sy grootmoeder se stem ná al die jare nog onthou. „Sagarias!" het sy geroep. „Molefe!" Haar verdere woorde word onhoorbaar, net die klank van haar stem nog duidelik in sy geheue. Daar het kannas gestaan, dink hy, maar hy kan geen spoor daarvan tussen die onkruid terugvind nie.

„Daar was 'n dam gewees," sê Carla dan onverwags. „Hier anderkant."

„Ja," sê hy, en volg haar deur die lang gras sonder dat hy ten volle besef dat sy met hom gepraat het. Sy wys hom die oorblyfsels van 'n muurtjie, en die modderige grond waar water nog tussen klippe wegsypel. Daar was inderdaad 'n dammetjie waar hulle geswem het, die water vol dobberende, spartelende kinders, en iemand het 'n kiekie geneem. „Dis Elsie," het sy moeder gesê, „en Martin, en Annette, en dis van die bure se kinders – Nettie Prinsloo het daardie dag oorgery

van Bothasdrift om te kom kuier. En hier agter die dammuur staan klein Mieta. Sy't jou altyd opgepas wanneer ons plaas toe kom." Die groen van die tuin en die helderheid van blomme, die hitte, die spattende water en die opgewonde geroep van kinders, perskes in die boorde, vyebome met hul digte skadu, en die koelheid van die stoep waar die volwassenes sit en gesels terwyl hulle koffie drink.

„Wat makeer?" vra Carla.

„Daar is skielik soveel wat ek onthou."

„Jy was tog nog baie klein toe julle laas hier was," sê sy.

„Vier of vyf miskien, nie ouer nie."

„Kan jy dan werklik nog so baie onthou?"

„Miskien nie, miskien is dit net verbeelding, wensdenkery – ek weet nie." Hy kyk terug na die plek waar die tuin was, na die plek waar sy grootmoeder gestaan het, en sien die wydheid van die veld. „My moeder het my ook baie dinge vertel. In die laaste maande voor haar dood het sy gedurig oor die plaas gepraat, altyd oor Rietvlei, byna nooit oor enige ander plek waar sy gewoon het nie."

„Sy het ook hier grootgeword."

„Ek het gedink dat ek nog iets sou kan terugvind. Ek het nie verwag dat dit alles sou verdwyn het nie."

„Daar het so baie verdwyn," sê sy. „My ouers het ook amper alles verloor."

„Maar wat het daarvan geword? Dit was 'n groot huis, hulle het erfstukke besit, waardevolle dinge. . ."

„Ek weet nie. Toe ek hulle geken het, het hulle al op die dorp gebly, in 'n kamer in iemand se agterplaas, en hulle het nie meer baie gehad nie." Dit interesseer haar nie, en dit is net om sy ontwil dat sy probeer om iets daarvan te onthou. „Dit was altyd so skoon, en die ou tannie het gewoonlik koekies in 'n blik gehad vir ons wanneer ons daar kom. Hulle was maar stil, die oumense."

„Hulle het seker baie swaar gekry."

„Nie meer en nie minder as enigiemand anders nie." Sy stap weer weg, maar gaan dan skielik staan. „Daar is nog rose," sê sy. „Hulle groei heeltemal wild."

Hy volg haar deur wat vroeër die tuin was: hy hoor die geritsel van 'n dier wat deur die gras vir hulle vlug, 'n akkedis flits weg op 'n klip. Iéts in hierdie wildernis het nog die herinnering aan blombeddings en paadjies behou te midde van die verswelgende onkruid, dink hy, en sien dan die onverwagte helderheid van die uitgeblomde rose.

Die roosblare dwarrel van die takke wanneer Carla hulle aanraak.

„Die ou tannie was glo bekend vir haar rose," sê sy ingedagte.

„My moeder was ook baie lief vir rose. Sy het altyd rose in die huis gehad." Teerose in die silwervaas voor die venster, rooi rose soos hierdie in die Sjinese vaas op die buffet, drywende rose in die kristalbak op die tafel. „Ouma was bekend gewees vir haar rose," het sy gesê. „Sy het 'n wonderlike slag met plante gehad, en natuurlik, ons het ons eie boorgat gehad op die plaas, water was geen probleem nie." Sy is besig om die blomme te rangskik terwyl sy praat en gaan 'n entjie agteruit om die rangskikking te beoordeel. Water syfer weg in die modderige grond; die laaste roosblare val van die takke.

„Dis al," sê Carla op 'n toon wat 'n einde maak aan die besoek, maar hy bly nog staan, onwillig om so gou reeds afskeid te neem. „Wat soek jy?" vra sy.

Hy lag. „Ek weet nie, ek voel eenvoudig dat daar meer moet wees as net dit. Dít is tog nie waaroor my moeder maande lank gedroom het nie, járe lank miskien; dít is tog nie waarvoor ek die hele ent hierheen gekom het nie. . ."

Sy lag ook saggies. „Julle met julle drome," sê sy, en haar stem is spottend.

„Dit was 'n mooi lewe."

„So mooi dat dit nie eers bestand was teen die werklikheid nie, die eerste rukwind het dit uitmekaar gewaai." Sy stoot die rankende takke van die roosbosse opsy en stap met lang treë weg.

„Jy weet niks daarvan nie," sê hy. „Jy het dit nooit geken nie."

„Ek weet nie hoe dit was nie en ek wíl ook nie weet nie. Ek is moeg vir al julle drome en herinnerings, ek wil nie in die verlede leef nie, ek wil nie kom treur oor 'n toegegroeide ou blomtuin nie. Daar is werk om te doen, die lewe moet aangaan. Ek wil huis toe gaan!"

Sy stap teen die hoogte uit waarlangs hulle gekom het, terug na die plek waar hy die kar gelaat het, maar hy bly agter en beweeg doelloos daar rond, buk om 'n handvol grassaad te pluk wat hy weer met die wind laat wegwaai, om 'n handvol grond op te tel wat hy fyn vrywe tussen sy vingers. Die wind is die enigste geluid in die stilte, en hy is alleen by die bouval. „Ek het Kosie eenkeer amper in die dammetjie laat verdrink," het sy moeder vertel, maar hy kan die besonderhede nie meer onthou nie. „Kosie het altyd gedoen wat ek hom ingee, hy was vir niks bang gewees nie, ek kon hom tot enigiets aanhits. Ek was

natuurlik ook ouer as hy." Sy het geglimlag. Dit was 'n reënerige herfsmiddag teen die einde van haar siekte: haar hand was maer waar dit op haar skoot lê, en die goue armband het te wyd geword. Sy het nie baie juwele besit nie, erfstukke en 'n paar moderne sierade wat sy vader vir haar gekoop het, maar aan hierdie armband was sy om een of ander rede geheg, en sy het dit gedra tot die laaste weke, toe dit te swaar word vir haar arm. „Ek het altyd liewer met seuns gespeel as met meisies," het sy bygevoeg. „Ek was 'n regte kwajong. Dit lyk nou so lank gelede. . ." Met die halwe glimlag wat nog nie weggesterf het van haar lippe nie, het sy in die kamer rondgekyk, en hy het gedink dat sy 'n boek of 'n sakdoek soek of wil kyk hoe laat dit is, tyd vir haar medisyne of vir die diensmeisie om die tee te bring.

Die akkedis het weer uitgekruip op die klip en sit waaksaam met flitsende oë. Hy moet gaan, dink hy, maar dit duur 'n hele tyd voordat hy stadig die rant uitklim, terug na die kar waar Carla op hom sit en wag.

Sy sit voor haar en uitkyk sonder om van hom notisie te neem, maar wanneer hy langs haar inklim en die motor wil aanskakel, praat sy vinnig.

„Dit spyt my as ek ongeskik was," sê sy, en gaan verder voordat hy kan reageer. „Mammie kla gedurig dat ek nie weet hoe om my te gedra nie, dat ek nie 'n jong dame is nie, en sy het seker gelyk. Mens kan hier ook nie eintlik leer om 'n dame te wees nie, nie só nie."

Die onhandigheid waarmee sy om verskoning vra, is 'n bietjie ontroerend. Sy lyk soos 'n seun in haar werkklere met haar kortgegeknipte hare en vasberade mond, 'n bietjie verleë jong seun wat nie goed raad met homself weet nie.

„Daar is niks waarvoor jy verskoning hoef te vra nie," sê hy.

„Jy is waarskynlik gewoond aan meer wellewendheid."

„Ek stel nie belang in wellewendheid nie, ek het gekom om die land te sien, om die mense te leer ken soos hulle is. . ."

„Jy is seker maar teleurgesteld, nè?"

„Wil jy 'n sigaret hê?" vra hy. Sy knik en neem een, en hy steek dit vir haar aan. „Dis vandag die eerste keer dat jy met my praat," sê hy. „Selfs ongeskiktheid is beter as stilswye."

Sy verkleur. „Jy leer om op jou hoede te wees. Jy kan nie sommer enigeen vertrou nie."

„Dan moet ek dankbaar wees dat jy my genoeg vertrou het om saam met my hierheen te kom."

„O," sê sy ongeduldig, „dis nie dáárdie soort vertroue waaroor ek praat nie."

„Sê vir my," vra hy dan, „as jy net op Rietvlei gekom het toe jy klein was, hoe weet jy van die rose en die dam?"

Sy is vir 'n lang tyd stil. „Ek het as kind met my vader hierheen gekom om te kuier toe daar nog mense gebly het. Maar later was ek nog 'n paar keer hier, toe die plaas al verlate was. Jy kan deur die veld hierheen stap van ons af."

Hy kyk na haar profiel, die hoë voorhoof, die reguit neus en sterk ken, en oorweeg haar woorde. „Jy vertrou my tog nie heeltemal nie," sê hy.

„Hoekom sê jy so?"

„Julle vertrou my geeneen nie. Daar is dinge waaroor julle nie voor my praat nie, dinge waarvan ek nie mag weet nie, wat dit ook is. . ."

Op een of ander manier het daar vanoggend 'n soort vertroulikheid tussen hulle ontstaan: met niemand anders op die plaas sou hy hom vry voel om só te praat nie.

„Hoe kan jy dan verwag dat ons jou sal vertrou?" vra sy. „Jy is 'n vreemdeling, ons ken jou nie. . ."

„Ek is geen vreemdeling nie: julle weet wie ek is en wie my mense is. Ek is hier gebore net soos julle, ek het hier gewoon as kind, my moeder kom van Rietvlei. . ."

Sy glimlag 'n bietjie medelydend. „Wat maak dit saak wie jou ma was of waar jy gebore is?" vra sy. „Dis wat jy self is wat saak maak, en jy is tog nie een van ons nie. Jy kom van oorsee, jou werk, jou huis, jou hele lewe is daar. Jy weet niks van ons nie, jy ken ons nie, hierdie land is vir jou net 'n plek waar jy vir 'n paar dae kan kom kuier by mense wat toevallig 'n taal praat wat jy ken."

Hulle rook 'n tydjie in stilte. „Waarom word jy so heftig daaroor?" vra hy, en merk dat die hand waarmee sy haar sigaret vashou, bewe.

„Ag, ek is maar net weer ongeskik, ek weet nie wat ek sê nie." Sy dink na en praat dan vinniger. „Miskien is dit net dat ek jaloers voel, of veronreg, ek weet nie wat nie. Júlle is van die mense wat padgegee het, wat betyds weggekom het; julle het êrens in veiligheid gaan sit, en nou kom jy goedgunstiglik kyk hoe dit gaan met ons wat agtergebly het, jy met jou duur klere en jou mansjetknope en jou goue horlosie. En óns. . ." Sy druk die sigaret met 'n rukkerige beweging dood. „Jy

kan sien hoe ons lewe, jy kan raai hoe ons al hierdie jare deurgebring het; jy kan orals nog die spore sien, die littekens. . ."

Daar is nouliks iets wat hy kan antwoord. „Dit spyt my dat jy só daaroor voel," sê hy dan.

„Daar is niks wat jou hoef te spyt nie, dis nie jou skuld nie. Ander mense het dit gedoen, dis altyd ander mense, ons het dit maar by hulle geërwe." Dan beëindig sy self die gesprek. „Dis tyd dat ons teruggaan Moedersgift toe," sê sy, en gedurende die terugrit langs die toegegroeide pad sit sy in stilte langs hom, asof sy weer van sy aanwesigheid vergeet het.

Wanneer hulle die plaas nader, sien hulle Paultjie voor die huis staan. „Hy's kwaad omdat ons sonder hom weg is," merk Carla onbewoë op.

„Waar was julle gewees?" roep hy nog voordat hulle uitgeklim het.

„Ons het Rietvlei toe gery," sê George, want Carla stap al na die huis toe.

„Hoekom is jy so skielik hier weg sonder om iets te sê? Hoekom het jy vir Carla saamgevat?" Sy stem is verwytend.

„Sy het my die pad gewys. Ek het nie gedink dit sal saak maak as ons gou soontoe ry nie."

„Ek wou ook Rietvlei toe gaan."

„Dit was nie die moeite werd nie," sê George. „Jou vader het gelyk, daar is niks te sien nie."

„Ek wou saamgegaan het."

„Waarom?"

„Ek was nooit daar gewees nie."

Dit het geen sin om verder daaroor te praat nie. „Het jou moederhulle gevra waar ons is?" vra George.

„Hulle weet nie eers dat julle weggegaan het nie, hulle gesels nog altyd. Ten minste, tant Miemie gesels en Mammie luister." Die ontevrede uitdrukking op sy gesig word vir 'n oomblik verlig. „Bettie het jou kom soek," voeg hy by.

„Die onderwyseres?"

„Sy's heeltemal sprakeloos van opgewondenheid oor die besoeker van oorsee. Sy't die kinders net so gelos om hier heen en weer te draf en te kyk waar jy is."

„Hoekom dan?"

„O, om met die kinders te kom praat en hulle van Europa te vertel. Hulle't nog nooit iemand van oorsee gesien nie. Dis ten minste wat sy

sê. Kyk maar," sê hy, „daar kom Fanie ook al aan," en hy lag saggies by homself.

Oor die werf kom daar van die skooltjie 'n jong man na hulle toe. „Raubenheimer," roep hy terwyl hy hulle nader, en gryp George se hand beet om dit hartlik te skud. „Ek het julle sien kom, maar ek kon nie eerder die kinders los om dag te sê nie, ek het Bettie se klas ook nog by gehad, weet jy. Maar Bettie het my vertel wie jy is – mastig, maar ek's bly om 'n Afrikaner uit die buiteland te sien, 'n verlore seun wat terugkom, nè?" Hy lag uitbundig.

George staan daar met sy hand in die vreemdeling se greep, magteloos voor sy geesdrif en sy grootte. Hy steek met kop en skouers bo George uit en sy hande en voete lyk buite verhouding groot vanweë sy kort baadjiemoue en die swaar, stewige skoene wat hy dra. Dit is trouens asof daardie hande en voete nie by hom hoort nie, maar 'n eie bestaan voer, onafhanklik van sy liggaam. „Ons is hier afgestorwe," sê hy, „ons lewe heeltemal afgesonder. Ons het laer getrek hier in die uithoek van die land, dis nog net in die uithoeke dat mens vry kan wees, en ons hou die kampvure aan die brand, of ons probeer in elk geval." Weer lag hy hard en 'n bietjie senuweeagtig, met 'n ongemaklike draaibeweging van sy skouers. „Ons twee moet gesels, jong; ek is seker ons het sommer baie om vir mekaar te sê. Jy gaan 'n lang ruk by ons bly, hoop ek?" Hy buk om George in sy oë te kan kyk, en bly glimlaggend op 'n antwoord wag.

„Ek moet oor 'n paar dae weer teruggaan," sê George. „Ek het net vir 'n week gekom om die plaas te sien, Rietvlei. . ."

Die jong man lyk verslae: is dit oordrewe beleefdheid, wonder George, of is hy werklik teleurgestel? „My wêreld, maar dit spyt my om dit te hoor," sê hy met 'n innigheid wat buite verhouding klink. „Toe Bettie my kom vertel dat jy hier is, het ek by myself gedink. . ."

„Fanie!" word daar van die huis af geroep. „Paultjie!" Dit is Bettie, die onderwyseres, wat op die stoep staan en vir hulle wink. Sy het George se naam vergeet, of anders is sy te skaam om hom ook aan te roep: wanneer hy na haar omkyk, strek sy stralend haar hande na hom toe uit om te wys dat hy ook moet kom. Raubenheimer trek hom egter nader. „Ek sien Paultjie het al beslag op jou gelê – nee, maar jy's in goeie hande, hy sal jou hier rond neem en jou alles vertel. Hy's seker net so bly soos ek dat jy hier is." Waar hy op 'n afstand van hulle bly staan het, gee Paultjie geen teken dat hy hoor nie. „Ek en Paultjie is goeie maats – ek sal maar vir jou George sê, nè; jy gee nie om nie?" Maar

Bettie het moeg geword om op die stoep te wag en kom na hulle toe oor die werf, en Raubenheimer se stem word dringender: George voel die man se hand op sy arm en sy asem in sy gesig, en sien bo hom die groot, swewende gesig van die onderwyser met flitsende brilglase. „Dis 'n moeilike lewe, jy kan dit self sien; mens doen wat jy kan, jy probeer om die vuur aan die brand te hou, jy het die kinders wat as heilige opdrag aan jou toevertrou is. . ."

Sy woorde is so vinnig en verward dat George nie eers meer probeer volg wat hy sê nie. Intussen nader Bettie onverbiddelik op te hoë hakke wat wankel onder haar gewig, met 'n rokkie wat styf om haar knieë span terwyl sy na hulle toe trippel. „Julle moet kom koffie drink," roep sy. „Wat staan julle hier so ernstig en gesels? Ek het al koffie gemaak en ons wag net op júlle, tant Miemie het al gevra waar bly julle dan, dat ons kan koffie drink." Terwyl sy praat, is dit egter George na wie sy kyk, en haar breë, onaantreklike gesig straal van vriendelikheid, van hartlikheid, van gasvryheid, van welwillendheid.

„Ja, ja, ons kom," sê Raubenheimer en stuur George met die hand op sy arm by haar verby in die rigting van die huis. „Dis maar selde dat ons besoekers kry," hervat hy hulle gesprek, „en jy wat van oorsee kom is vir ons so besonder, jy kan verstaan dat daar baie is om oor te gesels. . ." Met kort, vinnige trippelpassies probeer Bettie om by te bly en te hoor wat hulle sê, en Raubenheimer stoot George al hoe vinniger huis se kant toe om haar te ontwyk, totdat die stoep bereik is en hy gaan staan om sy baadjie reg te trek. 'n Bietjie uit-asem haal Bettie hulle in.

„Jy het so skielik verdwyn," vertel sy vir George; „ek was by die kinders, en toe ek weer buite kom, sien ek net dat die motor nie meer daar is nie. Ek het gedink jy is al weer weg, ek het gewonder of ek dit nie dalk alles gedroom het nie. . ." Sy giggel oor haar woorde, en voer hom triomfantlik saam na binne.

In die sitkamer is tant Miemie nog besig om te praat, met mevrou Hattingh wat luister en knik en af en toe iets murmel, en hulle neem weer hulle plekke in in die halwe kring van die stoele sonder dat sy in hulle rigting kyk. Bettie bring die blad met koffie en beskuit, die koppies half vol soos die eerste keer, en dan kom sy langs George sit en trek haar rok oor haar knieë af. Aan die ander kant van hom draai Raubenheimer ongemaklik rond en val met sy gewig eers op die een kant van sy stoel neer en dan op die ander.

„. . . maar my land, wat moet 'n mens anders doen, vra ek jou? Jy

kan nie self wik en beskik in sulke dinge nie." Tant Miemie se stem skel voort, en dit duur 'n tydjie voordat George, gehipnotiseer deur die eentonigheid daarvan, besef dat Raubenheimer na hom toe leun om iets te vra, sy woorde self onverstaanbaar. „En as jy hier sit soos ek, dag in, dag uit – ek hoef nie vir jou te vertel nie, Mart, want jy weet dit self, jy sien self hoe ek vasgekluister is aan hierdie stoel. . ."

„Lees jy gedigte?" herhaal Raubenheimer sy vraag intussen vir die tweede keer.

„Ja, soms," sê George, en die onderwyser skuif 'n bietjie nader op sy stoel.

„Jy hou van poësie?" vra hy, maar dan swyg tant Miemie onverwags en sy stem klink hard in die stilte. Hy word rooi.

„Wat gesels jy alles, Fanie?" wil tant Miemie weet, ongeduldig oor die onderbreking.

„Niks nie, tant Miemie, ek en George praat sommer net 'n bietjie oor gedigte."

„Nou toe dan, práát, práát, dat ons hoor."

„Ons het nie eintlik iets gesê nie, tant Miemie."

Die ou vrou kyk hulle nog 'n oomblik ondersoekend aan, en dan draai sy om en hervat haar gesprek met mevrou Hattingh. Raubenheimer bly vooroorgeleun op sy stoel in George se rigting, en aan die ander kant het Bettie ook nadergeskuif om te hoor wat hulle sê. Geeneen van die twee praat egter weer nie, en hulle bly so aan weerskante van hom sit soos heraldiese skilddraers terwyl tant Miemie haar monoloog voortsit. „Maar jy kan dit self ook dink, dis nie nodig om vir jou te sê wat dit alles vir iemand van my leeftyd beteken nie, iemand wat alles deurgemaak het wat ek deurgemaak het. Ek sê vir jou, Mart, soms word ek nog in die nag wakker. . ." Mevrou Hattingh knik en voeg hier en daar 'n gerusstellende woord in, en dan kyk sy na George en glimlag asof sy hom wil sê om moed te hou. In die benoude kamer met sy geur van politoer is dit moeilik om wakker te bly terwyl daardie hoë, eentonige stem voortgaan: sy oë val toe, sy kop sak vooroor, en hy skrik wakker. Aan weerskante van hom sit Raubenheimer en Bettie met gevoue hande, roerlose griffioene, leeus, eenhorings wat hom bewaak.

Daar het 'n deining in die kamer ontstaan, 'n onderbreking in die ou vrou se woordvloed, 'n skielike beweging wat hy nie dadelik kan verklaar nie, en dit duur 'n oomblik voordat hy besef dat tant Miemie opgestaan het met mevrou Hattingh wat haar steun. Langs hom ontvou Raubenheimer hom moeisaam van sy stoel, knoop arms en bene los,

haal hande en voete uit onverwagte plekke te voorskyn, en rys dan langsaam op. Bettie stryk haar rok weer oor haar knieë reg, haar oë op die grond gevestig, en staan dan ook op. Sy voet is aan die slaap, merk George terwyl hy sy stoel onhandig terugstoot. Roerloos en swygend bly hulle daar staan, asof 'n oudiënsie beëindig, 'n geheimnis gevier, 'n offer volbring is, en net die laaste woorde van seëning en wegsending nog uitgespreek moet word.

„Nou ja," sê tant Miemie klaend, „niks kan vir altyd duur nie. As jy móét gaan, dan móét jy seker, Mart." Haar stilte is vol versweë verwyt.

„Ons sal gou weer kom kuier, tant Miemie," verseker mevrou Hattingh. „Net so gou soos Hennie 'n kans kry, sal hy my oorbring Moedersgift toe."

„Ja, ja, wanneer Hennie eendag kans kry – ek weet hoe dit gaan, ek sit maar hier in die huis, dag in, dag uit, en dis maklik genoeg om van my te vergeet. Ek sê altyd – ja, ek het al vir jou vertel, Mart – ek sê altyd. . ."

Haar toon is nog klaend, maar mevrou Hattingh bly staan en die onvermydelikheid van hulle vertrek het duidelik geword. Haar kieries is weer gereed, mevrou Hattingh kom nader om te help, en geleidelik draai tant Miemie haar om in die rigting van die deur en pak al pratend die lang skuifeltog aan, terug na die gang en die voordeur. Verby George waar hy bly staan het, bewaak deur Raubenheimer en Bettie, verby die stoele in hul wagtende halwe kring, verby die buffet en die Voortrekkers, verby die eerste ministers en staatspresidente, en verby Paultjie wat hom in 'n hoek by die deur teruggetrek het, maar sy sien hom nie eers nie terwyl sy al tikkend en skuifelend en pratend verby sukkel. Sentimeter vir sentimeter beweeg haar pantoffelvoete oor die glansende vloerseil, en vir 'n oomblik wonder George of sy ooit die drumpel sal bereik, of miskien eerder al pratende op daardie plek in die middel van die kamer bly skuifel en voorttik, sodat net nog die hoë stem oorbly om die stilstaan van die tyd te besweer. Maar dan het sy oor die drumpel beweeg, en die ander wag dat hy haar volg. Soos 'n prosessie stap hulle weer langs die donker gang af, die twee vroue voorop, en dan George met Bettie en Raubenheimer agter hom aan, terwyl Paultjie agterna drentel.

Die gang is net breed genoeg vir twee mense om langs mekaar te stap, soos tant Miemie en mevrou Hattingh wat al skuifelend en pratend en murmelend en tikkend vooruitgaan, en terwyl hy volg, word George

bewus van 'n woordelose wedywering tussen Bettie en Raubenheimer agter hom. Eers verskyn die een langs hom, en dan word hy eenkant toe gestoot deur die ander, sodat hulle mekaar staan en verdring in die smalheid van die gang. „Verskoon tog," sê Bettie en lag senuweeagtig wanneer sy by hom verby gedruk het, maar as hy opsy wil staan om haar verby te laat gaan, dring Raubenheimer met sy breë skouers tussen hom en die muur, sodat Bettie haar weer moet terugtrek om kort op hulle hakke te volg.

„Lees jy gedigte?" vra Raubenheimer weer vertroulik.

„Ja, soms," antwoord George soos die vorige keer. „Ek moet baie proewe en manuskripte lees in my beroep, dan bly daar nie altyd tyd of lus oor om nog vir ontspanning te lees nie."

„Ek is baie lief vir poësie," sê Raubenheimer. „Ek sou nie daarsonder kan lewe nie. Of miskien stel jy nie belang in letterkunde nie?"

„Ek gaan dikwels teater toe," sê George om hierdie vraende, wagtende gesig vlak voor syne te probeer bevredig.

„Ek lees ook dikwels toneelstukke," vertel Raubenheimer. „Wie is jou gunstelingtoneelskrywers?"

„Büchner, Anouilh, Schiller. . ." Hy noem die eerste name wat daar by hom opkom, sonder om daarby na te dink, maar Raubenheimer herken hulle blykbaar nie. Hy het sy arm weer om George se skouer gesit, om die vertroulikheid tussen hulle te vergroot, of moontlik net om Bettie met sy elmboog op 'n afstand te hou, maar sy glip óm George verby en druk vasberade vir haar 'n plek oop met haar heupe.

„Dis jammer dat jy nie 'n paar maande vroeër gekom het nie," vertel sy hom. „Die kinders het toe self 'n toneelstuk opgevoer; dit was baie goed gewees. Oor Racheltjie de Beer. . ."

Raubenheimer is nou gedwing om agter hulle te stap, maar hy het sy arm om George se skouers gehou en hang aan hom terwyl hy probeer voortbeweeg. Skielik verloor George sy humeur oor die gestrompel in die donker gang, die gesprek wat oorstem word deur die skelheid van tant Miemie se stem, Bettie se opdringerige heupe en Raubenheimer wat hom terugtrek met sy liefdevolle greep. Met byna onbeleefde heftigheid ruk hy hom van hulle los en tree agteruit sodat hulle hom kan voorgaan. Aarselend kyk hulle mekaar aan.

„Maar ek het dit net vanoggend nog vir Bettie gesê," sit tant Miemie haar monoloog voort. „Bettie, het ek dit nie vir jou gesê nie?" Sy

verhef haar stem en Bettie moet na haar toe gaan. „Bettie het ek nie vanoggend nog vir jou gesê. . .".

George is alleen gelaat met Raubenheimer, want Paultjie het ongeïnteresseerd op 'n afstand gebly. Met dieselfde vraende, byna smekende uitdrukking staar die onderwyser hom aan, wagtend op 'n antwoord asof daar geen onderbreking in hulle gesprek was nie. George sien die man se swewende brilglase nader en wonder met 'n gevoel byna van paniek hoe hy hom van hierdie ongevraagde innigheid moet losmaak.

„Ek skryf ook gedigte," sê Raubenheimer dan in die stilte, sy stem gedemp sodat niemand anders hom kan hoor nie, en bly daar staan met sy kop in George se rigting gebuk, die geflits van sy bril en sy swaar asemhaling die enigste aanduiding van sy aanwesigheid in die skemerdonker.

Dit is 'n bekentenis, besef George aan die toon waarop die verklaring gedoen is, 'n blyk van vertroue, 'n kosbare geheim wat in sy hande geplaas word sonder dat hy weet wat om daarmee te doen.

„Het jy al iets gepubliseer?" is die enigste antwoord waaraan hy kan dink, en terwyl hy dit sê, besef hy reeds hoe onsinnig dit in die omstandighede is. Raubenheimer reageer egter gretig, bly met enige aanmoediging om meer te kan vertel.

„Ek skryf al lankal, solank as wat ek 'n pen kan vashou, kan jy maar sê. Ek kan jou van my werk laat sien as jy belangstel; daar is gedigte by waarmee ek al baie welslae gehad het, as ek dit self mag sê, gedigte waarvoor ek baie lof gekry het. Ek voel dat dit belangrike werk is wat ek doen, weet jy: dis ook 'n wapen in ons stryd, dis iets om die mense mee op te wek en aan te vuur. . ." Die woorde stroom voort asof hy net op George se vraag gewag het om die begeestering wat maande of selfs jare lank onderdruk moes bly tot uitdrukking te bring.

„Fanie, waar bly julle nou al weer?" kom tant Miemie se stem die ontboeseming onderbreek. Gesteun deur mevrou Hattingh en Bettie het sy uiteindelik die voordeur bereik. „Kom jy dan nie vir Marthulle tot siens sê nie?"

Raubenheimer breek af en talm net om sy baadjiemoue af te trek voordat hy George aan sy arm beetneem en met onwelvoeglike haas langs die gang af stoot. „Maar dit was gaaf om met jou te gesels," fluister hy nog vinnig.

„Mart gaan nou weer," merk tant Miemie in die algemeen op. „Ons

kan maar net hoop dit sal nie weer máánde duur voordat sy die volgende keer kom kuier nie." Carla het uit die tuin verskyn, Paultjie het uit die huis te voorskyn gekom, en die afskeid het begin. George steek sy hand uit na tant Miemie.

„Ja," sê sy, „jy's ook maar 'n seldsame besoeker. Maar jy't seker ook geen rede meer om hier te wees noudat hulle altwee dood is nie. Dis 'n skande," verklaar sy heftig, „dis 'n skande hoe hulle behandel is. Hulle's hier weggeja soos kaffers." Haar hand rus in syne, klein en maer soos die klou van 'n voël, en oor die groot afstand kyk sy hom weer aan. „Maar jy het self ook verander," sê sy dan. „Jy't vroeër altyd so 'n ronde gesig gehad, Kosie."

„Dis nie Kosie nie, tant Miemie," probeer mevrou Hattingh nog 'n keer verduidelik, maar die ou vrou luister nie.

„Jy't ons vroeër altyd so lekker laat lag," sê sy verwytend. „Maar ja, deesdae lag die mense ook nie meer nie, nè?"

Sy draai van hom weg, sy aanwesigheid vergete. Hy voel Raubenheimer se groot, klam kand in syne; Bettie raak hom skugter aan in afskeidsgroet. „Ons wou so graag gehad het dat jy met die kinders kom gesels," sê sy. „Ons sal maar vir hulle sê jy sal volgende keer kom."

„Ja, volgende keer," beloof hy, en dan sit hy weer in die kar, en mevrou Hattingh leun uit om tant Miemie se laaste woorde te hoor, waar sy op die stoep bly staan het, gestut deur haar stokke. „Jy moet sorg dat Hennie jou weer 'n slag oorbring hiernatoe," roep sy, „Ek weet nie hoekom sien ek hom deesdae nooit nie. Julle dink julle kan maar van my vergeet, ek sit hier en niemand hoef hom oor my te bekommer nie. . ." Haar woorde raak weg in die klank van die aangeskakelde motor: mevrou Hattingh wuif nog 'n laaste keer en draai die venster toe. Die grys huis, die blomtuin, die skoolgeboutjie, die windpomp en die bloekombome word agtergelaat en hy moet sy aandag by die pad hou.

„Sy lyk tog nie sleg nie," sê mevrou Hattingh. „Dis wonderlik hoeveel energie daardie vrou nog het, al kan sy nie meer baie doen nie." Dan kyk sy na die kinders agter haar. „En toe, Carla," vra sy, „waar het jy weer heen verdwyn?"

„Ek en George het oorgery Rietvlei toe, Mammie."

Die antwoord stel haar nie tevrede nie. „En nou weer, toe ons wou ry, waar het jy toe vandaan gekom?"

„Ek het 'n bietjie met die kinders gaan gesels."

„Ons het nog nie goed en wel gaan sit nie of jy was weer weg. Tant

Miemie het jou skaars te sien gekry die hele tyd dat ons daar was."

„Tant Miemie stel tog nie belang in ons nie."

„Dit het niks met die saak te doen nie. Dis 'n kwessie van goeie maniere."

Carla kyk by die venster uit en is blykbaar nie van plan om te antwoord nie; langs haar het Paultjie sy afgetrokkenheid behou. Mevrou Hattingh sug. „Maar dit het nou weer gebeur," sê sy. „Ek voel altyd so skuldig oor tant Miemie, en dis so moeilik om weg te kom om vir haar te kom kuier."

Die veld gaan verby; die laaste bome van Moedersgift het al verdwyn. Daar is net die toegegroeide pad voor hulle, die horison, die lug.

Hy kan nou weggaan: hy het sy plig nagekom, die verspreide klippe tussen die onkruid gevind en gesien hoe die water in die grond wegsypel. „Ek dink ek moet nou maar gaan," het hy met middagete vir mevrou Hattingh gesê, maar sy wou nie daarvan hoor nie. Haar man is nie eers by die huis nie, werp sy teë; waarom die haas? Hy kan tog nog een nag by hulle bly en die volgende oggend terugry dorp toe. Bowendien is daar vanmiddag ook geen trein nie, onthou sy triomfantlik. Die trein vertrek soggens – om elfuur, twaalfuur, sy is nie seker presies hoe laat nie, maar haar man sal vir hom kan sê.

Hy sal dus bly, dink hy. Hy het skaars uitgepak en die meeste van sy klere opgevou in sy koffer gelaat, maar reeds is hy twee dae hier.

Die wind laat die los sinkplate op die dak van een van die buitegeboue kletter; die vensters rammel in hul kosyne. In die kombuis is die borde en koppies van die middagete al afgewas en weggebêre, en mevrou Hattingh het met 'n vadoek die seildoekkleed van die lang tafel skoongevee. Hy verlaat die huis en stap oor die werf, verby die skuur waar hy geskuil het en Paultjie ontmoet het, maar hy sien niemand nie. Vanmiddag is hy egter bly om alleen te kan wees en soek hy na niemand nie. Hy stap teen die rantjie uit, verby die kerkhoffie wat Hattingh hom gewys het, en kies koers deur die veld, vind 'n spruit en volg die klipperige loop daarvan, en bly stap totdat hy voel dat hierdie doellose voortdwaal lank genoeg geduur het en op 'n klip teen die wal gaan sit.

Hy is moeg, besef hy dan, met 'n uitputting wat groter is as bloot liggaamlike vermoeidheid. Die las het te swaar geword, die gewig van verlede en hede, die dinge wat hy onthou en die dinge waarvan hy gedink het dat hy hul al lankal vergeet het, die lang reis en die ondervindings van die afgelope paar dae, die onverbiddelikheid van die

werklikheid – die hele kompleks van dinge wat hy self skaars kan ontleed. Hy bly 'n lang tyd daar sit aan die rand van die spruit sonder om te dink. Dit is nodig om te oorweeg, uit te soek, op te som en 'n beslissing te doen, maar hy weet nie eers waar hy moet begin nie. En nou? vra hy, maar vind geen antwoord nie. Daar is niks nie.

En tog moet daar 'n antwoord wees, dink hy, 'n bietjie verbaas en onbegrypend; dit is tog die oomblik vir opsomming, antwoord en beslissing, die oomblik waarop alle drome verwesenlik is en die so lang begeerde uiteindelik werklikheid geword het. Dit is tog die vaderland, dit is tog die erfgrond, die geboortegrond, waaroor daar gepraat en gedroom is, waarna daar so eindeloos verlang is, waarvoor daar soveel verduur is, tot ballingskap of dood.

Self het hy opgegroei in 'n klein kring van mense uit die politieke, militêre en sakewêreld, hooggeplaastes en welgesteldes wat die geleentheid gehad het om hulle geld na buitelandse banke oor te maak en self met hulle kosbaarhede uit te wyk voordat die laaste uitgangsweë versper is. Dit was mense vir wie dit maklik was om 'n nuwe lewe op te bou en voort te gaan, sy ouers se kennisse wat hy nog by uitvoerings of onthale raakloop. Die vroue dra juwele, die mans praat onder mekaar oor sake; daar is nog geld, invloed, voorregte; dit gaan goed. En tog is hulle bestaan wankel en bedreig, want hulle woon in 'n vreemde land en sal hier nooit tot rus kom nie. Die verlange bly.

Die verlange bly, ook vir diegene wat niks anders behou het nie: om hiérdie land, om hiérdie aarde het hulle drome reeds 'n geslag lank rondgedraai, en hulle het die herinnering daaraan met hulle saamgedra in die agterkamers en solderkamers van vreemde stede, struikelend oor die lettergrepe van onbekende tale, besig om hulle bagasie van stasie na bus te sleep en van taxi na trein. Reën vervaag die vreemde berge en velde van die landskap wat verbytrek en donker oordek die uitsig oor vreemde dakke en torings; voete klink op die kaal treë van 'n trap en 'n sleutel rammel in 'n slot. Daar is aankoms en vertrek, daar is ontmoeting en afskeid, daar is die verhuis van kamer na kamer en die lang reis van stad na stad, die angstige natel van vreemde muntstukke en note, die hoop, die wag, die leë dae van die ballingskap met steeds vroeër donker oor die velde en die dakke totdat niks meer behoue gebly het nie as die verlange en die droom. Op die mure van hulle kamers hang daar afbeeldings van ander landskappe terwyl die donker hulle vensters versluier.

Die verlange bly, meedoënloos en onontkombaar, en altyd, so het

dit hom voorgekom wanneer hy die ballinge van sy jeug betrag, het hulle hul koffers half ingepak gelaat vir die terugreis. In die hele struktuur van die lewe wat hulle in die vreemde opgebou het, het slegs een ding werklikheid gehad: die land wat hulle eenmaal besit en weer verloor het.

Die besit het hulle as vanselfsprekend aanvaar sonder om hulle ooit oor die waarde of betekenis daarvan te besin, en die verlies het hulle nie tot besinning gedwing nie. Eerder het dit gelyk asof die implikasies daarvan nooit ten volle tot hulle deurgedring het nie, en hulle het so goed moontlik voortgegaan asof dit nooit plaasgevind het nie. Êrens was daar wel 'n klein onderbreking gewees, 'n nouliks waarneembare geologiese verskuiwing, net genoeg om die glase te laat rinkel, maar hulle het geen ag daarop geslaan nie. Die verstoring is tydelik, bloot tydelik, het hulle mekaar verseker; in wese het daar niks verander en kán daar ook niks verander nie. Die groot huise wag nog, die bediendes staan gereed; die lessenaar, die kar, die tuin wag op hulle terugkeer, die boek nog oop by die bladsy waar hulle laas gelees het, die koppie op die tafel waar hulle dit neergesit het. In daardie roerlose stilte spits die hond sy ore, luisterend na die klank van hul voetstappe in die verte.

Tydelik, niks meer nie, het hulle met oortuiging herhaal, 'n kort oponthoud in die buiteland, 'n voorlopige verblyf in die vreemde terwyl hulle wag op die teken tot terugkeer, miskien nog volgende maand, waarskynlik die maand daarop. Die jare het verbygegaan en die verblyf het reeds 'n volle geslag geduur, maar nog beskou hulle hulself as besoekers, nooit as ballinge nie, veel minder nog as burgers van die lande waar hulle woon. Die droom het voortgeduur, onverminder in sy glans, en hulle bestaan is 'n gedurige poging om die opdringerigheid van die omringende werklikheid te probeer ontken, terwyl hulle onthou en mymer en wag op die uur wanneer alles weer oor sal wees en hulle sal kan terugkeer na die geliefde land.

En dus het hy gekom, die eerste van die geslag wat in die vreemde grootgeword het. Hy het die gloed van die sonsondergang gesien en die skielike donker van die nag; hy het vreemde, onverklaarde klanke in die verte gehoor. Aanplakbiljette en slagspreuke op die mure in tale wat hy nie kan verstaan nie, papier wat reeds begin lostrek en afrafel; die felheid van die son en die hitte van die dag, opgestapelde bosse vlamhelder blomme, opgestapelde massas vreemde vrugte met die ryk, soet geur van ontbinding. Hy het die ontelbare, anonieme menigtes van die bushaltes en stasieperronne gesien, die kinders gehoor in hul

spel, en die mans wat onder mekaar praat terwyl hulle van die werk af kom. En toe het hy hierheen gekom, na hierdie mense wat syne is, na hierdie grond wat nou aan hom behoort, hierdie aarde, klippies en gruis.

Daar is geen antwoord nie, besef hy: daar is die lewe wat voortgesit moet word, en miskien is die voortsetting in sigself so iets soos 'n antwoord of so ná as wat mens ooit aan 'n antwoord kom. Vir 'n lang tyd bly hy daar sit; leun agteroor en kyk na die gras en die klippe en die plante waarvan die name hom onbekend is. Bokant hom word die wolke verbygeja deur die wind, en die droë gras ritsel. Hy is moeg en wil nie meer dink of onthou nie.

Stadig en doelloos stap hy terug huis toe al langs die bedding van die spruit, en sien dan vir Paultjie wat uit die teenoorgestelde rigting aankom. Hulle stap na mekaar toe tussen die klippe en waterpoele deur, en dit is asof Paultjie wil voorgee dat hy hom nie sien nie, want selfs wanneer hulle vlak teenoor mekaar staan, kyk hy nie op nie.

„Waarheen gaan jy?" vra George, en dan glimlag die seun.

„Ek het vir jou gesoek."

„Waarom?"

„Ek wou weet waar jy is. Ek het oral gekyk, selfs op die solder – ek het gedink miskien het jy soontoe gegaan."

„En hoe het jy my hier gevind?"

„Ek het sommer gestap. Ek het geweet ek sal jou vind." Saam loop hulle verder. „Hoekom het jy hierheen gekom?" vra hy.

„Ek het ook sommer net gestap."

„Daar is tog niks om te sien nie. . ."

„Ek wou niks sien nie, net 'n bietjie dink."

„Waaroor?" Hy wag egter nie op 'n antwoord nie. „Hoekom is jy vanoggend weg Rietvlei toe sonder om vir iemand te sê?" vra hy.

„Dis tog waarvoor ek hierheen gekom het, om Rietvlei te sien."

„Ek wou met jou saamgegaan het."

George klim al teen die wal van die spruit uit en sien die veld waar die aandson nou uitgebreek het van tussen die wolke, en die huis met sy buitegeboue op 'n afstand in die laagte.

„Ek wil met jou praat," sê Paultjie agter hom, en hy draai om om na die seun te kyk.

„Praat dan," sê hy; „hier is ek."

„Ek vra vir jou vrae en jy antwoord my nie eers nie."

„Sê vir my wat jy wil weet. Sê vir my wat ek vir jou kan doen."

Paultjie se oë ontwyk syne. „Waaroor het jy en Carla gesels?" vra hy.

„Vanoggend? Ek weet nie eers meer nie. Oor my grootouers, oor die plaas soos dit vroeër was, oor wat ek nog alles daarvan onthou. . ."

„Dit interesseer Carla nie eers nie."

„Ek weet. Interesseer dit jóú dan?"

„Ek wou die plaas gesien het."

„Jy kan nog altyd, dis naby genoeg as jy graag soontoe wil gaan."

„Nee, ek sal nou nooit gaan nie." Dit is finaal; daar is niks meer oor die onderwerp te sê nie. „En nou wil jy weer weggaan."

„Daar is geen rede meer om te bly nie."

„Nie vir jóú nie."

„Vir wie dan wel?"

„Vir óns dalk. Jy't seker nog nie daaraan gedink nie, nè?" Hy is buierig, sy hande in sy sakke. „Jy gaan weg, jy gaan aan met jou lewe, en vir jou sal ons ophou om te bestaan die oomblik dat jy hier wegry. Maar jy is vir ons belangrik, weet jy dit dan nie?"

„Jy laat my baie verantwoordelik voel," sê George. „En skuldig."

„Praat met my," sê Paultjie dringend. „Ek het jou al gevra; praat met my, vertel my van enigiets behalwe dít." Hy beduie in die rigting van die plaasgeboue. „Van alles behalwe die plaas en die skape en die mielies, van vroeg opstaan en hard werk en arm wees; alles behalwe veg en swaarkry en veronreg wees, en tronke en kampe. Ek wil nie hoor van take of roepings nie, of van die voorgeslag of heldemoed of plig of die wil van God. Ek is moeg vir dit alles." Hy praat heftig, en met 'n soort medelye kyk George na sy donker gesig, maar wanneer hy begin om iets sê, onderbreek Paultjie hom. „Vertel my dat daar iets anders is as dít," sê hy. „Vertel my dat daar 'n ander wêreld bestaan, anders is dit nie die moeite werd om aan te gaan nie."

Sy gesig is vertrek asof hy wil huil en George steek sy hand uit om hom aan te raak, maar met 'n ongeduldige beweging skud Paultjie hom af. „Jy is belangrik," sê hy dan met gedempte, beheersde stem. „Nou kan jy vir jouself sien as jy my nie wil glo nie. Kyk, Gerhard het gehoor dat jy hier is en kom al aangeja om jou te sien." Met sy hand nog uitgestrek bly George staan. „Kyk, dáár," sê Paultjie, ongeduldig oor sy onbegrip, en dan merk hy in die verte 'n voertuig wat in die rigting van die plaas beweeg. Dit moet die grootpad wees, en daar kom 'n besoeker aan wat Paultjie reeds op hierdie afstand herken het.

„Wie is Gerhard?" vra hy.

Paultjie lag. „Jy sal uitvind, maar dis vir jóú dat hy gekom het."

Hulle staan daar en kyk na die bakkie wat sigbaar word op die pad, met ruite wat flits in die lig van die ondergaande son.

„Kom jy saam huis toe?" vra George.

„Nee," sê Paultjie, „hulle moet my nie saam met jou sien nie. Jy moenie vir hulle sê dat jy my hier gekry het nie." Dan stap hy sonder 'n woord verder, weg van die huis af, en wanneer George omkyk, kan hy die seun nie eers meer sien nie.

Die wolke het uitmekaar gegaan; die laatmiddagson skyn uit oor die land, en in daardie gloed het die vaal landskap kleur gekry, die strakheid daarvan versag en verryk. Hy stap deur die veld na die plaasgeboue wat hom inwag met hul dakke en skoorstene, en hoor uit die verte die geblêr van skape en die klank van emmers – hulle is besig om te melk, dink hy by homself, alhoewel hy nouliks weet waar hierdie sekerheid vandaan kom. Dan waai die wind hom tegemoet en in daardie skielike vlaag begin die wieke van die windpomp draai: van anderkant die skuur hoor hy die geklap, en by die geluid bly hy staan, oorweldig deur die heftigheid van die gevoel wat dit oproep. Hy het dit eerder gehoor, dié geluid het hy jare gelede geken en toe vergeet, maar nou kom dit weer aangewaai uit die verlede soos die wind. Wanneer presies het hy as klein kind die geklap van die draaiende windpomp gehoor, en wáár, en wat is die gevoelens wat hom nou oorrompel? Hartseer en verlange en hoop, 'n hele wêreld wat wag om verower te word, veiligheid en sekerheid en illusie, en die gedraai van die windpomp in die lang stilte van die somermiddag, in die groot duister van die somernag. Hy stap verder na die huis, verbaas oor die ontroering wat van hom besit geneem het, en dit is asof hy tuiskom.

Iemand roep hom; Hattingh en 'n ander man staan by die bakkie waar dit langs sy eie kar stilgehou het.

„Jy kom net op die regte tyd," roep Hattingh hom reeds uit die verte tegemoet. „Jy leer vandag al ons bure ken, lyk dit vir my – hier het Gerhard nou ook oorgery van Kommandodrift."

Die man wat langs hom staan, steek sy hand uit: „Snyman," groet hy. Die handdruk is kragtig, en die grys oë kyk reguit in George s'n.

„Gerhard-hulle is ons naaste bure," verduidelik Hattingh. „Hulle boer al jare lank op Kommandodrift, hulle's een van die oudste families hier in die distrik. Sy moeder het jou mense ook nog geken."

„Die Neethlings was 'n vooraanstaande familie," sê Gerhard. „Almal het hulle geken." Hy praat 'n bietjie formeel, nie heeltemal seker oor die houding wat hy moet aanneem nie. Hy is dieselfde leeftyd as Hendrik en Johannes, in dieselfde verbleikte kakiewerkklere as hulle, bruingebrand en blond; hy is 'n mooi man, en hy gee nie die indruk dat hy van die feit bewus is nie.

„Hoe lank is dit nou al dat oom George en tant Lottie dood is, Gerhard?" vra Hattingh. „Ons het nie gedink ons sal ooit weer 'n Neethling in die distrik sien nie."

„Die besembos is taai, oom Hennie. Jy kry hom nie so gou uitgeroei nie."

„Verwys dit na my familie?" vra George, en Gerhard kyk hom vir 'n oomblik aan voordat hy besluit om te lag.

„Jy kan maar so sê," antwoord hy. „Ja, jy kan maar so sê."

„Hy wou al dadelik weer weggaan," sê Hattingh, „maar so iets kan ons mos nie toelaat nie, oom George se kleinseun wat ná al die jare terugkom en nouliks lank genoeg hier bly om dag te sê."

„Nee, dis 'n besondere gebeurtenis, nè oom Hennie? Toe ek hoor wie hier aangekom het, moes ek sommer dadelik oorry om dit self te kan sien."

„Waar het jy daarvan gehoor?" vra George.

Die grys oë kyk nog reguit in syne, maar weer is daar die kort aarseling voordat daar 'n reaksie kom. „O, sulke nuus hoor mens gou, dis nie 'n ding wat geheim gehou kan word nie. Maar hoe lyk dit, oom Hennie, waar is Hendrik-hulle dan vanaand?"

„Hulle sal nou hier wees, ons was net besig met die melkery toe jy aankom. En Carla is ook hier êrens, sy't seker vir haar ma gaan help. Kyk, tant Mart staan al op jou en wag." Mevrou Hattingh het ook in die kombuisdeur verskyn en staan daar bo-aan die trappies en kyk waar hulle bly; uit die verte glimlag sy vir Gerhard. „Hendrik, Johannes!" roep Hattingh opgewek. „En Carla, meisie, waar kruip jy weg? Dis mos nie aldag dat Gerhard vir ons kom kuier nie!"

Hulle stap in die rigting van die huis. Van die skuur roep Johannes en wuif, en kom na hulle toe met Hendrik wat hom volg; mevrou Hattingh draai om om iets te sê vir iemand in die kombuis, en dan verskyn Carla agter haar in die deuropening. Teen die muur van die huis bly Gerhard staan, en hy lag, hy staan met sy gesig na die ondergaande son, goud in die onverwagte rykheid van die aandlig, jonk en sterk en stralend, terwyl hulle almal kom om hom welkom te heet.

Hattingh het sy arm half om sy skouers, Hendrik en Johannes begroet hom skertsend uit die verte, mevrou Hattingh glimlag, en net Carla bly roerloos staan in die halwe donker van die deur, onaangeraak deur die lig of die opgewektheid.

„Gerhard, jy bly seker 'n stukkie met ons eet?" vra mevrou Hattingh terwyl sy buk om hom te soen waar hy op die trappie onder haar staan.

„Ja dankie, tant Mart, ek sal graag."

„Is jou ma-hulle alleen by die huis, Gerhard?" vra Hattingh.

„Moeder weet dat ek dalk 'n bietjie laat terug sal wees. Oom Hennie ken haar mos, oom Hennie weet sy's nie 'n bang vrou nie."

„Ons eet nou dadelik," belowe mevrou Hattingh, „dan kan jy nog vroeg by die huis wees. Dit begin deesdae al so gou donker word."

„Moeder het al dikwels genoeg 'n nag alleen deurgebring, tant Mart."

„Ja," sê mevrou Hattingh, en staan agteruit om hom binne te laat. „Maar jy moenie saans so alleen rondry nie, Gerhard, dis gevaarlik."

„Naand, Carla," sê Gerhard vir die meisie wat nog teen die kosyn aan leun, en dan steek sy haar hand na hom uit. Die ander mans volg hom na binne en mevrou Hattingh roep vir Carla om haar te kom help met die kos.

„Kom, George, kom sit aan," sê Hattingh, en klop hom hartlik op die skouer. „Jy's seker honger. Wat het jy vanmiddag met jouself aangevang?" Hendrik en Johannes gesels met Gerhard, hul stemme gedemp en die woorde onhoorbaar, en die vroue is besig by die stoof; ongemerk het Paultjie ook verskyn en staan langs George. „Jy moet oppas vir Gerhard," fluister hy; „hy's gevaarlik. Hy't net gekom om uit te vind wie jy is." Dan is hy weg en neem sy plek in aan die oorkant van die tafel sonder dat George kan vasstel of sy woorde skertsend of ernstig bedoel is.

Die vroue bring die skottels met kos na die tafel, die gekookte pampoen en boontjies, en die groot kan met water. „As ons geweet het jy kom, Gerhard, sou ons 'n skaap geslag het," sê Hattingh, en almal lag.

Nou eers terwyl hy tussen hulle aan tafel sit, besef George hoeveel terughoudendheid en afwagting daar was by alle hartlikheid waarmee hy hier begroet is: hy is verwelkom as oom George Neethling se kleinseun, maar 'n hele lewe, 'n hele wêreld het hom nog van hierdie mense geskei. Nou het daar 'n vertroude besoeker gekom, en hulle praat opgewek en deurmekaar en lag hardop.

Hy eet en luister en neem geen deel aan hulle gesprek nie. Waar hy

sit, kyk hy na hulle gesigte in die rossige gloed van die ondergaande son, want die deur staan nog oop en oorkant hom skuif die laaste daglig traag weg oor die muur, goud wat dieper en dowwer word en uiteindelik net as 'n rooi gloed oorbly, skaars nog waarneembaar in die groeiende skemering. Gerhard sit teenoor hom met Hendrik en Johannes aan weerskante van hom; hulle leun na vore om met mekaar te gesels oor sake waarvan hy niks weet nie en te lag oor grappe wat hy nie kan verstaan nie. Mevrou Hattingh gee borde aan en maan hulle om meer te eet, en net Carla is stil waar sy langs hom sit.

„Ek sal koffie maak," sê mevrou Hattingh, en dan staan Carla op om haar te help. Mevrou Hattingh skakel die lig aan, want dit het te donker geword om te sien.

„Dis tyd dat ek ry," sê Gerhard.

„Nog 'n koppie koffie," sê Hattingh. „Vyf minute kan jy darem wag. Dis nog nie so donker nie."

„Vyf minute," stem Gerhard in, maar die geselskap aan tafel is reeds opgebreek. Die vroue is weer besig by wasbak en stoof en die mans het begin opstaan. Net Gerhard bly sit en leun oor die tafel na George.

„En toe," vra hy, „wat dink jy van die wêreld hier?"

Die vraag is saaklik en afgemete, nie 'n vae uitdrukking van beleefdheid nie, en sy oë ondersoek George se gesig weer skerp.

Wat kan hy sê? Moet al die verwarde en verwarrende indrukke in 'n enkele sin saamgevat word onder hierdie ondersoekende blik? „Dis anders as wat ek verwag het," antwoord hy dan.

„Weet julle mense daar anderkant dan niks van ons situasie nie?"

„Ons weet in die algemeen hoe dit hier gaan, maar daar is geen direkte kontak nie, die berigte is vaag, jy weet nie wat jy kan glo nie."

„Kan dit julle nog skeel?" Die saaklikheid bly onveranderd, die vraag so koel en neutraal dat mens geen verbittering daaragter kan vermoed nie.

„Almal hoop om terug te kom, almal wag op die dag. My vader het baie gedoen om vlugtelinge te help, met geld of werk of dokumente, wat hulle ook nodig had. My moeder het tot haar dood heimwee gehad. . ." Die elektriese lig skyn in sy oë, die laaste sterwende gloed van die son onsigbaar teen die muur. Sy het verlang, weet hy, en in oomblikke van verwarring name aangeroep wat hy nie ken nie, maar hy kan slegs met moeite nog die besonderhede onthou, die beweging van haar kop, die hand, die armband.

„Maar wat dóén julle?" vra Gerhard op dieselfde afgemete toon.

Hy kyk op, half verontwaardig oor die vraag. „Ons gebruik die invloed wat ons het, ons oefen druk uit, ons maak geld bymekaar. . .” Aan die half afgedekte tafel waar Gerhard hom sit en aanhoor, klink die woorde, die handelinge self, egter volkome sinloos. En wie is die „ons” trouens van wie hy praat? Hy bedoel sy vader, hy bedoel ander mense, want sedert sy moeder se dood het hy alle kontak met die wêreld van die ballinge verloor. „Ons wag,” sê hy; „ons wag om terug te kom.”

Gerhard lag by homself. „Julle sal nooit terugkom nie,” sê hy saggies.

„Toe nou, Gerhard, stadig, man,” maan Hattingh langs hom, maar hy slaan geen ag daarop nie.

Hendrik en Johannes staan aan die ander end van die kombuis saam en gesels en Paultjie het ook van tafel opgestaan; net hulle drie het hier bly sit. Wat is die bedoeling van hierdie verhoor, wonder George, en waarom glimlag Gerhard so bejammerend?

„Julle doen niks nie,” sê hy op dieselfde lae, gemoedelike toon. „Julle praat, julle sit ure lank, dae lank – járe lank, nou al – en praat; maar dis óns wat agtergebly het wat die werk moet doen.”

Mevrou Hattingh het die koffie gemaak en kom nou terug met die koffiepot, maar op 'n afstand van die tafel bly sy staan asof sy onwillig is om hulle gesprek te onderbreek.

„Hier is die koffie, Gerhard,” sê Hattingh.

„Ek sal moet gou maak dat ek kan ry,” sê Gerhard. „Dis al donker.”

Carla bring die koppies en mevrou Hattingh skink vir hulle in; Johannes en Hendrik kom ook nader en die gesprek word weer algemeen. Was daar 'n dreigement agter Gerhard se woorde, wonder George, 'n uitdaging miskien, of verwerping? Gerhard gooi sy kop agteroor en lag oor iets wat Johannes gesê het, en dan spring hy op en begin afskeid neem.

„Maar waar het Carla nou weer heen verdwyn?” vra mevrou Hattingh. „Paultjie, gaan soek gou vir Carla, gaan sê vir haar Gerhard wil ry.”

Hulle het almal opgestaan om hom te groet, maar terwyl hy George 'n hand gee, trek hy hom eenkant toe, weg van die ander mense.

„Hoekom het jy hiernatoe gekom?” vra hy.

George kyk hom aan. Hy is 'n mooi man, maar agter sy aantreklikheid is daar iets meer waarvan mens nie dadelik bewus is nie: daardie heldergrys oë kan koud en flets word, die lippe is dun, die lyn van die kaak onwrikbaar. Ja, besef hy, Paultjie het sy waarskuwing ernstig bedoel.

„Ek het Rietvlei van my moeder geërf. . ."

„Ek weet dit, ek het dit al gehoor. Maar wat het jou die hele ent hierheen laat kom?"

Ook vir homself het hy die antwoord op hierdie vraag nog nie duidelik geformuleer nie. „Omdat dit 'n familieplaas is, 'n erfplaas," sê hy stadig. „Omdat ek dit self geken het in die ou dae en grootgeword het met verhale daaroor. Omdat dit nog iets beteken, hoe dan ook."

Gerhard antwoord nie dadelik nie. „Ons gesels weer hieroor," sê hy.

„Ek gaan môre weg."

„Jy was 'n hele leeftyd lank weg gewees, jy kan nie ná twee dae weer padgee nie. Ons gesels weer." Dan is hy weg, en Hattingh en sy seuns volg hom na buite.

„Hy behoort nie so laat nog rond te ry nie," sê mevrou Hattingh.

„Is dit so ver?" vra George.

„O, Kommandodrift is eintlik maar net langs die pad af, maar dis nie veilig nie, so alleen in die donker." Sy begin die koppies bymekaarmaak. „Hy's ook vir niks bang nie, hy's nog jonk. . ."

Buite hoor hy geen stemme nie nòg die geluid van 'n motor wat dui op Gerhard se vertrek. „Wie is sy familie?" vra hy om iets te sê.

„Sy ouers het plaas toe gekom in die moeilikhede, hulle het in die stad gebly, net soos ons. Kommandodrift is eintlik sy moeder se plaas, Kotie s'n, sy was ou oom Klasie se dogter. Maar waar bly die meisie dan nou?" onderbreek sy haar verhaal ongeduldig. „Ons het nog nie klaar koffie gedrink nie of sy's weer weg sonder 'n woord. Waarvoor ry Gerhard dan die hele ent hierheen? En nou het Paultjie agter haar aan verdwyn, net asof die grond hulle ingesluk het." Sy gaan na die gangdeur en roep langs die donker gang af. „Carla!" roep sy. „Paultjie!" Daar is egter geen antwoord nie, en na 'n tydjie sug sy en kom terug na die tafel waar George bly sit het, kyk verstrooid rond, en onthou weer waaroor hulle gepraat het. „O ja," sê sy en kom oorkant hom sit. In die vaal lig lyk sy oud en moeg waar sy met haar arms op die tafel sit en leun. „Dis Kotie se plaas, Frank was nie 'n plaasmens nie. Hy was te sorgeloos vir hierdie lewe en hy't nooit eintlik hier ingepas nie. In elk geval, hy't deurmekaar geraak met allerhande dinge, meer uit baldadigheid as iets anders, het ek altyd geglo, en toe het hulle hom weggevat, eendag op die dorp toe hy koöperasie toe gegaan het. Kotie het by die huis gesit en nie eers geweet waar bly hy nie; dit het dáe geduur voordat sy uitgevind het wat daar gebeur het." Sy kyk na die seildoek van die

tafel en lig dan haar kop op om te luister, maar daar is geen geluid nie. Die huis is stil; buite hoor hulle geen stemme nie.

Waar is Carla, wonder George; waar is Paultjie? Hy sien die kombuis in die flou lamplig, die tafel, en die vrou oorkant hom wat sit en wag en luister en dan weer herinner word aan die vergane leed waarvan sy hom vertel.

„Maar Frank is weggeneem," hervat mevrou Hattingh haar verhaal, „en 'n paar maande later het hulle haar laat weet dat hy dood is."

„Wat het daar met hom gebeur?" vra George, maar sy maak 'n afwerende gebaar.

„Mense verdwyn, mense gaan dood, en jy hoor nooit iets daaroor nie. 'n Mens se lewe is nie meer belangrik nie. Jy raak gewoond daaraan en jy leer om geen vrae te vra nie."

Buite hoor hulle 'n motor wat aangeskakel word, en mevrou Hattingh draai half om op haar stoel om na die gangdeur te kyk. Daar kom egter niemand nie.

„Frank het dus nooit teruggekom nie," sê sy, maar dit is duidelik dat haar gedagtes slegs gedeeltelik by die verhaal is terwyl sy luister na die gedreun van die motor op die werf en die stilte hier binne. „Ou oom Klasie is kort daarna oorlede en Kotie is alleen gelaat; tant Maria kon toe al nie meer baie doen nie en Gerhard was nog maar 'n kind. Maar Kotie het daardie plaas alleen behartig met net die ou vrou en die kind om haar te help, sy't geploeg en gedors en geskeer en geslag soos 'n man, en ek het haar nog nooit een keer hoor kla nie. Dis asof al haar moeilikhede haar net nuwe moed gegee het."

Die bakkie draai oor die werf: vir 'n oomblik flits die koplampe deur die oop kombuisdeur na binne, en dan sterf die geluid daarvan weg in die nag. Mevrou Hattingh staar na die patroon van die seildoek.

„Dis gaaf om Gerhard weer 'n slag te sien," sê Hattingh terwyl hy binnekom. „Ons het dit aan jóú te danke, George. Jy's 'n belangrike man hier in die distrik, weet jy? Ek hoor Bettie wou jou vanoggend selfs wegsleep skool toe om jou vir die kinders te wys. Ek hoop net ons laat jou nie ongemaklik voel met al hierdie belangstelling nie."

„Waar was jy dan al dié tyd, Paultjie?" vra mevrou Hattingh. „En waar bly Carla?"

George het nie eers gesien dat die seun terugkom nie. „Sy's in haar kamer, Mammie," sê hy.

„Kon sy nie eers vir Gerhard kom tot siens sê nie? Wat makeer haar?"

„Mammie weet teen hierdie tyd tog seker al wat haar makeer," sê Paultjie, en kom langs George sit. Johannes en Hendrik het nie teruggekom nie, en buite is dit weer stil.

„Gerhard dink dit sal 'n goeie plan wees as al die mense in die distrik 'n kans kry om vir George te ontmoet," sê Hattingh. „Hy't voorgestel dat ons môre-aand almal oorkom Kommandodrift toe. Hoe lyk dit, George?"

Sy vrou kyk dadelik op. „Dit was seker Kotie se idee," sê sy, „dis hoekom sy nie vanaand met hom saam gekom het nie."

„Ek moes gíster al weggegaan het," sê George.

„Maar jy't jou laat ompraat om nog 'n dag te bly. Hoe lyk dit, sal ons jou weer 'n keer kan ompraat? Jy kan darem seker nog één dag aan ons afstaan."

„Ek weet tant Maria sal bly wees om jou te sien," sê mevrou Hattingh. „Sy't jou grootouers baie goed geken."

„Hy wil die Lourense vra om oor te kom van Eensgevonden," sê Hattingh, „en tant Miemie-hulle van Moedersgift, natuurlik. Dit sal 'n hele saamtrek wees, seker so 'n twintig, dertig mense saam met die kinders."

„Dit sal 'n nagryery word," sê mevrou Hattingh.

„Ons kan saamry met Moedersgift se mense, dis minder gevaarlik. As ons hier weggaan voor dit donker word, kan daar niks gebeur nie."

„Ons kan ook altyd op Kommandodrift oorslaap," sê sy vrou. Haar oë is blink en daar is 'n blos van opgewondenheid op haar gesig. „Dis lank laas dat ons almal bymekaar was, ja, wánneer laas. . ."

„Jy kan nog één dag uitstel, nie waar nie, George?" vra Hattingh. „Dan sal ons nie probeer om jou langer hier te hou as jy wil gaan nie."

„Goed," sê hy na 'n tydjie, „nog één dag."

„Dis die moeite werd om te bly net om tant Maria te sien," sê Paultjie, en hy lag.

„Paultjie!" sê sy moeder.

„En tant Loekie Lourens is ook nie iemand wat jy gou sal vergeet nie. Nadat jy daardie spul bymekaar gesien het, sal jy ook nie langer wíl bly nie," voeg hy sagter by terwyl sy ouers begin praat oor die reëlings wat vir môre-aand getref moet word. Johannes sal Moedersgift toe ry om vir tant Miemie te laat weet, Gerhard sal Eensgevonden toe ry, daar sal gebak moet word. . .

„Ek dink ek gaan maar slaap," onderbreek George hulle gesprek, en staan op. „Ek is vanaand baie moeg."

„Dis seker ook maar vermoeiend, hierdie vreemde land en al die nuwe mense wat jy ontmoet," sê Hattingh.

„Het jy laasnag dan nie goed geslaap nie?" vra mevrou Hattingh. „Of was die ryery te veel vir jou? Dis 'n hele ent Moedersgift toe."

Hy bevry hom van hulle sorgsaamheid en groet hulle vir die nag. Wanneer hy die deur van die kombuis agter hom toetrek, staan hy egter verblind in die donker. Daar is geen lig in die gang nie, onthou hy terwyl hy met sy hand na die muur tas en wonder of hy sy kamer sal kan vind, en hy wil omdraai om terug te gaan na die kombuis wanneer hy sien dat die donker voor hom helder begin word in die verte. Êrens om 'n hoek of in 'n ander kamer flikker daar langsaam 'n lig op en kom nader, spoel deur die duister en groei en krimp al helderder oor mure en plafon. Dit is Carla wat met 'n brandende kers in haar hand na hom toe kom van die ander end van die lang gang: sy beweeg vinnig en hou die kers hoog, sodat die lig op haar gesig val, en sy is al naby hom voordat sy hom sien en bly staan.

Waar was sy die hele tyd gewees, en waar kom sy nou vandaan met die brandende kers deur die donker? Sy sê egter niks nie en hy weet dat hy haar nie kan vra nie.

„Goeienag," groet hy haar, en stap by haar verby na sy kamer. In die kerslig kyk sy hom nadenkend aan, en dan knik sy stadig, byna formeel. „Goeienag," antwoord sy. Sy bly daar staan met die blaker omhoog gehou om hom lig te gee totdat hy sy kamerdeur bereik, maar wanneer hy dit agter hom toemaak, sien hy dat die gang buite weer donker is, want sy het die lig uitgeblaas of verder gegaan en die kers met haar saam geneem.

„Dis mooi weer vandag," sê mevrou Hattingh terwyl sy die brood uitkeer uit die blikke. „Dit gaan 'n mooi dag word. Jy't nogal slegte weer gehad solank jy hier by ons is." Sy het gebak, en die geur van vars brood vul die kombuis. „Maar jy kan sien dat dit herfs begin word," gaan sy voort. „Dit word al koel, ek het dit gisteraand gevoel toe Gerhard hier weg is, toe die kombuisdeur oop staan. En dit word vroeg donker. Ek moet sê ek is 'n bietjie skrikkerig oor die Kommando-drift toe ryery vanaand."

„Waarom is dit snags gevaarlik?" vra George.

„Ons bly maar afgesonderd hier op die plaas, enigiets kan gebeur. . ."

„Oordag tog ook."

„Nie so maklik soos snags nie." Vir 'n oomblik is sy afwesig, haar kop weggedraai, en hy volg haar blik waar sy deur die venster staar, maar buite is daar niks nie, die werf verlate in die vaal oggendsonlig.

„Kry vir jou melk," sê mevrou Hattingh en stoot die melkkan en suikerpot nader. „My man en Hendrik is al vroeg vanoggend weg dorp toe, net nadat hulle geëet het. Hulle moes die aartappels wegbring koöperasie toe."

„Gaan u nooit dorp toe nie?" vra hy.

„Ag, wat moet ek op die dorp soek? Ons kan maar die beste daar wegbly. Daar het so min mense oorgebly wat ons ken."

„Wat het van hulle geword?"

„O, hulle is weg of dood – daar verander deesdae so baie dinge, die wêreld is nie meer soos ons dit geken het nie. Daarom is dit beter om maar by die huis te bly. Daar's in elk geval ook genoeg te doen."

Hy stel die verkeerde vrae, besef hy, takloos en onkundig besig om hom op terrein te begewe wat vir hom as buitestaander verbode is.

„Het net hulle twee gegaan?" vra hy om die gesprek in 'n ander rigting te stuur.

„Ja, dis genoeg. Ek moet gaan eiers soek," sê sy dan skielik, en begin 'n doek om haar kop vasknoop. „Kry maar vir jou nog koffie as jy wil hê, George, die koffiepot staan op die stoof."

Johannes kom deur die agterdeur binne, groet sy moeder, knik vir George, en kom oorkant hom sit aan die tafel. „Dit lyk vir my julle mense slaap laat daar anderkant," sê hy met 'n stroewe poging tot gemoedelikheid.

„Ek begin om nege-uur, tienuur eers werk, ek is nie gewoond aan vroeg opstaan nie."

„Jy moet 'n slag inspring en hand bysit met die werk hier op die plaas. Jy sal genoeg vind om jou besig te hou van voor dagbreek tot laat in die aand."

„Ek dink nie dat ek sal probeer nie."

„Wat is dan verkeerd met plaaswerk?"

„Ek sê nie dat daar iets mee verkeerd is nie. Maar as ek moes probeer om julle te help, sou ek meer in die pad wees as iets anders."

„Ja, seker," sê Johannes. „Jy's 'n lessenaarmens. Kyk maar na jou hande."

George kyk na sy hande voor hom op die tafel. Op die dag ná sy terugkoms het hy 'n afspraak met die kapper en sal die manikuur sy hande versorg – nog net twee dae in hierdie vreemde land waarvan hy feitlik niks gesien het nie, net een dag hier op die plaas met sy groot kombuis en die stilte buite en Johannes in vuil kakiewerkklere.

Johannes sit nog na sy hande en kyk, spottend maar nie onvriendelik nie. „As jy besluit om te bly, kan ons nog altyd probeer om 'n boer van jou te maak," sê hy.

„Moet ek Rietvlei weer gaan opbou?"

„Hoekom nie? Daar's baie mense wat met net so min begin het, of minder. Ons sal jou leer om 'n muur te messel en 'n boorgat te sink en 'n trekker te bestuur."

„Dink jy dat dit die moeite werd is om te probeer?"

„Dink jý so?" vra Johannes, en leun dan na vore, elmboë op die tafel. Mevrou Hattingh het 'n mandjie geneem en na buite gegaan, en hulle is alleen in die kombuis. „Wat is jou plan met die plaas?" vra hy vertroulik.

„Om dit te verkoop – dit was nog altyd my plan, en ek het nie van besluit verander nie."

„Dink jy jy sal iemand vind om dit te koop?"

„Ek kan ten minste probeer." Eintlik het dit ook niks met Johannes te doen nie, dink hy, en grens hierdie nuwe toenadering aan opdringerigheid.

Johannes lag saggies. „Jy wil nie met my daaroor praat nie, nè? Vertrou jy my dan nie?" Dit is duidelik dat hy probeer om vriendelik te wees, maar in die maskeragtige gesig bly die oë waaksaam en ondersoekend. Hy het een of ander geheime motief met hierdie ondervraery, besef George, en voel dat dit beklemmend begin word. Hy staan op.

„Jy't seker nog baie om te doen," sê hy. „Ek wil jou nie ophou nie."

Die woorde is bedoel om die gesprek te beëindig, en Johannes besef dit ook: hy glimlag nog en hy weet nie hoe hy moet reageer nie.

„Wat gaan jy doen?" roep hy George agterna.

„Ek gaan stap."

„Waarheen?"

„Ek weet nie, ek gee nie om nie."

Paultjie en Carla moet hier êrens by die huis wees, dink George terwyl hy die kombuis verlaat en die gang af stap, en hy wonder of hy een van hulle sal kan vind. Aan weerskante van die gang is die deure toe, die kamers daaragter stil, en wanneer hy gaan staan, hoor hy geen geluid in die huis nie.

Doelloos bly hy voor 'n venster kyk na die leë werf waar net die patrone van son en skadu oor die grond beweeg. Anderkant die draad en die bloekombome lê die veld en wag, maar alhoewel hy vir Johannes gesê het dat hy wil gaan stap, voel hy geen lus nie. Eerder voel hy behoefte aan iemand met wie hy kan gesels, al is dit dan Paultjie met sy wisselende buie en onvoorspelbaarheid of Carla wat hom swygend oordeel en afkeur.

Hy dwaal verder deur die huis, deur die ongebruikte kamers met dieselfde halflig en dieselfde muwwe geur van vergang wat hom gister op Moedersgift beklem het. Dan maak hy 'n deur aan die end van 'n gang oop en bevind hom bo-aan 'n aantal treetjies wat af lei na 'n skuur waar hy iets in die strooi kan hoor ritsel. Iemand beweeg agter die bale kaf wat hier opgestapel is, besef hy wanneer sy oë gewoond is aan die duister, en hy bly daar staan sonder om iets te sê, hoor die geritsel voortgaan, en sien mevrou Hattingh dan wat gebuk te voorskyn kom van agter die bale met die mandjie in haar hand. Sy merk hom nie eers op nie en gaan voort met haar rondkrap in die strooi, 'n ou vrou met strooihalmpies wat aan haar klere bly vassit het. Sy frons effens en

praat saggies en 'n bietjie klaerig by haarself, en terwyl hy na haar kyk voel hy 'n skielike medelye met haar omdat sy so oud en armoedig lyk en so moeisaam rondtas in die strooi terwyl sy soek. Hy kom na haar toe om haar te probeer help, en sy roep gedemp uit van die skrik en strek haar hand uit om hom af te weer met sulke angs op haar gesig dat hy verbaas bly staan.

„Dis ek, Mevrou," sê hy, en dan herken sy hom.

„Genugtig, George, jy het my laat skrik," sê sy, en hy sien dat sy bewe.

„Ek het nie gedink dat u so sal skrik nie, Mevrou. Ek het deur die huis gestap en hier uitgekom. . ."

„Jy moet my nie so bangmaak nie," sê sy met 'n sekere skerpheid, en sy buk om die mandjie op te tel wat sy laat val het.

„Dit spyt my, Mevrou. . ."

„Mens weet nie wie jy skielik hier voor jou kan kry nie, Hennie-hulle is nie eers by die huis nie. . ." Sy bewe nog, en hy weet nie wat hy moet sê om dit weer goed te maak nie.

„Kan ek u help, Mevrou?" vra hy.

„Wat? O ja," onthou sy, „die eiers. Ek het gedink ek moet maar kom eiers soek, 'n paar van die henne het los gekom uit die hoenderhok en hulle het hier rond en bont gelê, ek moet kyk of ek kan agterkom waar hulle nes gemaak het. Maar ek het nog niks gevind nie."

Sy begin weer 'n bietjie doelloos in die los strooi van die skuur rondkrap. „Kan ek u help?" herhaal hy, maar blykbaar hoor sy hom nie.

„Die kinders moet hier êrens wees," sê sy, „maar ek weet nie waar nie. Hulle kom en gaan soos hulle wil, mens kan geen oog op hulle hou nie."

„Moet ek hulle vir u soek?"

„Ag, laat hulle maar, hulle is jonk; laat hulle maar uithaal wat hulle wil." Sy buk om onder 'n lae dwarsbalk deur te kom en staan dan voor hom. „Hendrik en Johannes is heeltemal anders, hulle is veel meer pligsgetrou, veel ernstiger. Maar hulle is ook ouer. . ." Hy volg haar terwyl sy al pratend wegstap. „Hulle het met ons plaas toe gekom toe hulle klein was; die ander twee is hier op die plaas gebore, dit maak 'n verskil. En hulle is nog so jonk, pure kinders. . ."

Sy het weer geselskap gekry, 'n toehoorder teenoor wie sy haar gedagtes kan uitspreek, en 'n bietjie ongemaklik stap George agter haar aan terwyl hy wonder hoe hy weer kan wegkom.

Sy bly staan in die deur van die skuur en kyk uit oor die werf. „Die windjie waai maar koud," merk sy op. Ten spyte van haar voorspelling dié oggend, word dit nie 'n mooi dag nie, en die wind is inderdaad koud. „Maar dit lyk darem in elk geval nie asof dit gaan reën nie. As ons vanaand nog deur die modder Kommandodrift toe moet sukkel – dis 'n taamlike entjie, al is hulle ook ons naaste bure."

„Die plase lê hier ver uit mekaar uit."

„Daar het so baie mense weggegaan, daar is so baie verlate plase. Net hier en daar kry jy nog mense. Maar ek hoef darem nie heeldag alleen by die huis te wees soos Kotie nie, daar is altyd iemand hier rond, my man of een van die kinders. Gerhard is gewoonlik heeldag op die lande, en Kotie kan nie vir tant Maria alleen laat nie, dus bly sy maar by die huis. Die ou vrou is natuurlik nie heeltemal hulpeloos nie, sy doen nog baie in die huis, en Kotie is 'n goeie skut, maar ek sou bang wees so alleen." Haar aandag is nie by wat sy sê nie en haar woorde word onsamehangend: sy dink aan die eiers wat sy moet gaan soek, en is reeds besig om die doek om haar kop stywer vas te trek teen die rukkerige windvlae.

„Mens het seker ook 'n besondere geaardheid nodig om op die plaas te kan lewe," sê hy. „My moeder het altyd gesê dat sy nooit haar lewe op Rietvlei sou kan deurbring nie."

„Liewe Vader, nee, as jy kan kies, is dit 'n ander saak. Met Kotie was dit natuurlik net andersom, dit was Frank wat nooit hier sou kon aard nie, daarom is sy met hom weg toe hulle getroud is, al het sy altyd 'n plaasmens gebly. Maar die meeste van ons het nie eers 'n keuse gekry nie, dit was padgee hierheen of vertrap word, dié wat nie betyds weggekom het oorsee toe nie."

Sy sê dit met 'n sekere bitterheid, maar die opmerking is nie teen hom gerig nie. Reeds beweeg sy van hom weg en soek rondom die leë dromme en kratte wat teen die pakhuismuur aan staan. „Nee," herhaal sy, „ons het geen kans gekry om te kies nie. Hoe sou ek anders op 'n plaas beland het, ek wat in die stad grootgeword het? O, ons het soms op die plaas gaan kuier toe ek jonk was, dan hoor jy hoe die tannie bevele gee aan die meide in die kombuis of hoe die oom kla oor die volk of die droogte of die oes, maar dis al wat ek ooit van die plaaslewe af geweet het. Hoe sou ek kan dink dat ek hier sou beland, dat ek my lewe só sou eindig? Wie sou ooit kon dink dat dit met ons sou gebeur?"

Sy stap verder langs die opgestapelde klippe van die kraalmuur. „Ek is nie 'n plaasmens nie," sê sy heftig in 'n soort verweer, alhoewel sy

nie eers na hom omkyk nie. „Ek het nie op hierdie manier grootgeword nie, ek het 'n beter lewe geken as dit. Miskien moes ek maar probeer om daarvan te vergeet, ek weet nie, miskien is dit vir my kinders gelukkig dat hulle niks anders ken as hierdie soort bestaan nie. Vir myself gee ek ook nie om nie, want ek het dit alles gehad, en my lewe is nou tog byna verby, maar jy sou húlle tog so graag iets anders wil gee, iets wat die moeite werd is." Dan draai sy vinnig om en kyk hom byna verontskuldigend aan. Sy het met haarself gepraat en heeltemal vergeet dat hy luister; haar woorde is nie vir hom bedoel nie.

„Dit lyk nie asof daar hier êrens neste is nie," sê hy.

„O ja," sê sy, „die eiers," en sy trek die knoop van die kopdoek stywer. „Miskien hier anderkant in die boord, hulle't daar ook rondgeloop. Ek sal gaan kyk."

Sy stap vinnig van hom weg oor die werf in die rigting van die vrugteboord met die mandjie in haar hand. Hy staan haar nog en nakyk wanneer hy iemand agter hom hoor fluit en hy Paultjie in die deuropening van een van die buitekamers sien staan.

„Ek het gedink Mammie sal jou nooit laat gaan nie," roep hy laggend. „Dis moeilik om weg te kom as sy jou eenkeer beetkry."

„Het jy ons agtervolg?" vra George.

„Ek het julle hoor praat in die skuur."

„Waar was jy dan gewees?"

„Ek het weggekruip."

„Waarom?" 'n Gesprek met Paultjie is altyd 'n kwessie van vrae stel en antwoorde een vir een uitlok, maar blykbaar hou die seun daarvan om sy inligting so broksgewys prys te gee.

„Sommer, almal hoef tog nie te weet waar ons is nie. Kom jy saam? Ons gaan lees."

„Wie?"

„Ek en Carla."

„En Johannes dan?"

„Ons is op die solder, Johannes weet nie eers daarvan nie – dis óns plek. Kom jy? Gou, voordat hy ons dalk sien." Reeds hardloop hy weg, en George volg hom na die skuur, waar hulle soos die eerste middag opklim na die halfsolder en hulle optrek na die deur, wat Paultjie agter hulle grendel. Dan bereik hulle bukkend onder die lae dak die solder waar Carla op die matras op die vloer sit en wag.

„So," begroet sy George; „ons het gedink jy voel dalk meer lus om hierheen te kom as om vir Mammie te help eiers soek."

„Ek het nie geweet julle is hier nie," sê hy.

„Dis waarom ons hierheen kom," sê Paultjie, „sodat niemand weet waar ons is nie."

„Johannes weet," sê Carla.

„Johannes weet niks nie, hy raai maar net."

„En wat is die verskil vir óns of hy weet dat ons hier is en of hy dit net raai?"

„Moenie sit en klets nie, ons het gesê ons gaan vanoggend lees. Netnou is Pappie-hulle weer terug."

„Jy weet Pappie-hulle sal nooit voor middagetetyd by die koöperasie wegkom nie. Ons het nog die hele oggend. Gaan sit," sê sy vir George. „Pasop net dat jou mooi klere nie vuil word nie."

Die woorde is spottend, maar sy is al besig om die boek wat sy op haar skoot het oop te slaan. Paultjie het hom op die vloer uitgestrek en lê en wag.

„Wat is die boek?" vra George.

„O, sommer iets wat Paultjie by Fanie Raubenheimer gekry het. Fanie het ook 'n hele versameling boeke."

„Dit gebeur amper nooit dat hy iets uitleen nie," sê Paultjie. „Hy wil liewer hê dat ons Moedersgift toe kom, dan lees ons vir mekaar voor. Of hy lees van sy gedigte."

„Ons kry gewoonlik meer van Fanie se gedigte te hore as iets anders," merk Carla op.

„Hulle's nie so sleg nie."

„Nie slegter as die meeste van die boeke wat hulle daar op Moedersgift bymekaar gekry het nie."

Paultjie se gesig word donker van drif. „Ons het gesê ons gaan lees," sê hy weer. „As jy nie nou begin nie, loop ek."

„Soms as dit stil is op die plaas en niemand sal merk dat ons weg is nie, kom ek en Paultjie hierheen, dan lees ons vir mekaar voor," verduidelik Carla vir George, en dan buk sy haar kop oor die boek om te begin.

„Loom lê die ou plaashuis verskuil agter die weldadige skadu van sy bome in die hitte van die somermiddag. Die plaasmense het hulle ná die ete teruggetrek in die koelheid van hulle kamers, en die plaasvolk wat besig was om die vrugteboord en die groentetuin nat te lei, het die geleentheid waargeneem om geluidloos te verdwyn, sodat die werf en die tuin verlate lê in die fel strale van die son. . ."

Sy lees met 'n lae, duidelike stem terwyl sy die boek met albei hande

op haar skoot vashou. Paultjie lê uitgestrek op die vloer, sy ken gestut op sy hande, en George het oorkant hulle gaan sit met sy rug teen die muur. Buite waai die wolke blykbaar nog voor die son verby, en deur die smal, stowwerige ruite van die venster val die lig in wisselende patrone oor die vloer, nou helder, dan weer donker. Van tyd tot tyd rammel die ruite skielik in die kosyn, of die sinkplate van die dak rammel vir 'n oomblik, iets kras op die dak bokant sy kop, en Carla se stem raak vir hom verlore te midde van hierdie verspreide geluide: die boek interesseer hom nie, en sy kan die vormlose verhaal ook geen vorm gee nie. Is dit herfs, hierdie troostelose verkleuring? dink hy, en onthou een vakansie in die Dordogne tussen vlamkleurige wingerde en woude toe sy moeder na die populiere gekyk het en iets gesê het oor die wilge en populiere wat in die herfs verkleur al langs die spruit en rondom die dam by die huis. Hy was toe nog 'n skoolseun – waarom was hy daardie herfs nie op skool nie? – en het met sy ouers deur die Dordogne gery; in een of ander restaurantjie langs die pad het hulle wyn gedrink en truffels geëet, en sy moeder het iets gesê oor die herfste van haar jeug. Swygend het hy haar aangehoor – hy was nog maar 'n kind, en hy was in elk geval vir haar ook nooit 'n gespreksgenoot nie, haar woorde is nooit tot hóm gerig nie – en hy het een of ander barbaarse prag voor hom gesien, 'n weelde van smeulende goud, met brandende bome aaneengeskaar in die rykheid van hulle vergang. Toe het hulle verder gery: die sonskyn was wasig, en die boere was besig met die neut-oes. Nooit het hy hom so iets soos hierdie kaal solderkamer voorgestel nie, met 'n rukkerige wind wat die ruite laat rammel en wolke wat verbygejaag word oor 'n vaal, verlate land.

Die groeiende sonlig val op die kiste, die vloer, die boeke; dit val op Carla en verlig haar hare waar sy met geboë hoof sit en voorlees. Vir die eerste keer sien hy haar sonder die vyandigheid, waaksaamheid of doelbewuste afgetrokkenheid waarmee sy hom nog steeds probeer afweer het, dromerig en ingedagte oorkant hom in die teerheid van die lig.

Sy kyk op, reguit in sy oë, en vir 'n rukkie is dit stil.

„Luister julle?" vra sy.

„Wat bedoel jy?" vra Paultjie verontwaardig. „Wat dink jy doen ons anders?"

„Ek dink julle sit en slaap. Julle hoor geen woord van wat ek lees nie. Het jy geluister?" vra sy vir George.

„Jy's vanoggend nie lus om te lees nie, dis wat jou makeer," val Paultjie in die rede voordat hy kan antwoord.

„Vertel jy my dan waaroor die boek gaan as jy so aandagtig gevolg het."

„Oor 'n plaas, oor 'n dominee. . ."

„Sien jy! Oor 'n plaas en 'n dominee; en dáárvoor het ek al twaalf bladsye deurgesukkel."

Dit is duidelik dat sy inderdaad nie lus voel om te lees nie en dit meer geniet om Paultjie te probeer kwaad maak: sy is vanoggend in 'n speelse stemming wat vir George vreemd is.

„Ag kom nou, Carla," sê Paultjie. „Netnou wil Fanie die boek weer terug hê, jy weet hoe is hy oor sy boeke, dan het daar niks van al die lesery gekom nie."

„Sal dit 'n verlies wees?" vra sy, kop agteroor teen die muur. „Paultjie lê en droom, en jy sit waarskynlik ongemaklik daar in die hoek en bekommer jou omdat jou klere sal vuil word. . ." Sy spreek vir George aan, alhoewel sy nie sy naam noem nie.

„Ek kan ook oor ander dinge dink as oor my klere."

„Waaroor het ek gelees?"

„Oor 'n meisie op 'n plaas, en 'n predikant wat op besoek kom. . ."

Sy glimlag, en dan buk sy haar kop weer oor die boek en lees langsaam verder. Dit is waar, besef George, Paultjie luister ook nie; die seun se oë word dof, en dit is duidelik dat sy gedagtes geen verband hou met wat daar rondom hom gebeur nie. Self hoor George net Carla se lae, afgemete stem, nie die woorde wat sy lees nie, die swakgeskrewe verhaal oor mense wat geen wesenlikheid besit nie. Hy kyk weer na haar waar sy oorkant hom sit, na die verbleikte werkklere, die sterk, vierkantige hande en kortgeknipte hare, en weer kyk sy dan op en sien hoe hy haar aanstaar, vir 'n oomblik tussen twee woorde in sonder dat daar 'n onderbreking kom in die sin wat sy lees. Gaan sy kwaad word of aanstoot neem? wonder hy, maar aan haar geboë hoof en reëlmatige stem kan hy niks merk nie. Dan besef hy egter dat daar iets verander in die manier waarop sy voorlees, 'n nouliks merkbare beklemtoning van woorde en sinsnedes, 'n plegtigheid wat net buite verhouding is tot die teks waarmee sy besig is en 'n selfbewustheid wat nie eerder aanwesig was nie. Sy probeer Paultjie uitlok, dink hy eers geamuseerd wanneer hy dit merk, maar Paultjie lê nog dromerig voor hom en uitkyk sonder dat hy van enigiets bewus is. Carla blaai om en lees verder: die

verhaal wankel op die rand van parodie, en die moeder, die boeredogter, die dominee begin rukkerig en stuiptrekkend beweeg, hul edelheid en eerbaarheid byna karikaturaal terwyl Carla met daardie ligte oordrywing, daardie effense ironie sit en lees. Glimlaggend geniet hy wat sy doen, en wanneer sy weer opkyk, glimlag sy terug en lees verder met 'n nog groter weidsheid. Paultjie merk nog niks nie, en dit het 'n skielike speletjie tussen hulle twee geword.

„Sy was 'n lieflike jong nooi van nouliks twintig jaar," lees Carla, „en met haar laggende rooi mondjie en die dromerige blou oë wat soms so uitdagend kon vonkel, het sy al baie jongkêrels op loop geja sonder dat sy self haar hart aan enigeen van hulle verloor het." Weer kyk sy op en tref sy blik, en dan lag hulle albei sonder dat hulle weet wie begin het.

Verwonderd staar Paultjie hulle aan, sy aandag teruggedwing deur die onderbreking. „Wat makeer julle nou?" vra hy.

„Jy moet beter oplet," sê Carla laggend. „Ek het mos gesê jy luister nie."

Paultjie kyk van haar na George, maar ook George lag nog, beetgegryp deur 'n onverklaarbare ligsinnigheid. Paultjie bly onbegrypend en agterdogtig terwyl hy op hulle gesigte na 'n verduideliking soek, maar dan sterf die onbegrip en agterdog weg uit sy oë en sy gesig word strak.

„Nou goed dan," sê hy, en staan op, „as julle verspot wil wees, los ek julle hier, ek gaan nie my tyd vermors met sulke lawwigheid nie." Hy kan sy poging tot waardigheid egter nie volhou nie. „Dis jy wat vanoggend gedurig probeer om snaaks te wees," verwyt hy Carla heftig. „Jy stel niks belang in die boek nie, jy probeer net interessant wees en die aandag trek." Carla bly onaangedaan. „Jy dink jy's iets besonders omdat Gerhard oorry van Kommandodrift om jou te sien, jy dink jy kan met almal speel soos jy met hom doen. En hy het nie eers vir jóú gekom nie, jy weet dit net so goed soos ek. . ." Voor Carla se onbewoë glimlag stok sy stem egter; sy gesig vertrek van woede, en hy draai om en hardloop na buite. Hulle hoor hoe hy oor die voorsolder struikel en die deur na die skuur agter hom toeslaan, en dan is George en Carla alleen teenoor mekaar.

„Wil jy nog meer hoor?" vra Carla, en wys na die boek in haar hand.

„Ja, graag," sê hy, sonder dat hy dit bedoel.

„Dan kan jy self verder lees," sê sy, en gooi die boek na hom toe

sodat dit op die vloer voor hom val. „Ek het nou genoeg daarvan."

„Hoekom het jy dan so lank aangehou met lees?"

„Om Paultjie se ontwil."

„En nou het jy hom tog kwaad gemaak."

„Dis nie moeilik nie. Mens kan Paultjie ook nie altyd sy sin laat kry nie." Sy draai haar kop weg en kyk na die groeiende en kwynende lig agter die stowwerige vensterglas. „Maar oor 'n halfuur het hy weer heeltemal vergeet dat hy kwaad was. Hy sal terugkom; netnou hoor jy hom weer hier buite."

„Moet ons op hom wag?" vra George.

„Jy kan doen wat jy wil. Ek bly hier solank niemand my by die huis mis nie."

„Jou moeder het na jou gesoek. . ."

„O, mammie. . ." Haar stem is vriendelik, maar ongeduldig. „Mammie weet waarskynlik goed genoeg waar ons is, maar sy sal dit nie laat merk nie. Mammie is in sommige dinge baie inskiklik."

„Jou vader dan nie?" vra hy.

„Stel jy belang?"

„In jou vader?"

„In óns."

„Waarom sou ek nie belang stel nie?"

„'n Mens sou eerder kan vra waarom wél. Ons kan jou tog onmoontlik interesseer, ons is agterlike, eenvoudige plaasmense by wie jy 'n paar dae kuier omdat ons jou gedwing het en omdat jy nie wis wat anders om te doen nie – het ek nie gelyk nie?"

„Ek het vrywillig hier gebly," verweer hy.

„Regtig? En hoekom?"

Sy wag op sy antwoord, maar hy kan geen vind nie. „Omdat ek nie geweet het wat anders om te doen nie," gee hy dan toe, en hulle lag.

„Het jy vir my 'n sigaret?" vra Carla.

„Rook jy net wanneer jy alleen met my is?"

„Wanneer ek in die stemming is. En jy het buitelandse sigarette, nie hierdie selfgedraaide goed nie."

Hy staan op en gaan na haar toe aan die ander kant van die kamer om haar 'n sigaret te gee en dit vir haar aan te steek. „Dus is daar tog iets goeds oor my te sê," merk hy op.

Sy rook in stilte. „Jy moet nie te veel notisie neem van wat ek sê nie," antwoord sy. „Ek het jou al eerder gewaarsku, gisteroggend op Rietvlei."

„En ek het vir jou gesê dat ek ongeskiktheid verkies bo stilswye. Jy kan my liewer beledig as om te maak asof ek nie bestaan nie."

Sy haal haar skouers op. „Mammie en Pappie het op jou beslag gelê, daar is soveel wat hulle jou wil vra en vertel, of in elk geval soveel dinge waaroor hulle wil praat wat hulle net vir jóú kan sê. Waarvoor sou ék dan nog jou geselskap kom soek?"

„Miskien het óns nog meer om vir mekaar te sê."

„Wat laat jou so dink?"

„Dis 'n moontlikheid, niks meer nie. Ons is ongeveer ewe oud, ons is van dieselfde geslag, watter verskille daar ook tussen ons is."

Sy is vir 'n lang tyd stil terwyl sy rook en skynbaar oor sy woorde nadink. „Die geslag van ná die moeilikhede, die nuwe geslag. . . Miskien raak jy gewoond aan die stilte," sê sy dan. „Jy verlang na iemand met wie jy kan praat, jy wag, jy hoop, maar wanneer jy die kans kry, het die woorde in jou vasgegroei en daar is niks meer om te sê nie."

„Is daar werklik niks nie, of wíl jy net nie meer praat nie?"

Sy sit en nadink, en gaan voort asof sy die vraag nie eers gehoor het nie. „Nee," sê sy, „dis nie dat die woorde vasgegroei het nie, jy't hulle eenvoudig ontgroei; jy't geleer om woorde in dade om te sit, en jy het nie meer nodig om te praat nie. Jy't selfstandig geword." Sy glimlag. „Dis die oumense wat wil sit en praat, my ouers-hulle en tant Miemie, maar woorde help nie."

„Watter alternatief het jy?"

„Wag maar, wag, jy sal nog sien," antwoord sy glimlaggend.

„Paultjie het jou verwyt dat jy vanoggend net probeer snaaks wees," sê George. „Jy is nou besig om met my die gek te skeer net soos jy met hom gedoen het."

„Dink jy so?"

„Ek weet nie wat jou bedoeling is nie. Probeer jy om van my ontslae te raak omdat ek jou verveel, of amuseer hierdie speletjie jou?"

„Jy wil dat ek met jou praat, en ek probeer op my manier, dis al manier wat ek ken. As dit jou nie aanstaan nie, kan ek niks daaraan doen nie. Jy is vry om te gaan, jy weet waar die deur is."

„Ek wil nie weggaan nie; ek wil graag met jou gesels."

„En ek wil weer weet hoekom."

„Omdat jy my interesseer – ja, tóg, al glo jy dat julle vir my so oninteressant moet wees."

„Moet ek dit as kompliment opneem?"

„Ek bedoel dat jy anders is as die meisies wat ek nog altyd geken het; jy lewe in 'n ander wêreld. . ."

Sy leun na hom toe met 'n skielike gretigheid. „Vertel my van hulle," sê sy, „die meisies wat jy ken. Is jy verloof? Het jy 'n meisie?"

„Nee," sê hy.

„Jy ken tog meisies, jy het vriendinne."

„'n Paar."

„Vertel my van hulle. Hoe lyk hulle, watter soort klere dra hulle, waaroor gesels hulle?"

„Jy is nog besig om met my die gek te skeer."

„Jy wíl my niks vertel nie," sê sy. „Jy het ons verwyt dat ons jou nie vertrou nie, maar jy vertrou óns ewe min. So lank as wat jy hier is, het jy nog niks oor jouself prysgegee nie. Jy het 'n paar algemene dinge vertel omdat jy nie anders kon nie, maar verder het jy net oor jou ouers gepraat, nooit oor jouself nie. Jy was vreeslik beleefd gewees, jy het alles waardeer wat ons vir jou doen, jy het vir alles asseblief en dankie gesê, jy het gemaak asof dit vir jou interessant is, maar jy het ons niks van jouself laat sien nie. Jy kan ons niks verwyt nie."

„My lewe is so anders as julle s'n. . ."

„Ek is ook 'n mens," sê Carla. „Of het jy nie so gedink nie? Daar is baie dinge wat ek kan verstaan of raai of aanvoel. Ek het darem ook skoolgegaan en gelees en na ander mense geluister en van ander dinge gehoor, al bly ek my lewe lank op die plaas en is ek heeldag op die werf en in die groentetuin besig. Wie is jy om hier te kom en op my neer te kyk en te sê dat ek nie sal verstaan nie?"

„Ek wou jou nie beledig nie."

„Nee," sê sy vinnig, „verskoon my, ek weet jy wou nie. Maar jy kyk tog op ons neer, nie waar nie, armoedige boere wat hier in 'n uithoek sit met hul skape en hul mielies en probeer om aan die lewe te bly. Ons is nie mense nie, soos jy en jou vriende, jy kan met ons nie oor hulle praat nie. Ons het minder as mense geword." Hy probeer iets sê, maar sy gee hom geen kans nie. „Nee, dit maak nie saak nie, jy kan ons maar verag as jy wil. Maar as jy nie meer as mens beskou word nie, as jy nie meer as mens behandel word nie, begin jy naderhand self ook vergeet dat jy 'n mens is. Jy verloor jou trots en jou waardigheid; al wat nog saak maak, is om aan die lewe te bly, jy kruip en kronkel en verneder jouself op bevel – o, ek sien dit in my eie ouers, en ek is bang, ek is bang vir daardie aftakeling, meer as vir ouderdom of siekte of

arm wees. Dis die ergste wat hulle ons aangedoen het. Dit maak nie saak dat ons weggejaag is hierheen nie, niks maak saak nie; wat my bang maak, is om nie meer 'n mens te wees nie, om niks meer te kan doen nie, niks meer te beteken nie."

Sy praat met 'n ongekende heftigheid wat hom verras; waar hy langs haar gaan sit het op 'n kis, kyk hy na haar, en sy lyk so jonk en weerloos hier voor hom, dat sy stem sag is wanneer hy begin praat, asof dit 'n kind is wat hy aanspreek. „Ek sou julle graag wil help," sê hy. „Ek sou graag iets vir julle wil doen, ook al glo jy miskien nie wat ek sê nie. Maar wat is daar wat ek kan doen?"

„Daar is niks nie. Julle't gekies, julle't weggegaan en 'n nuwe lewe opgebou en ons agtergelaat. Jy kan net nog vir Mammie-hulle 'n bietjie troos bring, vir die ouer mense met al hulle herinnerings. Maar ons onthou niks meer nie, daar is vir ons geen drome of illusies meer nie."

„En hierdie solder dan waar julle kom wegkruip?" vra hy.

„Ja, die solder . . ." sê sy. „Die solder is Paultjie se plek, dis Paultjie se boeke hierdie, dis hy wat wil lê en droom van ander dinge, ander wêrelde. . ."

„En jy? Droom jy nooit nie?"

„Dit het geen sin nie."

„Moet ek jou glo?"

„O vroeër, vroeër het ek nog allerhande drome gehad, maar dit is verby." Sy sê dit ongeduldig; dit is 'n swakheid van lank gelede.

„En is jy gelukkig so?"

„Lyk ek vir jou dan nie gelukkig nie?"

„Is jy tevrede?"

„Hoekom sou ek nie gelukkig en tevrede wees nie, ten spyte van alles?" vra sy half uitdagend. „Maar jy sal seker ook nie verstaan nie."

„Nee," sê hy, „ek verstaan nie. Ek verstaan niks nie, ek moet dit erken. Julle is vreemd, julle lewe is vir my vreemd, dit is vir my 'n vreemde land, ook al is ek hier gebore."

„Jy klink verbaas daaroor."

„Ek het nie hierdie vreemdheid verwag nie; hierdie besoek was vir my tog eintlik 'n terugkoms, 'n tuiskoms. Ek het grootgeword tussen mense wat altyd maar oor hierdie land gepraat het en aan niks anders kon dink nie, ek moes alles daarvan leer asof daar geen ander land bestaan nie, en tog herken ek dit byna nie."

„Datums van veldslae wat almal gewen is, name van mense wat

almal helde was, mooi woorde en edele gebare, lang lyste heldedade, onregte om te onthou en nooit te vergeet nie. . . Is dit waaroor hulle met jou gepraat het?"

„Ja," sê hy.

„Ek ken ook al daardie dinge, ek het dit geleer in die skooltjie op Moedersgift, by ou meneer Malan wat nou dood is. Hy het 'n kaal kop gehad met 'n litteken wat dwars daaroor loop, waar 'n soldaat hom eenkeer met die kolf van sy geweer geslaan het. ‚Kyk hier, kyk na my,' het hy dan geskreeu wanneer hy oor al die onreg begin, asof dít die grootste onreg was van almal." Sy glimlag effens. „Hulle het jare van ons lewens met daardie dinge vermors, met hulle volksliedere en toesprake en geloftes, maar dit het geen sin nie; die land waarvan hulle my geleer het, is vir my net so vreemd soos vir jou. Hulle kon ons liewer geleer het hoe om stil te bly, hoe om te vergeet, hoe om nederig en geduldig te wees en aan te hou en aan die lewe te bly vasklou kom wat wil. Dis wat jy nodig het om in hierdie land te kan woon."

„En wat moes hulle my geleer het?" vra hy.

„Ek weet nie – Frans of Duits of meetkunde of wat jy ook al nodig het vir jou soort lewe, nie al daardie nuttelose ou dinge nie."

„Miskien het jy gelyk. Ek kan tog niks gebruik van wat ek geleer het nie."

„Jy sal nie hier bly nie," sê sy, „ek het dit geweet. Mammie en Pappie-hulle het daaroor gepraat dat jy miskien hier sal kom woon, terugkom na die plaas, maar ek het dit nie verwag nie."

„Jou broer het vanoggend in die kombuis ook daaroor begin praat."

„Johannes? Hy ook al?"

„Hy het blykbaar nie veel geloof in my aanleg vir die plaaslewe nie."

„Jy sal nooit 'n boer wees nie," sê sy. „Jy wil ook nie eers nie."

„Nee, ek wil nie. Dis 'n lewe waaroor mens in boeke lees, nie iets vir die werklikheid nie." Hy kyk na die boek wat sy eenkant gegooi het op die vloer, en dan glimlag hulle albei.

„En tog is dit 'n mooi lewe," sê sy; „ten spyte van alles kan dit mooi wees. En dis 'n mooi land, ook al hou jy nie daarvan nie."

„Ek het dit nooit gesê nie."

„Maar dit is tog so. Nie waar nie?"

„Ek weet nie wat ek daarvoor voel nie. Soms maak dit my bang, en soms ontroer dit my."

„Dis 'n mooi land," herhaal sy. „Dis nou al herfs, oor 'n paar maande is dit winter. Jy kan nie dink hoe mooi die winter hier is nie,

die veld is wit gebleik, en die lug het so hoog en yl geword. Alles is stil, alles wag om opnuut te kan begin." Sy draai haar kop weg en praat dromerig by haarself. „Maar jy sal dit nie sien nie, jy sal dit nooit weet nie."

Môreoggend gaan hy weg hiervandaan; môreaand is sy plek bespreek op die vliegtuig na Zürich, waar dit nou lente is en die bome begin bot in die parke. Hoe laat kom hulle daar aan, dink hy, en wanneer sal hy in Genève kan wees?

Carla staan op. „Ek moet loop," sê sy. „Daar's nog werk wat ek moet doen."

„Gaan jy nie op Paultjie wag nie?"

„Paultjie het van ons vergeet, of anders duur sy slegte humeur langer as gewoonlik. Dis nie die moeite werd om te wag nie."

Sy stap reeds van hom weg. „Dankie vir die voorlees," sê hy. „Dankie vir die geselskap."

Sy bly staan by die deur met haar rug na hom toe. „Ek het vir jou gesê dat daar niks is wat jy vir my kan doen nie," sê sy; „maar tog, jy't geluister, dis ook belangrik. Daar is niemand hier met wie ek kan praat nie. Vergeet maar wat ek alles gesê het."

Sy is weer die onhandige meisie van voorheen, ongemaklik oor die woorde wat sy hom oor haar skouer toewerp. Dan gaan sy vinnig en haar voetstappe word stil.

Hy tel die boek waaruit sy voorgelees het op waar dit op die vloer bly lê het. Die bladsy is omgebuig, en hy vou dit reg, maak die boek toe en sit dit weg. Hy bly nog 'n tyd lank wag, alhoewel hy self nie weet op wie of wat nie, maar daar gebeur niks nie, daar kom niemand nie. Net die lig en skadu beweeg nog onafgebroke oor die leë vloer.

Hattingh en Hendrik kom eers teen die vroeë middag terug en vertel aan die middagetetafel van die lang wagtyd, die moeilikheid in verband met vorms, die pogings om een of ander vereiste stempel te kry, en die eindelose reeks oponthoude. Mevrou Hattingh, wat met die verloop van die dag steeds onrustiger in die kombuis op en neer beweeg het, haar gesprek ingedagte en onsamehangend, is weer gerusgestel. Paultjie kom laat binne en gaan sit aan tafel sonder om iemand te groet of te antwoord op sy moeder se vraag waar hy was, en Carla neem ook geen deel aan wat daar gesê word nie. Dit is Johannes wat sy vader en Hendrik uitvra oor wie hulle gesien het en oor pryse en gewigte. Hy sit hier soos 'n nuweling op skool, dink George terwyl die gesprek rondom hom

voortstroom, en skielik begeer hy mense met wie hy kan gesels en wat dieselfde wêreld bewoon as hy. Op die dag van sy terugkoms het hy 'n afspraak vir aandete by Pierre en Ève. Hy het belowe om wyn saam te bring: *fricassée de poulet à l'ancienne*, het Ève gesê. 'n Côtes de Rhône of 'n Graves, dink hy, en verlang na die tafel by kerslig en die geselskap van sy vriende. Vanaand nog die byeenkoms op Kommandodrift, en oormôreaand sal hy in Genève was. Sal hy vir Ève blomme saamneem, of die heuningagtige Griekse lekkers waarvoor sy so lief is?

„Wat het julle vandag gedoen, Paultjie?" vra Hattingh, maar die seun antwoord nie.

„Pappie het mos gesê ons moet die uie uitplant," sê Carla.

„Ek het met Paultjie gepraat."

„Mens kan raai wat Paultjie heeloggend gedoen het," merk Johannes spottend op. „Hy hoef nie eers iets te sê nie."

„En wat het jý dalk gedoen?" vra Paultjie. „Rondgeloop om óns dop te hou?"

„Daar was niks om dop te hou nie – jy't gesorg dat jy verdwyn sodra Pa hier weg is, jy en Carla altwee."

„Het jy ons loop en soek?" vra Carla. „Ek het nie geweet jy stel so belang in wat ons uitrig nie."

„Kinders," maan mevrou Hattingh.

„Dis nou genoeg," sê haar man. „Ek weet nie hoekom julle altyd onder mekaar moet baklei nie."

„Paultjie het nog altyd nie gesê wat hy heeloggend gedoen het nie," sê Hendrik, maar niemand gaan hierop in nie.

„Hoe laat moet ons vanaand ry?" vra mevrou Hattingh haar man, en slaag daarin om die onderwerp te verander. Hulle begin oor die reëlings praat: Johannes sal tant Miemie-hulle met die bakkie gaan haal, word daar besluit, en die ander sal met George saamry in sy kar. Paultjie en Carla neem nog geen deel aan die bespreking nie, elkeen besig met sy eie gedagtes.

„Dink jy ons moet die wit rok stryk voordat jy hom aantrek, Carla?" vra mevrou Hattingh, en dan kyk sy haar moeder langsaam aan.

„Mammie weet ek hou nie van die wit rok nie."

„Of jy daarvan hou of nie is 'n ander kwessie," sê mevrou Hattingh. „Dis al wat jy het om aan te trek."

„Wat is dan verkeerd met die klere wat ek aan het?"

„As Gerhard van haar hou in haar werkklere, wat sukkel Ma nog met wit rokke?" vra Johannes.

„Dis vanaand 'n spesiale geleentheid, die hele distrik sal daar wees, en as jy dink ek gaan toelaat dat jy só daar rondloop, vergis jy jou," sê mevrou Hattingh vinnig en opgewonde. „Dis tyd dat jy jou behoorlik begin gedra. Wat sal die mense van jou dink?" Dan onthou sy dat George by hulle sit en breek skielik af. „Gaan haal die wit rok," sê sy, „dat ek hom stryk."

„Jy sal nie te laat hier moet weggaan nie, Johannes," sê Hattingh. „Jy weet hoe lank dit duur voordat tant Miemie gereed is."

Hulle staan op van die tafel en gaan elkeen sy eie gang. Net Paultjie bly agter en speel met die broodkrummels op die tafelblad.

„Is jy nog kwaad vir ons?" vra George hom, en die seun glimlag asof hy op hierdie toenadering gewag het.

„Ek was nie kwaad vir jóú nie, net vir Carla wat probeer snaaks wees."

„Jy het dan nie eers geluister na wat sy lees nie."

„Dit kan my nie skeel van die boek nie, dis sommer iets wat Fanie my gister gegee het wat hy self nie wou hê nie."

„Waarom het jy dan so kwaad geword?"

„As sy die gek gaan skeer met alles het dit geen sin meer dat ons op die solder gaan wegkruip nie, dan kan ons maar net sowel uie uitplant. Dit was nog altyd ons spesiale plek, net ons twee s'n, maar Carla stel nie meer belang daarin nie."

„Jy kan dit nog vir jouself hou."

„Ag wat, dan is dit nie meer die moeite werd nie."

„Paultjie, nou moet jy êrens anders gaan sit," sê mevrou Hattingh, wat terugkom van die spens en werktuiglik begin om die moue van haar trui op te stoot. „Jy's net in die pad hier."

„Waarheen gaan jy?" vra Paultjie vir George, wat opstaan.

„Na my kamer. Ek sal maar gaan aantrek vir vanaand."

„Daar's nog baie tyd voordat ons ry."

„Ek het niks anders te doen nie." Die dag het bewolk gebly, maar die wind het gaan lê; hy staan voor die venster en sien hoe Johannes wegry oor die werf om vir tant Miemie te gaan haal. Agter hom het mevrou Hattingh die strykyster op die stoof gesit om warm te word. Pierre en Ève sal hom uitvra oor sy besoek, maar wat is daar wat hy hulle sal kan vertel?

„Mag ek met jou saamkom?" vra Paultjie.

„Waarheen?" vra hy verstrooid.

„Kamer toe," sê Paultjie, en volg George byna dankbaar wanneer

hy knik. Hy is vanmiddag bedees, en in die kamer sit hy swygend op die bed en kyk hoe George, 'n bietjie ongemaklik oor sy belangstelling, sy klere uitsoek.

„Wat gaan jy aantrek?" vra hy, en wanneer George hom die pak, die hemp, die das gewys het, kom hy dadelik om hulle te bekyk. „Hoeveel het hierdie das gekos?" vra hy, maar voordat George die prys kan omreken, het hy reeds die ander klere in die kas en in die koffer gesien. „Hoekom het jy soveel goed saamgebring?" vra hy.

„Om te dra, wat anders?"

„Jy het mooi klere," sê Paultjie, besig om die hemde een vir een te voorskyn te haal waar hulle in die kas hang. „Al die mense sal vir jou kyk op Kommandodrift."

„Jy kan een van my hemde leen om vanaand aan te trek as jy wil," sê George.

„Meen jy dit?"

„Natuurlik, anders sou ek dit nie sê nie."

Nadenkend bekyk Paultjie die hemde weer. „Die ligperse," besluit hy dan. „Ek gaan dit sommer dadelik aantrek."

Sy kakiehemp laat hy op die vloer val en stryk met sy wang langs sy skouer en arm om die sagtheid van die nuwe hemp te voel terwyl hy dit aantrek. „Wat is dit?" vra hy.

„Sy."

„Hoe maak mens die moue vas?" vra hy, en George gee vir hom 'n paar mansjetknope en help hom om dit aan te sit. „Jy't alles snaakse dinge," merk die seun op.

„Daar's tog niks snaaks aan mansjetknope nie."

„Nie vir jóú nie." Hy kyk na homself in die spieël, en begin dan opgewonde in die kamer rond beweeg terwyl hy George se besittings verder ondersoek. „Wat is dít?" vra hy.

„Naskeermiddel."

„En dít?"

„Talkpoeier."

Die flessies en buisies fassineer hom blykbaar en een vir een ondersoek hy hulle, totdat sy nuuskierigheid George begin irriteer.

„Wil jy 'n das hê om by die hemp te dra?" vra hy om Paultjie se aandag af te lei.

Hy oorweeg die vraag en bekyk die dasse wat George vir hom ophou, maar dan skud hy sy kop. „As ek met 'n das daar aankom, sal hulle my uitlag."

„Moet ek dan liewer ook nie 'n das dra nie?"

„O, dit maak nie saak wat jy doen nie, jy's tog 'n uitlander." Hy strek sy hand uit na die dasse, en dan gryp hy hulle beet en draai hulle om sy arm en om sy nek, 'n verstrengelde massa kleure, strepe en patrone, swaai hulle bokant sy kop, sodat hulle uitwaaier en oor hom neerval in fladderende rooskleur, silwer en pers, en lag uit-asem, uitbundig soos 'n kind wat 'n nuwe speletjie ontdek het.

„Wat makeer?" vra George.

„Dis mooi," sê hy eenvoudig, en kyk met blink oë uit van tussen die stroke materiaal wat soos die fraiings van een of ander primitiewe hooftooisel oor sy gesig val. „Dis mooi kleure. Wys my wat het jy nog alles."

Op daardie oomblik word daar egter geklop en Hattingh kom binne, byna onherkenbaar in die onverwagte formaliteit van 'n wit hemp en donker pak.

„Ek het kom kyk of jy al gereed is, George," sê hy.

„Hy't vir my een van sy hemde geleen om vanaand aan te trek," sê Paultjie.

„Gaan maak jou klaar, Paultjie," antwoord sy vader. „Ons moet netnou ry."

„Ek sal binne vyf minute klaar wees," sê George terwyl Paultjie die kamer verlaat, maar Hattingh maak 'n gerusstellende gebaar.

„Nee, nee, ek wil jou nie aanja nie; maar Johannes sal seker netnou hier wees met tant Miemie-hulle, en ons moet probeer op Kommandodrift kom voordat dit donker word. Ek hoop net dat Paultjie jou nie lastig geval het met al sy verhale nie – hy kan lekker praat wanneer hy eenkeer begin, nes sy ma se mense; gladde tonge en baie streke, die hele spul." Hy talm nog terwyl George hom begin verklee. Die plaaswerk is blykbaar saam met die verkleurde kakieklere opsy gesit, en hy lyk 'n bietjie ongemaklik in die beklemming van baadjie en boordjie. „Jy kan seker sien dat ek hierdie klere nie aldag dra nie," merk hy op, en lag verontskuldigend. „Ek het hierdie pak gekoop voordat Johannes gebore is. Maar dis 'n goeie pak klere, en ek het dit ook amper nooit gedra nie. Ek sal seker eendag daarin begrawe word." Die snit van die pak is inderdaad ouderwets, sien George wanneer hy omdraai om te gaan, en die baadjie span styf oor die skouers wat te breed geword het daarvoor.

Die hele familie het hulle beste klere aangetrek, ontdek hy wanneer

hy na buite kom waar hulle op Johannes en Moedersgift se mense staan en wag. Hendrik, so onherkenbaar soos sy vader in helderwit hemp met opgerolde moue, is blykbaar besig om Paultjie oor sy gekleurde hemp te terg, en rusie is naby, maar hulle word stil wanneer hulle vir George sien.

„Nou moet ons maar net hoop dat Johannes tant Miemie in die bakkie kan kry," sê Hattingh. „As sy nog self wil gaan kyk of al die deure en vensters gesluit is, wag ons hier tot middernag."

„Paultjie, het jy die deur van die melkkamer onthou?" vra mevrou Hattingh.

„Mammie, ek sê mos vir Mammie ek het ál die deure gesluit," antwoord hy ongeduldig.

„Ja, jy sê alte baie, maar of jy dit gedoen het, is 'n ander ding," sê Hendrik.

„Carla, jy moet 'n trui saamneem," begin mevrou Hattingh gou voordat Paultjie kan antwoord. „Jy weet hoe koel dit saans al is."

„Ek kry nie so gou koud nie, Mammie," sê Carla.

Sy staan eenkant en afsydig van haar familie onder die bloekombome, en wanneer sy na hulle omdraai, herken George haar vir 'n oomblik ook nie. Die wit rok wat sy dra, is klaarblyklik self gemaak, deur haar of deur haar moeder – na watter verouderde patroon, wonder hy, aangepas na watter toevallige foto's uit 'n tydskrif of koerant? Niemand sou daardie rok met sy te lang en te wye romp aantreklik kan laat lyk nie, en dit is ook duidelik dat Carla dit met teësin dra, net so ongemaklik soos haar vader in sy pak en das. Dit staan haar nie, en die pogings wat met pofmoutjies en strikkies gedoen is om dit fyn en vroulik te laat lyk, maak dit net nog meer ongeskik vir haar met haar bruingebrande arms en kortgeknipte hare. Sy weet dat sy belaglik lyk en haar oë beken dit vir 'n oomblik, maar dan lig sy haar kop op en daag hom uit om haar uit te lag of medelye met haar te voel.

„Jy lyk deftig," sê sy. „Dis maar 'n gewone boerebyeenkoms waarheen ons gaan."

„Ek het blykbaar die verkeerde klere saamgebring. Jy het nog niks goedgekeur wat ek aangehad het nie."

„Jy het mooi klere, dis net onprakties vir die plaas."

„Daar kom die bakkie," sê Hendrik, en hulle kyk almal na die stofwolk ver weg in die pad.

„Jy kan sien tant Miemie het saamgekom, dis hoekom Johannes so

stadig ry," sê Hattingh. „Sy's altyd doodsbenoud vir 'n ongeluk."

Hulle wag op die bakkie wat al langs die pad nader in die dwarrelende stof. „Tant Miemie kom seker nie dikwels weg van die huis nie," sê George om die stilte te verbreek waarin hy en Carla langs mekaar staan onder die bloekombome.

„Amper nooit nie. Dis seker ter ere van jóú dat sy haar vanaand so laat uitlok."

„Sy het nie eers besef wie ek is nie."

„Jy is Kosie Neethling, oom George en tant Lottie se seun, dit besef sy darem."

„En die feit dat Kosie dood is?"

„Sy praat nie oor die dood nie, sy erken dit nie. Vir háár lewe die mense wat weg is almal nog, en dis vir hulle dat sy vanaand gekom het, vir Kosie en oom George en tant Lottie. Dis 'n soort eerbetoon aan die verlede."

Die bakkie kom nader en draai dan behoedsaam by die hek in. Onder die seilkap van die bak sien George gesigte opdoem, met Raubenheimer wat wuiwend uitleun, en voorin sit tant Miemie regop tussen Johannes en Bettie, 'n strooihoedjie met knikkende blomme op haar kop. Mevrou Hattingh het al na haar toe gesnel om te groet en te vra of sy nie wil uitklim nie, maar Hattingh is haastig en oorstem die woordestroom van die vroue. „Kom, mense, ons moet ry," sê hy, en begin sy familie na George se kar toe aan jaag.

Raubenheimer hang nog half uit die bakkie. „Dag, George jong," roep hy, en een van sy swaaiende hande tref George in die verbygaan. „Ek het geweet ons sal mekaar weer sien voordat jy weggaan." Sy hare is teen sy skedel aangeplak, versigtig opsy gekam met 'n onberispelike paadjie, daar is 'n wit sakdoek in sy baadjiesak, en hy ruik na seep. Selfs sy brilglase flits helderder, asof hulle spesiaal blink gevrywe is.

„Ek kan in die bakkie ry," sê Carla, maar haar moeder, opgewonde oor die skielike bedrywigheid en al die mense hier op die werf, stoot haar in die kar in. „Kom nou, Carla," sê sy, „ons moet ry. Die bakkie is vol genoeg."

Hattingh en sy vrou, Carla en Hendrik ry in die kar met George, agter die bakkie aan wat nou weer versigtig koers kies oor die werf na die pad. Terwyl hulle volg, kan hulle sien hoe Raubenheimer na hulle sit en kyk, van tyd tot tyd verberg deur die wolke stof waarbo hy weer reëlmatig te voorskyn kom om seënend op hulle neer to glimlag. Sy

medepassasiers bly onherkenbaar agter hom in die skadu van die kap.

„Het al die kinders dan saamgekom?" vra mevrou Hattingh. „Hoeveel van hulle is daar deesdae eintlik?"

„Ek weet nie, Mammie. So 'n ses of sewe."

„So baie? Wie is daar almal? Die Botes-kinders, en die Steenkampmeisie. . ." Sy reken dit by haarself na en probeer die mense agterin die bakkie oor die afstand uit te ken. „Daar's sewe mense in die bakkie," sê sy. „Wie's die sewende dan?"

„Paultjie ry ook mos met hulle saam, Ma," sê Hendrik. „Nou kan hy en Fanie net soveel gesels soos hulle wil."

„Waar sien jy dan vir Paultjie, Hendrik?"

„Fanie het gehoop Carla sal in die bakkie saamry," sê Hendrik. „Het Ma nie gehoor hoe sy self vra om te kan saamry nie?" Hy is in 'n goeie stemming, opgewek soos die ander.

„Genugtig, is dit die Pieterse-seun?" vra mevrou Hattingh, nog altyd besig met die mense voor hulle. „Is hy al só groot?"

„As ek in die bakkie gery het, sou Paultjie in die kar kon ry," sê Carla.

„En wat maak dit dan saak?"

„Hy wou liewer in die kar ry."

„Paultjie raak glad te deftig met sy geleende klere en sy kar-ryery," sê Hendrik. „Fanie se gedigte is nou nie meer goed genoeg vir hom nie."

Mevrou Hattingh praat verder en stel vae vrae waarop niemand antwoord nie, en haar man kyk uit na die veld en maak af en toe 'n opmerking oor iets wat hy sien, sodat Carla, wat langs hom sit, haar afgetrokkenheid verloor en omdraai om te kyk na wat hy aanwys. George moet sy aandag by die duike en bulte van die pad bepaal en probeer om die stof van die bakkie te vermy waar dit voor hulle uit sukkel. Die mense wat agterin sit, word rondgeslinger terwyl hulle al stampend en stotend vorder, en Raubenheimer hou met albei hande aan die agterpaneel vas terwyl hy oor die afstand bly terugkyk na die kar wat volg.

„Ek weet nie hoe kan tant Miemie hierdie gestamp verdra nie," sê mevrou Hattingh.

„Tant Miemie is so taai soos wat kom," sê haar man.

„Tant Miemie sou vanaand tog nooit wegbly van Kommandodrift nie, Ma, al moes sy die hele ent soontoe stap," sê Hendrik.

Die son gaan onder, die laaste gelyke strale in sy oë waar dit uitskyn tussen wolke en horison. Die lug gloei wyd met vlamkleur en goud, maar die skielike donker van die land kruip reeds nader. Van oomblik tot oomblik doof die rykheid van die sonsondergang voor hulle uit. Dit sal gou nag wees.

„Hier is ons," merk Hattingh op, alhoewel George nog niks sien nie, maar dan buig die pad en toon in die laagte voor hulle 'n groot wit huis met vensters wat blink in die lig, saamgeskaar met sy buitegeboue en bome op die vlakte waar die skemer toeneem; en die trokkie ruk vinniger vooruit en snel na die veiligheid van die werf.

Die wit muur is helder in die aandlig; die vensters en deure bly egter geslote, en hulle hoor net ver weg die geblaf van honde wat blykbaar êrens vasgemaak is. Dan gaan die voordeur oop en die insittendes van trokkie en kar begin uitklim om te groet, te omhels en te soen. Hattingh neem George aan sy arm beet: „Anna Neethling se seun," stel hy voor; „Kotie Snyman."

„Ek is bly om jou te ontmoet, George," sê sy, en hy sien 'n middeljarige vrou met 'n rustige gesig, en iets in haar mond en oë wat wys dat sy Gerhard se moeder is. Dan verskyn Gerhard self langs haar. „Dis goed dat jy gekom het," sê hy vir George terwyl hy hom 'n hand gee, skoongeskeer en in die wit hemp en donker broek wat die jong mans almal soos 'n soort uniform aangetrek het.

Die vroue het hulle óm die bakkie geskaar waar tant Miemie nou versigtig uitgeskuif word, en Gerhard gaan die mans groet. Vergete langs die kar kyk George na die groepie mense waarvan nog net die mans se wit hemde helder uitstaan in die skemering. Van tant Miemie is slegs die hoed met die dobberende blommetjies sigbaar tussen die ander mense, maar haar stem oorheers die drukte van die begroetings terwyl sy die volgende deel van die tog organiseer. Johannes moet haar kom help, iemand moet haar kieries vashou of haar trui aangee, iemand anders moet 'n hand of 'n arm of 'n skouer aanbied, en daar word ongeduldig na Bettie geroep.

Langs hom hoor George iemand lag, Paultjie, wat aan die ander kant van die kar kom staan het. „Jy sal nooit spyt wees dat jy gebly het om vanaand hierheen te kom nie," sê hy. „Vanaand sal jy 'n sirkus sien soos jy nêrens anders in die wêreld sou kan raakloop nie."

„Wat bedoel jy?" vra George; maar dan kom Raubenheimer na hulle toe, swaaiend met sy hand vanuit die verte.

„Dagsê, George jong!" roep hy uitgelate. „Ons moet hom oppas, nè Paultjie, ons moet sorg dat die ander mense hom nie vanaand beetkry nie, sodat ons 'n slag behoorlik met hom kan gesels. Hoe lyk dit, wat sê jy?" Paultjie bly aan die ander kant van die kar staan, sonder teken van belangstelling, maar Raubenheimer wag nie eers op sy reaksie nie. „Ek hoor jy's 'n uitgewer," sê hy op vertroulike toon vir George.

„Nie presies nie. Ek werk by 'n uitgewersmaatskappy."

„Dit moet interessant wees, jy moet baie boeke in die hande kry, baie kans kry om te lees en so meer. Jy onthou miskien nog dat ek gister vir jou gesê het dat ek so 'n bietjie gedigte skryf en dat ek jou van my werk sou kan wys as jy belangstel. Ek het gedink miskien kan ons vanaand. . ." Reeds sien George die rol papiere in sy binnesak wat sy baadjie laat uitbult.

„Ek weet nie of daar vanaand kans sal wees vir so iets nie," sê hy versigtig.

„O, ons kan 'n kans maak, ons kan êrens 'n stil hoekie vind, die huis is groot genoeg. Wat sê jy, Paultjie?"

„Ons moet ingaan," sê Paultjie. Tant Miemie het uit die bakkie te voorskyn getree, en saam met haar beweeg die langsame, sorgsame prosessie oor die werf in die rigting van die huis, met mevrou Hattingh en tant Kotie wat haar aan weerskante steun en Bettie wat volg met truie, serpe en tasse. Nou moet die mans nog net die draaghemel oor haar uitsprei, dink George terwyl hy die stoet aanskou, en die plegtigheid van haar intog sal volmaak wees.

„Kom," sê Paultjie vir hom, en stap na die huis sonder om verder notisie te neem van die onderwyser.

„Kinders, waar bly julle?" roep Raubenheimer, sy stem skielik skerp en gebiedend. „Kom nou, ons moet ingaan. En onthou wat ek vir julle gesê het; moenie dat ek vanaand weer praat nie."

George het heeltemal vergeet van die skoolkinders wat saamgekom het van Moedersgift en merk hulle nou eers waar hulle 'n bietjie kouelik saamgeskaar bly staan het by die bakkie. Opgejaag deur Raubenheimer voeg hulle hulle nou by die ander mense, wat reeds die treetjies van die stoep bereik het, sleepdraers en akoliete agter die volwassenes aan.

„Kom," herhaal Paultjie, en George volg hom. Gerhard het ook bly staan om hom te soek. „Kom," sê hy, „wat staan jy so eenkant? Jy is vanaand ons eregas." Sy arm is uitgestrek om George in die stoet op te neem en hom binne te lei in die huis, en sy moeder kyk ook om waar

sy oor die drumpel tree met tant Miemie. „Kom binne, George," sê sy. „Jy's baie welkom hier by ons."

„Is al die mense hier?" vra Gerhard, en dan trek hy die deur agter hulle toe en sluit en grendel dit.

Langs 'n gang word die geselskap binnegelei in 'n groot dubbelvertrek waarvan die twee dele deur 'n boog verbind word. Die een helfte is deur paraffienlampe verlig, en in die middel staan daar 'n lang, gedekte tafel met stoele aan weerskante; die ander kamer strek donker weg. Daar is geen ander meubels as die tafel en die stoele nie, en teen die mure is die vertroude portrette van politici en helde simmetries langs mekaar gerangskik. Al wat kleur gee aan die kaal wit vertrek is die vlag aan een end daarvan, in wat blykbaar die ereplek is; verder is dit helder en skoon en klam, so leeg en netjies asof niemand dit ooit gebruik nie en niemand ook veronderstel is om dit te doen nie, 'n ruimte afgesonder vir die viering van een of ander hoë en onuitspreeklike geheimenis.

Tant Miemie word na 'n leunstoel gelei en die akoliete kom rondom haar saam om die tasse en truie en kussings en kieries te oorhandig en terug te ontvang. Dan leun sy agteroor, blykbaar moeg van die inspanning, want sy praat nie meer nie: sy druk haar handsak teen haar bors, en net haar kake beweeg outomaties en geluidloos terwyl haar oë die tafel afsoek, reeds ongeduldig, byna gretig, besig om te kyk wat daar voor haar staan.

„Ek het gedink Wet-hulle sal al lankal hier wees," sê tant Kotie. „Nou is dit byna donker en hulle is nog nie hier nie."

„Kotie, jy weet hoe is Wet en jy weet hoe is Loekie," sê Hattingh. „Verbeel jy jou nou hulle twee sáám sal op tyd êrens kan aankom?"

Hulle lag en begin dan onder mekaar gesels, maar hulle stemme klink te hard in hierdie eggo'ende kamer. Dit is 'n ou huis met groot, hoë vertrekke, en die groepie gaste lyk verlore, hul gesprek ongemaklik.

„Bettie, wanneer eet ons?" vra tant Miemie.

„Sommer netnou, Tannie. Ons wag net op oom Wet en tant Loekie-hulle."

„Op wie?"

„Oom Wet en tant Loekie Lourens van Eensgevonden."

„As die spruit vol is, sal hulle mos nooit deurkom nie. Klaas Lotter se jong het eenkeer daar verdrink met die kar en perde."

Niemand slaan ag op die opmerking nie; hulle staan rond en wag om te eet, soos sy.

„Dis wonderlik dat sy nog die hele ent hierheen kon kom," sê Gerhard vir George. „Elke keer as ek haar sien, verbaas ek my weer oor haar. Daardie vrou het al baie deurgemaak, meer as wat jy ooit sou kan raai."

„Sy's vanaand weer 'n bietjie deurmekaar," sê Raubenheimer, en dan hoor hulle die geluid van 'n voertuig buite en die honde begin weer blaf waar hulle vasgemaak of opgesluit is.

„Dis die Lourense," sê Gerhard, en hy en sy moeder gaan uit om hulle te verwelkom. Tant Miemie, wat alleen gelaat is, wink bevelend vir Raubenheimer, en George word alleen gelaat met die kinders van die plaasskooltjie wat naby die deur staan en wag, die seuns in verbleikte kakieklere en die meisies in wit rokkies wat te kort is, 'n swygende, skoongeskropte groepie met ses paar oë wat hom verslind. „Goeienaand," sê George en knik vir hulle, maar hulle oë flits verskrik weg en hulle antwoord nie.

In die gang hoor hulle gepraat en gelag, en skielik lyk die kamer vol en druk en gesellig, almal besig om deurmekaar te gesels en te groet, met Hattingh se harde lag daartussen en die opgewondenheid van die vroue en tant Miemie wat probeer om haar hoorbaar te maak terwyl sy tevergeefs na Bettie roep. „George," sê Gerhard, „dis die Lourense, die laaste van ons bure wat jy nog moet ontmoet."

„Baie laastes sal die eerste wees," sê Lourens terwyl hy George se hand met 'n hartlike pompbeweging skud, en hy lag. „Dis wat ek altyd sê, nè Gerhard, baie laastes sal die eerste wees."

„Agteros kom ook in die kraal," voeg sy vrou by, „al is dit dan maar net-net voordat dit donker word, met Wet wat die bakkie ry vir al wat hy werd is. Kom, meisies, kom sê naand vir oom George-hulle se kleinseun."

George sien 'n middeljarige man met 'n uitgerafelde snorretjie, 'n vrou met rooigemaakte wange, en drie opgeskote meisies wat hulle skamerig en giggelend terughou, byna verswelg in die plooitjies, valletjies en strikkies van hul onmodieuse rokke.

„Dis Johanna, en dis Hendrika, en dis Daniëlla," stel hulle moeder hulle voor. „Kyk, meisies, daar's die kinders van Moedersgift, gaan sê naand vir hulle. My wêreld," sê sy dan vir George terwyl die meisies onwillig wegstap, „ons kon dit amper nie glo toe Gerhard ons kom vertel wie hier in ons kontrei uitgeslaan het nie. En hoe lyk die wêreld hier vir jou?"

„Luister, George," sê Lourens voordat hy kan antwoord, „laat ek

vir jou vertel." Wanneer George op sy volgende woorde bly wag, suig hy egter net aan sy pyp en knyp sy oë toe asof hy na besieling soek.

„Mense, kom ons eet," sê tant Kotie. „George, jy sit hier langs my, dan kan ek sorg dat jy genoeg kos kry."

„Ons het vir jou 'n skaap geslag!" roep Gerhard. Hulle is besig om aan te sit en stoele reg te skuif: Raubenheimer rangskik die kinders aan die onderend van die tafel, en tant Miemie, 'n bietjie oorweldig deur die drukte en lawaai waarin almal blykbaar van haar vergeet het, soek nog tevergeefs om haar rond na Bettie.

„Liewe land, Kotie, maar jy het baie moeite gedoen," sê mevrou Hattingh.

„Vanaand gaan jy skaapvleis eet soos jy in jou lewe nog nie geproe het nie," verseker Hattingh vir George.

„En Mammie het kweperslaai gemaak," sê tant Kotie.

„Aitsa, tant Maria se kweperslaai!"

„Maar waar is tant Maria dan, Kotie?" vra mevrou Hattingh.

„Hier is sy!" roep Hattingh, en almal staan op om haar te groet.

Die vrou wat binnekom, is so groot dat sy nog net in die deuropening pas en met moeite voortbeweeg: so oordrewe is haar swaarlywigheid dat haar arms hulpeloos uitstaan van haar liggaam en haar bene die gewig daarvan blykbaar slegs met moeite kan dra. Bo-op daardie geweldige romp lyk die kop byna belaglik met die helder oë en die hare in 'n bollatjie vasgetrek, soos 'n toevoeging wat ingedagte gedoen is sonder aandag vir die juiste verhoudings.

Hattingh, Gerhard en tant Kotie staan op en gaan haar tegemoet om haar na haar plek te begelei, en sy vertoef net 'n oomblik agter tant Miemie se stoel. „Miemie," sê sy, en die stem wat uit daardie logheid kom, is verrassend hoog en yl en 'n bietjie klaend. „Miemie, dis 'n lang tyd dat ons mekaar nie gesien het nie." Tant Miemie, haar aandag verdeel tussen die kos op die tafel en die soek na Bettie, kyk haar sonder herkenning aan. „Maria," sê sy dan, maar die ander vrou se aanwesigheid dring nie heeltemal tot haar deur nie, en terwyl tant Maria moeisaam buk om haar te soen, bly haar oë in die kamer rondsoek en voer haar kake nog die outomatiese koubewegings uit.

„Mammie, dis nou Anna Neethling se seun," sê tant Kotie. „Dis George."

Tant Maria bly staan op pad na haar plek om hom aan te kyk. „Mens kan sien wie se seun jy is," sê sy dan. „Mens kan sien van wie jy familie is." Haar hand is verbasend klein en fyn en sag in syne: soos

die yl, sangerige stem en die gesig met die wakker oë het dit geen duidelike verband met haar liggaam nie. „Jy het jou oupa se naam," sê sy, „en jou oupa se oë. Hulle het almal sulke mooi blou oë gehad."

Haar woorde laat hom vir 'n oomblik ongemaklik voel, asof die verlede waarna hy nou al dae lank tevergeefs gesoek het tóg onverwag herroep is, asof die wind die vensters en deure oopgeruk het om met skielike koue deur die kamer te jaag en die lampe te laat flakker.

Tant Maria beweeg moeisaam verder langs die tafel na haar stoel, en wanneer sy daar neergesak het, kom die ander mense een vir een nader om haar te groet terwyl tant Kotie haar met borde en skottels besig hou.

„Ek sal maar gou hier langs jou kom sit voordat iemand my voorspring," sê tant Loekie vir George. „Sê vir my, wat gebeur daar alles daar oorkant by julle?"

„Oom Hennie, kom sit," sê Gerhard, en wag agter sy eie stoel. „Waar is Carla dan?" vra hy; maar sy het saam met tant Maria binnegekom en ongemerk 'n plek ingeneem by die skoolkinders en die Lourensmeisies aan die ander end van die tafel, en terwyl Gerhard nog na haar soek, lê Bettie al beslag op die stoel langs hom.

„Dis lank laas dat ons almal so bymekaar was," sê tant Loekie. „En dis lank laas dat ek skaapvleis geproe het, wat sê jy, Kotie? Ons moet vir jou dankbaar wees dat jy die hele ent van oorsee af gekom het, George."

„George, hier's jou bord," sê tant Kotie. „Kry vir jou slaai. Jy moenie skaam wees nie."

„Kom, laat ek jou help," bied tant Loekie aan. Wanneer sy voor hom oor die tafel leun om vir hom in te skep, kan hy die wee-soete geur van haar parfuum ruik. Van al die vroue hier, eenders in hul stemmige, ouderwetse tabberds, is sy die enigste wat probeer het om 'n bietjie feestelik te lyk, met die nagemaakte blomme wat teen haar skouer vasgespeld is, haar parfuum en haar grimering: sy is miskien veertig, nie veel ouer nie, maar die rooisel en wenkbroupenseel is onoordeelkundig aangebring, en hul harde lyne laat haar gesig ook hard lyk. Vrolik babbel sy egter voort en gee hom nouliks die kans om te antwoord, terwyl haar man met 'n welwillende glimlaggie sit en luister aan die ander kant van die tafel waar hy langs tant Miemie verdwaal geraak het.

„Kom, George, gee jou glas dat ek vir jou kan inskink," roep Hattingh.

Gerhard klop op die tafel. „Sal ons 'n oomblik stil wees?" vra hy, en hulle buig hulle hoofde terwyl hy vinnig en onduidelik 'n gebed opsê, maar dan is die kamer weer gevul met hulle verwarde gepraat en gelag en die gekletter van borde en bestek.

„Op jou gesondheid, George!" roep Hattingh, en gee hom die vol glas aan. Hy neem 'n sluk en verstik; sy oë traan, en die mense wat rondom hom sit, lag en klop hom op die rug. „Sulke brandewyn het jy oorsee seker nog nooit geproe nie, nè?" vra Hattingh. „Dis ons spesialiteit hier op die plaas, self gestook volgens ons eie resep. Hy lyk nie wat wonders nie, maar hy skop soos 'n jong perd."

Almal het begin eet: mevrou Hattingh het tant Miemie se kos vir haar klein gesny, en die ou vrou het laag oor haar bord neergesak en eet gulsig en gejaagd met dieselfde kaakbeweging as vantevore, sonder om van iemand anders notisie te neem. Langs Gerhard hoor hy Bettie se hoë, uitgelate gelag.

„Maar, Mart, moenie vir my sê dis al wat jy vanaand gaan eet nie," vermaan tant Kotie.

„Ek sal nog kry, Kotie, dankie, ek het meer as genoeg," verseker mevrou Hattingh.

George kyk op van sy bord en sien tant Maria teenoor hom, kolossaal agter die tafel met haar kos onaangeraak voor haar terwyl sy hom aankyk, rustig en nadenkend, sonder verwarring wanneer haar blik syne vang. Dan glimlag sy stadig en knik vir hom, 'n gebaar van herkenning en verwelkoming, en hy lig sy glas op om weer van die brandende modderkleurige vloeistof te probeer drink.

„Maar dis tog nie iets waaroor mens jou hoef te skaam nie," hoor hy Hattingh se stem. „Gerhard voel dat alles hier vanaand vir jou waarskynlik baie eenvoudig is ná die dinge wat jy gewoond is," verduidelik hy vir George. Hy is opgewek van die drank en sy gesig is rooi.

„Ek het nie gesê dat ek my skaam nie, oom Hennie," sê Gerhard besadig. „Ek weet van niks waaroor ek skaam sou moet wees nie."

„Dis tog ook nie nodig nie," sê George, en Gerhard leun na vore om hom aan te kyk.

„Genugtig, ons kan almal raai aan watter deftige soort lewe George gewoond is," merk tant Loekie tussendeur op.

„Jy weet dit is nie soos ek dit bedoel het nie, Gerhard," sê Hattingh. „Maar dinge het hier verander, hulle het baie verander, en ek wil net hê dat George dit verstaan."

„Hy sal dit wel verstaan," sê Gerhard. „Sy moeder was tog 'n Neethling van Rietvlei."

„Jy weet self, in jou oorlede oupa se tyd sou dit anders gewees het, en in jóú oupa s'n ook, George. Ja, julle jongmense raak ongeduldig wanneer ons begin gesels oor hoe dit vroeër was, maar ek voel ek moet dit om George se ontwil verduidelik."

Tant Kotie, swygsaam, waaksaam aan die hoof van die tafel, het George se bord geneem om weer vir hom op te skep. „Smaak ons kos vir jou lekker, George?" vra sy, maar sy twyfel nie aan sy antwoord nie: rustig en selfversekerd sit sy daar langs die tafel en afkyk terwyl haar gaste gesels en eet.

„Dis nie dat ons nie wil luister nie, oom Hennie," sê Gerhard, „oom Hennie weet dit self. As mens ouer word, begin die verlede vir jou weer al hoe belangriker word en jy wil al hoe meer daaraan dink en daaroor praat, dis verstaanbaar. Maar as jy jonk is, wil jy nie praat nie, jy wil dinge dóén, en dan lyk jy miskien maar ongeduldig en onverdraagsaam."

„Nee, nee, man, jy hoef nie te dink dat jy my sleg laat voel het nie, ek verstaan maar net te goed hoe julle jongmense voel. Ek was self jonk en voortvarend soos jy, en ek het ook jong seuns. Ek voel saam met julle, jy weet dit, Gerhard."

„Ek weet, oom Hennie."

„Nog 'n bietjie slaai, tant Miemie?" vra tant Kotie saggies om die mans nie te onderbreek nie. Tant Miemie sit nog oor haar bord gekrom met sous wat langs haar ken af loop, en mevrou Hattingh kom haar te hulp met 'n servet.

„Haai, tant Maria, maar tant Maria kan tog die wonderlikste slaai maak," verseker tant Loekie oor die tafel, en vir 'n oomblik word die mans se gesprek deur die vroue oorstem.

„Maar julle jongmense is soms te ongeduldig," hoor George dan Hattingh se stem, wat effens stadiger begin raak, want daar is weer geskink. „Jy sal my verskoon as ek dit sê, maar julle vergeet hoe belangrik die verlede is, ook wanneer mens vir die toekoms werk."

„Dit kan oom Hennie nie van ons sê nie, nie van ons jongmense wat vanaand hier bymekaar is nie."

„George, wat drink jy dan so stadig?" vra tant Loekie.

„Dis 'n bietjie sterk as jy nie gewoond is daaraan nie."

Sy lag skamper, „Maar as jy dit in kry, laat dit jou goed voel. Jy

moet dit 'n slag probeer, jy lyk vir my veels te ernstig. Dink jy nie ook so nie, Kotie?"

„Ek dink George geniet alles op sy eie manier," sê tant Kotie. „Hy moet net aan ons gewoond raak."

Aan die ander end van die tafel, waar die jongmense rumoerig bly – Raubenheimer, Bettie, Paultjie, die Lourens-meisies en Carla – bars almal nou uit van die lag. Een van die Lourens-meisies spring op, pers in haar gesig, en val proestend agteroor in die arms van die mense aan weerskante van haar om gelawe te word.

„Die jong klomp is plesierig," sê tant Loekie 'n bietjie afgunstig.

„Carla is ook opgeruimd vanaand," sê tant Kotie. „Sy lyk vir my deesdae altyd so teruggetrokke, Mart."

„Dis maar 'n moeilike leeftyd, sy en Paultjie is altwee vol nukke. Wat dink tant Maria, hoe lyk sy?"

„Maar ek sê vir jou jy mag die verlede vir geen enkele oomblik vergeet nie," verklaar Hattingh, en hy slaan met sy hand op die tafel om sy woorde te beklemtoon, sodat die vroue verskrik omkyk, maar hy is nie kwaad nie: hy het sy bord weggeskuif en sit rustig agteroor geleun met Gerhard en gesels. „Ek sê dit vir jou as 'n ou man wat baie deurgemaak het en baie aan my eie lyf gevoel het – wanneer ons doodgaan, ons ouer mense, dan mag julle wat agterbly nie vergeet wat daar in ons tyd gebeur het nie, dit moet vir julle so lewendig bly soos wat dit vir ons is. Daar is niemand hier van jou moeder se geslag of van jou grootmoeder s'n wat nie littekens dra nie."

„Ja, die Here weet daar is genoeg onder ons geskiet en gemoor en verkrag soos ons vanaand hier sit," merk tant Loekie nadenkend op, en drink, haar pinkie gekrom.

„Loekie," sê mevrou Hattingh berispend en 'n bietjie geskok, en tant Loekie sluk weer asof sy niks gesê het nie.

„Dis reg om idealisties te wees," sê Hattingh, „dis reg om te wil strewe en veg, maar 'n mens moet duidelik besef waarvoor hy veg, hy moet die verlede hê as fondament waarop hy verder kan bou."

„Veg, ja, dis reg, Hennie," roep Lourens, wat van oorkant die tafel die laaste woorde gehoor het. „Nou praat jy na Gerhard se hart. Hoe lyk dit, mense, gaan ons 'n bietjie baklei?"

„Hokaai, oom Wet, laat ons eers klaar eet en die tafel afdek," sê Johannes, wat langs hom sit, glimlaggend.

„Hoe lyk dit, gaan ons baklei?" herhaal Lourens egter opgewonde. „Gee my 'n roer in my regterhand – wat sê jy, Hennie?"

„Nee wat, Wet, daar's niemand wat lus voel nie. Dit lyk vir my óns van die ouer garde is meer voortvarend as enigeen van die jong spul."

„Ek dra my roer in my regterhand, en ek dans met die nooi uit die ander land!" roep Lourens. „Hoe's daai vir julle?" Tot dusver het hy stil en 'n bietjie skugter tussen tant Miemie en Johannes gesit, maar noudat sy swygsaamheid deurbreek is, kan hy nie meer stilgemaak word nie: opgewonde wip hy rond op sy stoel en sy oë skitter. „Hoe's daai?"

„Ek dans met die kêrel uit die ander land," verbeter tant Loekie. „Wat sê jy, George?"

„Balke!" roep haar man.

Die mense rondom sit vir hom en glimlag; miskien sit hulle hom en uitlag. Gerhard se mond glimlag ook, maar sy oë toon geen gevoel nie.

Bettie het haar weer na hulle end van die tafel gewend. „Wat sê oom Wet?" vra sy. „Gaan ons dans?"

Die woorde gaan van mond tot mond al langs die tafel af waar die jongmense sit. „Danie, Fanie nooi jou vir die wals," sê een van die Lourens-meisies vir haar suster, en hulle stort weer inmekaar, hygend van die lag.

„Dis 'n plesierige klomp meisies, daardie dogters van jou, Loekie," merk mevrou Hattingh op. „Ek het lank laas gehoor dat iemand hom so vermaak."

„Dis ook lank laas dat daar in hierdie huis so gelag is," sê tant Kotie; maar sy is besig om die deksels op die skottels terug te sit, en haar gesig verklaar niks van haar woorde nie.

„Daar is al baie gelag in hierdie kamer," sê tant Maria klaaglik. „En gedans en gesing en musiek gemaak, dwarsdeur die nag. . ."

„Baie gehuil en getreur ook," sê tant Kotie saaklik, nog altyd besig met die skottels, maar haar moeder het haar blykbaar nie gehoor nie.

„Onthou jy nog, Miemie?" vra sy.

Tant Miemie het haar bord skoongeskraap met mes en vurk en die laaste sousressies met 'n stuk brood opgevee. Nou het sy klaar geëet en sit sy weer met gevoue hande agteroor, besig om te verwerk waar sy is en wat daar rondom haar gebeur.

Mevrou Hattingh vee haar mond vir haar af. „Tant Miemie, tant Maria praat met Tante," sê sy hard.

„Wat makeer, Maria?" vra tant Miemie en knip met haar oë.

„Onthou jy nog die partytjies hier op Kommandodrift in die ou dae?"

„Ek weet nie hoekom het jy nie die rooi tapyt laat lê nie," sê tant Miemie ontevrede. „Ek hou nie van die manier waarop julle die huis deesdae ingerig het nie. Is dit Kotie se smaak hierdie?"

„My wêreld, Miemie, daardie rooi tapyt sou dan meer as veertig jaar oud gewees het as ons hom nog gehad het."

„Dis seker soos vandag se jongmense daarvan hou," gaan tant Miemie voort, „maar hierdie kamer was vir my mooi genoeg soos hy was. En wat het julle met die blomme aangevang? Moenie vir my sê julle't alles al weggegooi nie."

„Watter blomme dan, tant Miemie?" vra Hattingh, wat uit beleefdheid na haar bly luister het.

„Al die blomme wat hier gestaan het, 'n hele trokkie vol blomme wat Lottie oorgebring het van Rietvlei."

„Dis die keer toe die Minister hier was," sê tant Kotie.

„Natuurlik ja, ek onthou dit ook nog," sê Hattingh. „Ek was maar 'n bogkind, maar ons het daardie dag almal saamgekom Kommandodrift toe."

„Ek het nog nooit in my lewe so baie melktert gebak soos daardie week nie," onthou tant Maria, en 'n glimlag gly oor haar gesig by die herinnering.

„Die tert en die koek, 'n hele tafel vol langs die muur in hierdie kamer," sê Hattingh. „Ons kinders mog nie binnekom by die grootmense nie, ons moes buite speel, maar ek en Kosie Neethling het binnegekom toe niemand kyk nie en onder die tafel weggekruip, agter die tafeldoek. Wet, onthou jy dit nog?"

„Wat sal ek dit dan nou staan en vergeet?"

„Hy sal mos nooit 'n keer vergeet dat daar geëet en gedrink en gedans is nie," sê sy vrou, „ook al was hy nog maar in sy wieg."

„Jy was nie eers daarby nie, Wet," sê tant Kotie.

„Maar natuurlik was ek daarby, Kotie, hoe kan jy so iets sê?"

„Dit was nou vir jou 'n plesierige dag daardie," sê tant Miemie, wat geleidelik weer begin deelneem aan die gesprek. „Hoekom onthaal jy nie meer so nie, Maria? Hierdie manier van Kotie is nou eenmaal nie na my smaak nie."

„Vader, Miemie, en hoe sou ons dan nou nog só moet onthaal? Weet jy hoeveel skape ons geslag het vir die braaivleis daardie aand? En hoeveel mandjies kwepers ek met my eie hande gerasper het vir die slaai?"

„Ek onthou die koek en die koekies wat ek en Kosie onder die tafel

sit en eet het," sê Hattingh. „Totdat ons siek geword het en moes uitkom. Ek onthou nog hoe oom Klasie my opgetel het en kamer toe gedra het om te gaan lê."

Tant Maria glimlag oor die dinge wat sy onthou van lank gelede, en haar oë kyk ver weg.

„Natuurlik was ek daar gewees, Kotie," sê Lourens. „Ek onthou dan nog die Minister en sy vrou, hy was so 'n gesette mannetjie wat die mense gedurig laat lag het."

„Jy dink nou weer aan iemand anders, Wet," sê tant Kotie onverstoord.

„Wat het hy hier kom doen?" vra tant Loekie.

„Ek weet nie meer presies nie, hy was glo 'n vriend van Pappie. Hoe was dit nou weer, Mammie? Hy het met Pappie kom jag. . ."

„Die hele distrik was daardie dag hier in die huis bymekaar," sê Hattingh; „die burgemeester en die hele stadsraad was hier."

„Hans Pepler was toe nog burgemeester," voeg Lourens by.

„Hans Pepler was g'n burgemeester nie," onderbreek tant Miemie hom skerp. „Dawid Booyens was burgemeester."

„Maar, tant Miemie, hoe sal ek dan nie onthou nie!" protesteer Lourens.

„My man was Senator, ons was ook hier toe die Minister hier was," maai sy hom af; „moenie vir my vertel wie toe burgemeester was nie. Dawid Booyens was burgemeester, want dit was nog dieselfde jaar dat hulle hom in die hofsaak ingesleep het, toe moes hy aftree en Schalk Pepler het burgemeester geword."

„Háns," probeer Lourens nog reghelp.

„Hans Pepler was nooit burgemeester gewees nie. En toe hy vrygespreek raak, het Dawid probeer om Schalk weer afgesit te kry, want hy't gesê die hele hofsaak was maar net 'n poging van Schalk om hom swart te smeer, maar hy't dit nie reggekry nie. Almal het geweet hoe hy agter die vroumens aangeloop het."

„Watter hofsaak was dit dan?" wil tant Loekie weet, maar niemand luister na haar vraag nie.

„En die skottels jellie," onthou Lourens, „groen en rooi en geel; en die poedings met die neute en die kersies en die room, die hele tafel vol. Dit was so reg na 'n kind se hart."

„Haai, oom Wet, oom Wet maak my nou sowaar weer honger," roep Bettie giggelend, maar die ouer mense hoor haar nie, almal besig met hulle herinnerings. Gerhard leun na vore om te luister, sy ken op

sy hand gestut, met die glimlag wat net sy lippe aanraak en nie sy oë nie, en Johannes sit ook en luister, uit beleefdheid eerder as uit belangstelling.

„En die gemmerkoekies," gaan Lourens voort, „en die soetkoekies."

„Maria, wanneer het ek laas van jou soetkoekies geproe?" vra tant Miemie beskuldigend. „Hoekom bak jy nooit meer soetkoekies nie?"

„My wêreld, Miemie, en wanneer het jy dan laas 'n bottel wyn gesien? Ek kan mos nie soetkoekies bak sonder wyn nie."

„Kry vir jou nog iets om te drink, George," sê tant Loekie. „Jy moenie so beskeie wees nie, nè Kotie?"

„Jy moet maak of jy by die huis is hier by ons," sê tant Kotie. „Jy ís mos weer by die huis, of hoe, George?" Haar grys oë kyk hom ernstig en ondersoekend aan.

Tant Loekie het ongevra vir hom ingeskink en daarna haar eie glas bygevul. Sy word opmerklik vrolik van die drank, en George vind dat dit hom ook begin aantas, sodat die stemme rondom hom aanspoel en wegvloei soos golwe waarop hy willoos dobber.

„Ek onthou nog hoe wyle oom Sarel Oosthuizen 'n toespraak gehou het," vertel Hattingh. „As die oubaas besluit het om te begin praat, kon niks hom keer nie. . ."

„Jy't daardie oggend vroeg oorgekom van Moedersgift om te help, Miemie," sê tant Maria. „Lottie Neethling het oorgery van Rietvlei met die blomme, en jy't met haar saam gekom. Al wat 'n meid was, moes inspring in die kombuis."

„Ek onthou nog die groot, blink kar waarin hy gery het," sê Lourens. „Ons kinders het probeer om in te kruip net om te voel hoe sit so 'n Minister se kar."

„Ek het my blou rok gedra met die pêrels," sê tant Miemie onverwags, „en die wit hoed met die net en die pienk rose." Dit lyk so onwaarskynlik waar sy oorkant hom sit met kouende kake en pluiserige hare dat George vir 'n oomblik wonder of sy haar weer vergis, maar dit is 'n feit wat sy opnoem, en sy knik voldaan by die herinnering aan haar glorie.

„Die grootmense het ná die ete gedans," sê tant Kotie. „Ek onthou ek mog opbly om te kyk. Hierdie kamer was vol blomme gewees."

„En Okkie de Vos wat sy streke uithaal," sê Hattingh. „Onthou jy nog, Kotie? Hulle't ons dan altyd weggestuur, hulle't gesê ons kinders sal tog nie sy grappe verstaan nie."

Aan die ander end van die tafel lag en rumoer die jongmense nog.

Een van die Lourens-meisies spring op en vlug gillend, maar niemand sit haar agterna nie en sy keer terug na haar plek. Met messe, lepels en glase probeer Raubenheimer een of ander toertjie uitvoer; 'n glas water val om, en almal skreeu en lag en roep deurmekaar. Selfs die skoolkinders begin lag onder mekaar.

„Kotie, onthou jy hom nog?" herhaal Hattingh.

„Ja, natuurlik, en vir tant Joey met die papierdoilies. Hulle was tog so deftig."

„Hulle't daardie trop onmoontlike kinders gehad," verklaar Lourens.

„Jy dink nou aan die Conradies. Oom Okkie-hulle het twee dogters gehad wat nooit 'n woord gesê het nie."

„Maar dit was twee mooi meisies daardie."

„Een van hulle het nog weggeloop met 'n Portugees of so iets."

„Wie? Wie is dit?" vra tant Miemie gretig.

„En Naas Moolman," onthou tant Kotie.

„Naas en Kosie Neethling was altyd besig om saam streke uit te haal. Onthou jy nog al die kere op Rietvlei in die ou dae, Kotie, as ons daar gaan swem het? En daarna het ons braaivleis gemaak en op die stoep gedans."

„Ons het ook altyd braaivleis gegee," vertel tant Loekie vir George, verveel deur die ander mense se gesprek. „Ek het op die dorp gebly, weet jy, my vader was afslaer, en ons het 'n groot huis gehad, die jongmense het altyd daar saamgedrom, en ons het tot laat in die aand musiek gemaak en gedans."

„Ja, die Neethling-kinders, Anna en Kosie. Alles wat daar in die distrik gebeur het, is deur hulle op tou gesit."

„O, julle was 'n goddelose klomp," sê tant Maria glimlaggend. George knik vir tant Loekie en probeer om bo haar verhaal te luister na wat die ander vertel.

„Kotie, onthou jy nog die keer toe jy en Kosie saam op die skoppelmaai gesit het en die toue het gebreek?" roep Lourens opgewonde. „Aitsa!"

„Hy was vol streke," sê tant Kotie, en skud haar kop oor iets wat jare gelede gebeur het.

„En Anna . . ." sê Hattingh.

„Anna Neethling was vir my altyd 'n oulike meisie," sê tant Miemie. „'n Bietjie wild, maar as jy oud word, leer jy jou wildheid af. Sy't oorsee gegaan, nie waar nie? Ek het haar lanklaas gesien." Die armband, dink George, die medisyneflessies, die rose. Die swart sluier

wat haar gesig verberg agterin die roukar. Jy leer jou wildheid af.

„Die burgemeester se seun," vertel tant Loekie onverstoord verder, „en die prokureur se dogters. . ."

„Ja, en as ek dink aan die tyd toe ék nog 'n meisie was," val mevrou Hattingh in van oorkant die tafel, waar sy net so verdwaal soos tant Loekie bly sit het te midde van die ander se herinnerings aan dinge wat sy nie self meegemaak het nie. „My moeder het altyd graag onthaal, daar het natuurlik baie mense by ons gekom vanweë my vader se posisie. . ."

Tant Loekie val haar al in die rede, maar George hoor nie wat sy sê nie. „George, ons praat nou oor jou mense," roep Hattingh oor haar heen na hom.

„Anna met haar mooi blou oë," sê tant Maria sangerig, klaerig. „Hulle't almal sulke mooi blou oë gehad. Onthou jy nog, Miemie?"

„Ai, die ou dae op Rietvlei," sê Hattingh, „en die maanskynaande wanneer tant Lottie se rose so lekker ruik."

„In daardie tuin kon mens behoorlik wegraak," verklaar Lourens, en knipoog vir George.

„Wat soek 'n meisie soos sy nou oorsee?" vra tant Miemie. „Maar ja, sy't altyd deftige idees gehad. Wat haar pa nie alles vir haar klere moes betaal nie, tóé reeds."

„Sy het altyd mooi aangetrek," sê tant Kotie.

„Sy was 'n mooi meisie," sê tant Maria.

„Ten spyte van alles," voeg tant Miemie nadenkend by, en vir 'n oomblik is hulle stil.

„En toe ek op universiteit was, het daar naweke altyd van my vriende by ons kom swem," vertel mevrou Hattingh. „Ek was saam met Ben Meyer op universiteit, weet jy. . ."

Tant Loekie luister nouliks. „Die landdros en sy vrou was baie goeie vriende van my ouers gewees," sê sy; „in die somer het ons altyd saam 'n huis gehuur wanneer ons af gaan see toe. . ." Hulle leun na mekaar toe oor die tafel, maar probeer nie eers meer voorgee dat hulle na mekaar luister nie: hulle sit eenvoudig en praat met stemme wat al hoe dringender word terwyl hulle die feite opsom, die bedrae, bediendes, gastelyste, vakansieoorde, vriende, hotels, maaltye, klere en karre met byna wanhopige ywer opgestapel in laag na laag, asof hulle besig is om noodmure van woorde en herinnerings op te rig teen die bedreiging van die werklikheid.

„O, dit was 'n mooi tyd!" roep mevrou Hattingh uit. „Ek het nie só

grootgeword nie," en sy wys na die tafel met die reste van skaapboud en slaai, die kaal vertrek in die lamplig, en die meisies wat saam lag en giggel in hul onmodieuse, fladderende rompe.

„Ek ook nie," sê tant Loekie. „Ek is gewoond aan beter dinge."

In die onverwagte stilte aan hierdie end van die tafel klink haar woorde harder as wat sy bedoel het. „Ons is álmal gewoond aan beter dinge, Loekie," merk tant Kotie saaklik op. „Geeneen van ons het so grootgeword soos ons nou ons kinders moet grootmaak nie."

Blykbaar hoor tant Loekie haar nie eers nie. Sy staar voor haar uit, haar glas vasgeklem in haar hand en haar gesig vertrek. „Waarom kon dit nie so bly nie?" roep sy. „Waarom moes ons dit alles verloor?" Dit is die driftige, verwytende stem van 'n kind, en vir 'n oomblik weet niemand wat hulle moet antwoord nie. Onderbreek in die middel van hul gesprek, hul gedagtes, hul herinnerings, kyk hulle haar half onbegrypend aan, hulpeloos voor hierdie onverwagte vertoning van emosie.

„Wat kon ons nog meer begeer het?" vra sy. „Ons het alles gehad, wat het ons dan verkeerd gedoen, wat het ons gedoen om dit te verdien? Hoekom moes ons so gestraf word? Dis tog geen lewe nie, hierdie!"

Is hulle ongemaklik oor haar gebrek aan selfbeheersing of ontroer deur haar uitroep, hul stilswye 'n teken van instemming of afkeuring? Niemand praat nie.

Dan sien George dat Gerhard opgestaan het. „Vriende," sê hy, en klop op die tafel om hulle aandag te trek; die gepraat en gelag van die jongmense word geleidelik stil, en die ouer mense draai om. „Vriende, ons het hier gekom om gesellig saam te wees, maar julle sal my hopelik verskoon as ek 'n paar woorde sê voordat ons verder gaan."

„Nee, maar ek wil dit hê!" roep Lourens, en daar word gelag en uitgeroep aan die ander end van die tafel.

„Julle weet self hoe selde ons wat hier in die distrik agtergebly het, bymekaarkom. Dis nie nodig om hiervoor verskoning te probeer maak nie, want julle weet ook hoe moeilik, onmoontlik selfs, dit vir ons gemaak word om kontak met mekaar te behou. Hierdie kontak is egter belangrik, want ons handjievol het 'n ernstige, ek wil selfs sê 'n héilige taak, om ons erfenis te handhaaf en te verdedig te midde van al die gevare wat ons bedreig, en ons moet saamstaan om mekaar aan te moedig en te steun."

Weer roep hulle hul byval uit: Bettie, wat langs hom sit en opkyk in sy gesig, klap geesdriftig, en tant Loekie begin ook klap. In tant Kotie

se oë kan George die trots sien waarmee sy na haar seun luister, en hy praat inderdaad vlot en selfversekerd, asof hy gewoond is daaraan om toesprake te maak.

„Dit is dus altyd 'n besondere geleentheid as ons almal kan saamkom soos vanaand," gaan Gerhard voort; „maar vanaand is daar ook nog 'n spesiale rede vir ons saamkoms. Ek bedoel natuurlik, soos julle almal seker al geraai het, die teenwoordigheid hier in ons midde van 'n kleinseun van oom George en tant Lottie Neethling van Rietvlei, wat die meeste van ons nog goed kan onthou."

Hulle klap en roep en draai om om glimlaggend na George te kyk: hy sien Bettie se gesig, blink van die hitte en die opwinding, Raubenheimer wat vir hom wuif en mevrou Hattingh wat goedkeurend knik, en dan gaan Gerhard verder.

„Ons is 'n klein groepie wat hier oorgebly het, beroof van alles wat ons besit het, belaer en bedreig deur baie vyande, en al wat ons die moed gee om vol te hou, is ons onwrikbare geloof in die reg van ons saak. Soms kry ons egter een of ander bemoediging, een of ander teken dat ons stryd nie hopeloos is nie, en in hierdie lig wil ek George se besoek ook verwelkom. Ná al die jare van eensaamheid en afsondering het ons in aanraking gekom met een van ons eie mense uit die buiteland, en besef dat ons nie heeltemal vergete is nie: die feit dat iemand tog nog teruggekeer het, bewys dat die bande van die bloed sterker is as alle kunsmatige skeidings wat op ons afgedwing is. George wat as kind hier weggegaan het en in die buiteland grootgeword het as balling, kon sy verlede nie vergeet nie. Die land het nie sy houvas op hom verloor nie, hy het teruggekom om die familieplaas weer te sien en 'n laaste huldeblyk aan die voorgeslag te betoon. Ons is bly dat hy gekom het en dat hy hier by ons is, maar ons hoop dat hy nie sal volstaan met 'n blote besoek nie. Mag hy ook besluit om sy liefde vir die plaas en vir die land, sy eerbied vir sy voorvaders, hul beproewing en hul strewe, en sy gevoel van verbondenheid met sy volk daadwerklik te betoon."

Sy lippe is droog, maar sy oë skitter en hy praat met 'n soort besieling. Die mense sit ook almal na hom en kyk, sonder om te beweeg, en selfs die kinders is stil. Net tant Miemie begin rusteloos word en soek met vinnige oë tussen die skottels en borde op die tafel rond na ressies. Dan strek sy haar hand uit om ongemerk tussen die skottels te probeer rondtas, en George, ongemaklik oor Gerhard se woorde, volg haar skugter bewegings van oorkant die tafel.

„Dit wil ons egter aan hóm oorlaat. Wat die gevolge van sy verblyf hier in ons midde ook mag wees, wil ek net namens ons almal dít sê: George, jy is welkom hier by ons, en ons is bly om jou hier te hê."

Tant Miemie se hand beweeg vinniger en tas byna krampagtig die tafelblad af om nog gou iets te vind voordat Gerhard ophou praat en die aandag weer op haar gevestig kan word. Dit is egter al te laat, want Gerhard maak 'n gebaar in George se rigting en almal het begin om hande te klap. Hy sal moet antwoord, dink George, en staan op terwyl hy nog na woorde soek.

„Dames en here," begin hy wanneer hulle stil geword het, en weet terwyl hy dit sê dat dit die verkeerde aanhef is vir hierdie plek en hierdie geleentheid, maar dit is reeds te laat. „Ek wil julle graag almal bedank vir die manier waarop julle my hier verwelkom het. Ek het gekom om Rietvlei te besoek, die plaas waar my moeder gebore is en grootgeword het en waaraan sy altyd nog gedink het. . ." Gerhard se oë is op hom gevestig. Nee, besef hy, hy kan nie oor sy moeder praat nie, want hy het 'n ander Anna Neethling geken as hulle – hoe sou hy vir hulle iets kan sê van die vallende blare in die woude en die neut-oes, rose, modeblaaie, en teekoppies van die fynste porselein, hoe kan hy nog met hulle praat oor die vrou met die pêrelhalssnoer wat aan die arm van 'n gewese kolonel aan tafel gaan terwyl sy hom vertel van die plaas van haar jeug; hoe kan hy met hulle praat oor die vrou in die roukar? Hulle sal nie verstaan nie.

„Self kan ek Rietvlei nouliks nog onthou, want ek was 'n klein kind toe ons laas met vakansie op die plaas was, maar ek wou altyd terugkom om dit weer te sien. Nou het dit eindelik ook gebeur. . ." Die puin, die wilde rose en struike - ja, dit was die doel van sy reis, dink hy, en hy moes gister al weggegaan het. Hy sien Carla wat na hom kyk. Net tant Miemie luister nie na wat hy sê nie, weer besig om die tafelblad af te soek. „Van die plaas, het ek uitgevind, het daar nie veel oorgebly nie, en my moeder se familie het uitgesterf. Maar nogtans sal ek aangename herinnerings aan hierdie besoek hê," voeg hy by, en sien reeds die sierlike draai van woord en gedagte wat hy nodig het om sy toesprakie mee af te sluit, „want ek sal julle vriendelikheid en julle gasvryheid nog lank met plesier onthou. Baie dankie vir alles." Hy gaan sit, en hulle klap weer, heftig, geesdriftig, ontroer deur die hitte en die drank en die samesyn, deur sy aanwesigheid in hulle midde en die herinnering aan sy familie, deur die vlotheid en bondigheid waarmee hy gepraat en die

gemak waarmee hy hom uitgedruk het. Tant Miemie is die enigste wat onbewoë bly terwyl sy met haar vinger die broodkrummels op die tafeldoek bymekaarvee.

Die vroue help almal om die tafel af te dek en die skottelgoed kombuis toe te dra, en die mans beweeg na mekaar toe aan een end van die kamer, draai sigarette en begin onder mekaar gesels.

„Nog so 'n rukkie geduldig wees, George, dan sal ons 'n bietjie musiek maak," sê Lourens. Hy vryf sy hande by die vooruitsig, en sluit aan by die ander mans waar hulle oor die wintervoer staan en praat.

Doelloos loop George deur die kamer en kyk na die portrette aan die muur. Die vroue is besig en die mans het van hom vergeet: net die skoolkinders volg sy bewegings waar hulle hul in 'n hoek van die kamer teruggetrek het. Die aanblik van daardie waaksame oë in die smal, geslote jong gesigte laat hom egter ongemaklik voel, en hy ontvlug hulle in die halfdonker van die aangrensende vertrek, waar daar geen mense is nie, net die voortsetting van die plegtige portrette-ry langs die mure.

„Ons volkshelde," sê iemand agter hom.

„Ek ken hulle nie almal nie," sê hy. Dit is Paultjie wat ongemerk agter hom kom staan het.

„Daar's van tant Kotie se familie tussen hulle. As jy dood is, is jy 'n held, dan kan jou portret opgehang word saam met al die ander."

„'n Hele hemel vol helde," merk hy op.

„Jy spot nou."

„Verskoon my."

„Jy spot met ons voorvaders, hul beproewing en hul strewe," sê Paultjie.

„Is dit 'n aanhaling?"

„Moenie vir my sê jy het nie na Gerhard se toespraak geluister nie."

Hy lag. „Dit spyt my, ek het dit nie so gou herken nie."

„Jy moet met eerbied oor hulle praat," sê Paultjie. „Ons moet hulle dankbaar wees. Ons het dit alles tog aan hulle te danke."

In die ander kamer is die mense besig om rond te beweeg en deurmekaar te gesels. Die lang tafel word uit die pad gestoot en die stoele langs die mure gerangskik. Hier waar hulle staan, op die drumpel tussen die twee vertrekke buite die ligkring van die lampe, kyk George en Paultjie na die bedrywigheid.

„Oom Wet het al sy trekklavier te voorskyn gehaal," sê Paultjie. „Hy kan nouliks wag om te begin." Hulle hoor ook die eerste musiek, die reeks onsamehangende note wat deur die kamer draai, en 'n meisie lag opgewonde bo die gegons van die stemme. „Nou gaan hulle dans."

„Dans jy nie?" vra George.

„Hoekom sou ek?" Veragtend kyk hy na hulle, sy hande in sy sakke. „Kyk," vra hy, „Daniëlla soek vir Johannes."

„Hoe weet jy?"

„Ek ken hulle mos. Kyk, jy kan goed sien wat daar gebeur hier waar ons staan. Gerhard is eerste prys en Johannes tweede. Die ander mans is sommer maar net wat oorbly."

„Jy is sinies," sê George.

„Maar dis tog so, jy kan dit self sien. Dis tussen tant Loekie en haar dogters wie die eerste vir Gerhard gaan beetkry, maar die meisies beweeg vinniger, tant Loekie het vanaand al te diep in die glas gekyk."

George volg die bewegings van die mense wat rondmaal in die lamplig terwyl Lourens brokkies musiek laat hoor. „Ons moet seker soontoe gaan," sê hy, maar Paultjie hou hom terug.

„Nee, wag nog 'n rukkie. Kyk, Danie het vir Johannes gevind, nou's sy ten minste tevrede."

„Jou vader gaan met tant Loekie dans," sê George.

„Die blare is nie meer so groen nie, maar sy's darem nog 'n lekker happie."

„Dis nie baie eerbiedig nie."

„Maar dis waar, ek sê niks wat nie waar is nie."

Die dansers vind mekaar en die ander mense trek hulle terug om te kyk terwyl Lourens wegval met 'n vinnige, ouderwetse danswysie. „Kry julle maats vir die kadriel, mense," fluister Paultjie by sy oor. „Kyk vir tant Loekie, om en om, kyk hoe dans sy van hand na hand, klaar om gegryp te word; van Pa na Johannes na Gerhard na oorlede oom Frank, vader na seun, al in die rondte."

„Waaroor praat jy?" vra George, want tant Loekie en Hattingh wip saam deur die kamer op maat van die musiek en Paultjie se woorde het geen betrekking op die dans nie.

„Dis die groot nasionale volkskadriel," sê Paultjie. „En daar kom die meisies, al agter Ma aan, Danie en Hannie en Hennie, langs die uitgetrapte paadjie dat die stof so staan, van Hendrik na Johannes na Gerhard na die volgende een."

„Moet ek dit alles ernstig opneem?" vra George.

„Ek sê vir jou, ek praat die waarheid. Ek ken hulle, jy moet net dophou en luister, dan weet jy alles wat agter die deur en onder die kombers gebeur."

Op 'n afstand draai die dansers rond in die lamplig, Hattingh en tant Loekie laggend besig om die aandag te trek met hul swierigheid, mevrou Hattingh 'n bietjie onseker terwyl sy deur Raubenheimer voortgestuur word met kragtige elmboogbewegings, en die drie jong mans met die Lourens-meisies; en langs hom gaan Paultjie se dringende fluisterstem voort, byna verlore in die musiek van Lourens se akkordeon.

„En daar kom Gerhard, die baas van die plaas, die pryshings, die stoetram. Oom Frank het onder die vroue van die distrik geboer, maar hulle sou hom onderstebo loop om by Gerhard te kom."

„Jy sê nou te veel."

„Toe oom Frank geleef het, was hy meer op Eensgevonden gewees as hier by die huis. En wanneer hy daar kom, stuur tant Loekie vir oom Wet om in die bakkie in die mielieveld te gaan sit terwyl hy kuier. Dis 'n vinnige kadriel hierdie, dis die wêreldrekord vir wegspring en omspring, ons eie prestasie, die trots van ons nasie. . ." Hy praat harder en opgewonde.

„Versigtig," sê George, „hulle sal jou hoor."

„Kyk," sê Paultjie, en sy greep op George se arm word stywer, „kyk vir Danie met Johannes. Sy sal een van die dae moet trou, en Johannes is die beste keuse as sy hom kan kry. Dit sou ook net sowel sy kind kan wees as iemand anders s'n, al wil Pappie en Mammie nie graag een van die Lourense as skoondogter hê nie."

„Ek moet gaan," sê George, en maak hom los.

„Ek het jou nog nie alles vertel nie."

„Ek wil dit nie hoor nie. Waarom vertel jy my hierdie dinge?" Paultjie antwoord nie. „Waarom is jy so bitter?" vra hy. „Dis tog jou eie mense hierdie, jou eie familie."

„Ek wil hulle vernietig," sê Paultjie stadig. „Ek haat hulle."

„Waarom?"

Hy is lank stil, so lank dat George aanneem dat hy nie gaan antwoord nie en weer wegdraai na die lamplig en die dansers. „Omdat ek hulle liefhet," sê hy dan. „Omdat hulle my vashou soos 'n blok aan my been, sodat ek nie kan wegkom nie, hulle trek my met hulle saam in die afgrond. Help my," fluister hy, en George kyk na hom, verras deur sy

heftigheid en angs, maar voordat hy iets kan sê, het Carla na hulle toe gekom deur die kamer.

„Hoekom staan julle twee so eenkant?" vra sy.

„Ek het na die portrette kom kyk," antwoord George, want Paultjie sê niks nie.

„Hulle soek jou. Die mense vra almal waar jy is."

„Ek kom," sê hy.

„En jy dan, Paultjie?" vra sy, en haar stem is sag. „Kom jy nie dans nie?"

„Wie is daar met wie ek sou kan dans?"

„Jy kan met my dans, ek het nie 'n maat nie."

„'n Mens dans nie met sy suster nie."

„Daar's koek en lemoenstroop in die kombuis," sê sy. „Tant Kotie sal bly wees as jy sal help om dit in te dra."

„Dis die meisies se werk," sê Paultjie, en hy stap van hulle weg.

„Hou hy nie van partytjies nie?" vra George.

„Hy's bang vir mense, hy weet nie wat om vir hulle te sê nie, net hoe om hulle kwaad te maak. En hulle terg hom, hulle't hom vanaand al geterg oor die hemp wat jy vir hom geleen het."

„Ek kan blykbaar ook niks reg doen nie."

„Dis nie jou skuld nie," sê sy. Sy is stil en praat nadenkend, asof sy nie eers bewus is van die mense in die aangrensende kamer nie, die stemme en skuifelende voete en die sleperige wals wat Lourens nou begin speel.

„En jy," vra hy, „waar het jy heen verdwyn?" Sy haal egter net haar skouers op. „Jy hou blykbaar ook nie van partytjies nie."

„Ek weet ook nie wat om vir die mense te sê nie."

Saam stap hulle na die ligte kamer waar die dansers is. „O, daar is jy, Carla," roep tant Maria waar sy eenkant sit en toekyk.

„Ek het in die kombuis gehelp, Tannie, en toe moes ek vir George en vir Paultjie gaan soek, hulle't altwee verdwyn."

„Dis goed, ek het al sit en wonder wie help vir Kotie in die kombuis. Ek het gedink ek moet netnou maar gaan kyk of ek 'n hand kan bysit."

„Nee, Tannie moet hier bly en kyk hoe dans die mense. Tannie hoef Tannie oor niks te bekommer nie."

„En George," sê tant Maria, en hy kom nader. „Ek het aan tafel heeltyd vir jou sit en kyk," sê sy. „Daar is dinge wat jy dink dat jy

vergeet het, waarvan jy nie eers meer weet dat hulle ooit gebeur het nie, maar dan skielik kom dit terug en jy onthou weer alles. Ek moet vanaand gedurig aan jou mense dink, aan jou ma en jou grootouers. Dis snaaks, in sommige dinge is jy vir my vreemd, en dan is dit weer asof ek jou my hele lewe lank al ken." Sy is grotesk soos sy daar sit, maar wanneer sy haar hand na hom uitsteek, voel hy weer hoe smal en fyn en sag dit is, en hy sien in haar gelaatstrekke 'n suiwerheid wat hy nie verwag nie, iets wat hom opnuut ontwapen en dit vir hom onmoontlik maak om haar belaglik te vind. „Ek is so bly dat jy teruggekom het en dat jy vanaand hier is. Anna Neethling was my peetdogter; ek is bly dat ek haar seun nog kon sien."

„Ek is bly om hier te wees, tant Maria," sê hy, en staan daar by haar en Carla terwyl die musiek tot 'n einde kom.

„Mense, kom kry vir julle!" roep tant Kotie wat 'n skinkbord met glase koeldrank en koek binnedra, en die mense drom saam om die tafel waar sy dit neersit. Reeds 'n bietjie onseker op haar hoë hakke kom tant Loekie na George toe met twee glase. „Dis maar net lemoenstroop wat Kotie daar anderkant het," sê sy terwyl sy 'n oorvol glas brandewyn in sy hand druk, „dis vir die kinders. Kom, slaan 'n glasie hiervan weg en wys vir ons hoe dans jy."

„Ek sal vir tant Maria gaan lemoenstroop kry," sê Carla, en het verdwyn voordat hy kan aanbied om dit vir haar te doen. Hy klink glase met tant Loekie: hy het al gewoond geraak aan die skerpheid van die drank en dit brand nie meer in sy keel en oë nie. Hy begin 'n sekere weldadigheid voel, 'n gelatenheid, en 'n vae verwagting dat hierdie vreemde byeenkoms van onbekende mense tog iets kan inhou.

Tant Kotie skink lemoenstroop vir die meisies en Gerhard beweeg tussen die mans rond met 'n bottel brandewyn waaruit hy hulle glase vul. „En toe George, hoe is jou glas dan nog vol?" vra hy.

„Ek was jou voor gewees, Gerhard," sê tant Loekie, maar dan roep een van haar dogters haar eenkant om opgewonde oor iets te staan en fluister. Die koek en die lemoenstroop is uitgedeel, die brandewyn geskink, en die mense gaan sit. Glas in die hand en akkordeon nog om die nek vee Lourens sy gesig af terwyl hy met tant Kotie skerts.

„Wat, moenie vir my sê hulle hou al weer op met dans nie!" sê tant Loekie verontwaardig, sonder om te luister na wat die meisie haar vertel.

„Fanie gaan voordra," sê Gerhard. „Hy sê dat jy in sy gedigte belangstel, George."

„Hy het my vertel dat hy gedigte skryf, maar ek het niks daarvan gesien nie. Is hulle goed?"

Gerhard glimlag. „Ek weet niks van gedigte af nie, jy moenie vir my vra nie. Ek weet net dat die mense hou van die versies wat hy voordra en hulle raak soms opgewonde daaroor, dus dien dit ten minste 'n nuttige doel."

„Moet alles nuttig wees?" vra George.

„Wat moet jy aanvang met dinge wat jy vir niks kan gebruik nie?" vra Gerhard, 'n bietjie verbaas oor die vraag.

„Hulle kan sommer net mooi wees."

Die oorweging is vir Gerhard egter nie van belang nie. „Ons lewe hier is 'n ernstige saak," sê hy; „ons moet veg vir ons bestaan. Daar is nie tyd vir nuttelose dinge nie."

Die mense het nou almal gaan sit en net Raubenheimer het staande gebly in hulle midde, 'n bietjie ongemaklik met sy tone na buite toe gedraai en sy arms langs sy sye. Hulle fluister nog onder mekaar, tant Miemie verhef haar stem om te kla oor 'n kussing wat agter haar rug afgesak het, en dan word hulle stil. Raubenheimer sluit sy oë en lig stadig en beswerend sy arm op terwyl hy begin.

O God van ons vaders, U heilige hand
wat ons altyd gerig en gelei het,
sal ons ook eendag terugvoer, U volk van weleer,
na die erfenis wat U berei het. . .

„Hy't dit self geskryf," sis tant Loekie vir George. „Hy's alewig aan't versies maak. Hy's die soort mens waarin jy belangstel."

„Hoe dan so?" vra George.

„Iemand wat 'n bietjie anders is. Ons is vir jou seker baie oninteressant, plaasmense is nou eenmaal nie wat wonders nie." Haar gefluisterde woorde is egter nie die konstatering van 'n feit nie, maar eerder 'n vraag: byna smeek hulle hom om ontkenning en weerspreking.

„Mens hoef nie noodwendig gedigte te skryf om interessant te wees nie," sê hy, en sy glimlag vir hom oor haar glas.

„Ma, ma," fluister haar dogter agter haar, en sy kyk ongeduldig om. Hy het die verloop van Raubenheimer se resitasie nie gevolg nie: die onderwyser staan nog met opgehefte arm bo die hoofde van sy toehoorders na een of ander ongespesifiseerde verte en wys.

Die lig van beskawing met sekere hand
gedra oor die donkere velde,

roep hy vir hulle. Oor wie praat hy? wonder George. Lourens probeer hom van die gewig van sy trekklavier bevry, en in die stilte piep die instrument met 'n onverwagtheid wat die meisies laat giggel.

Asgaaiegekletter op tentseil en kap. . .

„Gerhard, skink vir ons nog so 'n bietjie terwyl jy tog hier staan met die bottel," fluister tant Loekie sonder om selfs te probeer voorgee dat sy luister.

„Tant Loekie sal maak dat George heeltemal hoenderkop raak."

„Ag wat, so 'n paar sopies sal hom geen kwaad doen nie. Dan sien ons miskien wat hy agter sy mooi maniere en sy mooi klere wegsteek."

„Dit sal interessant wees," sê Gerhard glimlaggend, en vul George se glas weer by, alhoewel dit nog meer as half vol is.

Onder hulle slegs helde, want man, vrou en kind
het geoffer en nimmer geswik nie. . .

Raubenheimer se gesig is rooi van inspanning of opgewondenheid en die are swel uit by sy slape. Sy oë is nog toegeknyp, en hy het ook sy ander arm opgelig, profeties en seënend voor hom uitgestrek.

„Dansmusiek is vir my darem plesieriger," fluister tant Loekie. „Of hoe sê jy, Gerhard?"

„Mens kan nie altyd dans nie, tant Loekie."

„Nee, as jy jou sin kon kry, sou daar seker nie meer musiek in die wêreld wees nie."

„Mammie," probeer haar dogter weer haar aandag trek.

„My hemel, wat makeer jou tog, Danie?" vra sy ongeduldig. „Kan jy nie hoor Fanie is besig om 'n gedig op te sê nie?"

Dit maak nie saak nie, dink George, en drink weer; dat hy die helfte van die gedig nie eers gehoor het nie, is ook geen verlies nie. Die kamer in die lamplig begin 'n vredige plek word en in sy ore klink daar 'n gedruis waaruit Raubenheimer se woorde net by vlae hoorbaar word.

Deur U stem opgeroep in ons donkerste nag
het ons leiers die opdrag gehoorsaam. . .

„Ek was baie lief vir gedigte toe ek 'n meisie was," deel tant Loekie hom mee. „Ek sou self nog iets vir julle kan voordra." Dan merk sy dat hy nie na haar luister nie. „Wat makeer ?" vra sy.

„Ek probeer hoor wat rym op ‚gehoorsaam'," sê George.

„O, Fanie se versie," sê sy. Vir 'n oomblik is sy stil terwyl sy nadink.

Ons het same gestrewe en same gestry,
en al wat ons had ook verloor saam,

dra sy dan fluisterend voor, en lag, sodat tant Kotie en mevrou Hattingh na haar omkyk. „Askies vir die wals, mense," sê sy bedees vir Gerhard en George; „maar ek begin ongeduldig raak om weer 'n slag my lyf te roer. By watter jaar van die geskiedenis skat julle trek hy nou ?" Sy stamp vir George in sy sy met haar elmboog. Gerhard bly onaangeraak, deur haar opgewektheid net soseer as deur die gedig. Raubenheimer se stem swel aan, sy hande rys op bo sy kop asof hy besieling uit die hemel wil neerpluk, en sy liggaam volg; al resiterende swaai hy heen en weer op sy tone.

Deur U wysheid gelei, deur U almag bestuur,
het ons nimmer gedwaal of gefaal nie.
Geheilig ons strewe, en nooit sal ons rus
tot ons eenmaal oorwinning behaal nie.

Dit is stil, en dan spoel die applous oor hom uit. Hy staan met geboë hoof, glimlaggend, deemoedig, vermoeid, om hulle hulde in ontvangs te neem terwyl hulle om hom saamdrom: die siener, die sanger, die profeet.

„Kom ons dans," sê tant Loekie. Gerhard is egter besig om na iemand te soek te midde van die mense. „George, hoe lyk dit ? Ons is al ou vriende, ek hoef nie te wag totdat jy vir my vra nie."

„Ek glo nie George is so 'n danserige mens nie, tant Loekie," sê Gerhard.

„Almal is gelukkig nie so hoog verhewe bo die aardse soos jy nie," antwoord sy 'n bietjie bitsig, maar dan staan Hendrik voor haar.

„Hoe lyk dit, tant Loekie, nou's dit mos my beurt," sê hy, en voordat sy besef wat daar gebeur het, het hy haar weggevoer, haar glas nog in haar hand. George en Gerhard bly saam agter terwyl Lourens sy trekklavier opneem en die musiek weer begin.

„Tant Loekie geniet die aand blykbaar," sê George om die stilte te verbreek.

„Die meeste mense geniet so 'n kans om bymekaar te kom, om watter rede ook al. Maar ek is ongelukkig nie iemand wat hou van dans en sing en plesierig wees nie, ek pas vanaand eintlik nie hier hie."

„Dit spyt my dat ek dit op jou afgedwing het," sê George. „Dis eintlik my skuld dat dit alles gereël is."

„'n Mens doen jou plig," sê Gerhard ernstig.

„Ek sal nou seker maar myne moet gaan doen," sê George. „Ek het vanaand nog nie gedans nie."

„Daar's genoeg tyd vir dans. Die mense bly heelnag hier, hulle kan tog nie ry voordat dit lig word nie."

„Praat jy nou al oor weggaan, George?" sê-vra Johannes, wat ongemerk genader het en glimlaggend langs hom staan.

„Ek moet 'n keer dans."

„Jy kan eers 'n rukkie gesels. Ons het toevallig in 'n rustige hoekie beland, niemand sal ons kom lastig val nie."

Hulle staan aan weerskante van hom, en deur die aangename newelagtigheid wat hom omring, besef hy dat hulle hom hier in die hoek insper, die twee jong mans in hulle vleklose wit hemde, wat na sweet ruik en na drank, maar wat nog volle beheer oor hulself het, nugter, waaksaam en beleefd.

„En toe, George," sê Gerhard, „hoe hou jy van die wêreld hier?"

Dieselfde vraag, wat so moeilik beantwoord kan word. „Dit is . . . anders," sê hy. „Anders as wat ek verwag het."

„Hoe dan so?"

„Ek het dit alles geken soos my ouers dit vir my beskryf het. Ek het vergeet dat daar soveel tyd verbygegaan het, ek het nooit besef dat alles verander het nie."

„Is jy teleurgestel?"

„Ek moet dit nog verwerk."

Dit is Gerhard wat hom aanspreek en die gesprek voortsit, terwyl Johannes swygend en glimlaggend staan en luister. Is hy toeskouer, waarnemer, getuie of bewaker, wonder George onduidelik, en waarvan of van wie? Die swygende aanwesigheid langs hom laat hom ongemaklik voel.

„Ek hoor jy was gister op Rietvlei," sê Gerhard.

„Ja."

„Jy't gesien hoe hulle die plek verniel het."

„Ja."

„En hoe voel jy daaroor?"

Hy oorweeg dit om vir Gerhard te sê om hom met sy eie sake te bemoei en hierdie ongewenste gesprek te beëindig, maar hy onderdruk die neiging. „'n Bietjie weemoedig," sê hy. „Ek kan die plaas nog net onthou soos dit vroeër was."

Gerhard frons effens: dit is blykbaar nie die antwoord wat hy verwag het nie. „En wat gaan jy daaraan doen?" vra hy.

„Wat bedoel jy?"

Gerhard neem hom aan sy arm beet en trek hom 'n bietjie verder opsy, dieper in die skadu aan die einde van die kamer waar die lig van die lampe nie reik nie. Johannes volg hulle. „Jy het teruggekom om die plaas te sien, ná al die jare en ten spyte van alles wat daar gebeur het, het jy teruggekom, dit beteken nog iets vir jou. Rietvlei is nou joune – wat gaan jy daarmee doen?"

„Dit probeer verkoop."

„Bedoel jy dit ernstig?"

„Wat kan ek anders daarmee doen? Ek kan nie hier bly nie, ek woon oorsee, ek werk daar, ek moet teruggaan. . ."

„Het jy hierdie hele reis dan onderneem vir 'n besoek van 'n paar dae?"

„Ja," sê hy. „Dit was miskien sentimenteel, maar ek wou die plaas nog 'n keer sien, vir die laaste keer. Jy sou dit 'n pelgrimstog kan noem."

Gerhard luister nie. „En voel jy nie dat jy verraad pleeg teenoor jou familie as jy dit verkoop nie?"

„Die plaas was my grootouers se hele lewe, en my moeder het daar grootgeword; sy het haar herinnerings gehad en sy wou die band daarmee behou, hoe simbolies dan ook al, sy het dit nooit oorweeg om daarvan afstand te doen nie. Maar ek het my eie lewe en Rietvlei maak nie deel daarvan uit nie. Dit is iets uit my jeugjare, en my jeug is al lankal verby."

„Jy is hier gebore," sê Gerhard. „Jy kan jou lewe hervat waar dit afgebreek is."

„Nee, dis nie meer moontlik nie; dit is te lank gelede, daar het in die tussentyd te veel gebeur. Daar het niks oorgebly wat nog dieselfde is nie."

„Die grond is dieselfde."

„Ek is nie 'n boer nie, ek wil dit ook nie wees nie."

„Die land is dieselfde." Gerhard trek hom nog dieper in die skadu

en praat sagter en dringender noudat die musiek weer opgehou het en die mense begin rondbeweeg in die kamer. „Die plaas is belangrik, maar dit is net 'n onderdeel, jy hoef nie te gaan boer nie. Voel jy dan niks vir hierdie land nie?"

„Dit het vir my 'n vreemde land geword," sê hy. „Net af en toe herken ek nog iets, en elke keer verras dit my opnuut."

Gerhard frons nog, die grys oë ondersoekend en onbegrypend. Ja, dit is koue oë, dink George weer; die gesig is mooi, maar as jy goed daarna kyk, sien jy die hardheid en selfs die wreedheid van die gelaatstrekke. Hier kan jy geen genade verwag nie.

Byna onmiddellik het Lourens opnuut begin speel, 'n treurige, slepende wals. „Ek moet gaan," sê George weer, maar nòg Gerhard nòg Johannes staan opsy om hom verby te laat. „Ek het vanoggend al met Johannes hieroor gepraat," voeg hy by, „en ek het nog nie van mening verander nie."

„Ons het net oor die plaas gepraat," sê Johannes. „Ons het gepraat oor boorgate en trekkers."

„Is daar dan ander moontlikhede?" vra George. Hy moet gaan voordat hy miskien sy humeur verloor, dink hy, maar die drank laat hom lomerig en tevrede voel, en ten slotte bedoel hulle ook nie om opdringerig te wees nie; hulle maniere is nou eenmaal anders as dié waarmee hy self grootgeword het.

„Daar is meer as genoeg moontlikhede," sê Gerhard. „Ons het mense nodig wat hul land en hul volk liefhet, wat gewillig is om baie daarvoor te waag, om daarvoor te veg en te sterwe. . ."

„Wat stel jy dan voor dat ek moet doen?" vra George.

„Bly hier," sê Gerhard. Hy praat saggies, met sy gesig by George s'n, en kyk hom aan met daardie glashelder grys oë. „Jy sal gou genoeg sien wat daar te doen is. Al wat jy nodig het, is moed en geloof en volharding."

„En waarom moet ek alles wat ek besit, opgee om my hier in die onbekende te waag?"

„Omdat jy 'n plig het teenoor jou land en jou mense en jou voorouers, 'n heilige plig wat nagekom moet word."

„Heiligheid is maar 'n vae ding," sê George, „en gehoorsaamheid beteken nie blinde onderwerping nie. Dit is 'n kwessie van keuse, iets wat jy vrywillig en doelbewus onderneem. Ek het reeds 'n ander keuse gedoen." Hy praat afgetrokke en het eintlik van Gerhard ver-

geet, maar dit is duidelik dat sy woorde ook nie tot hom deurdring nie.

„Weet jy hoe jou grootouers hul lewe geëindig het?" vra Gerhard. „Hulle is soos honde weggeja van hul eie plaas om in die dorp in 'n buitekamertjie te krepeer. En weet jy wat daar met jou oom gebeur het, jou ma se broer – het hulle jou vertel? Die polisie het hom ondervra, ure lank, en hom geslaan toe hy nie wou antwoord nie. Hy het op die vloer geval en kon nie meer opstaan nie, en 'n polisieman het hom geskop totdat hy dood is."

Hy sien die onbewoë oë voor hom. „As jy 'n polisieman was wat 'n gevangene moes ondervra, sou jy dit ook doen," merk hy op, en is verbaas oor sy woorde. Hy het te veel gedrink, dink hy: sy stem en Gerhard se gesig hier voor hom en die musiek is almal ewe ver weg en onduidelik. Maar hy kan Gerhard se vuiste voel teen 'n weerlose liggaam; Gerhard sal skop en skop in die sagte vlees, terwyl sy gesig so strak en onbewoë bly soos nou en sy oë geen gevoel toon nie. Oom Kosie, die laggende jong man in die foto-albums, het êrens op 'n sementvloer sy lewe geëindig in sy eie bloed en uitwerpsel.

„George!" roep tant Loekie en kan nie meer gekeer word nie terwyl sy haar weg deur die dansers baan. „George, nou het ek jou, nou gaan ons dans. Jou eerste dans hier op die plaas, by jou eie mense. . ." Sy trek hom met haar saam op die dansvloer sonder dat Gerhard of Johannes hom probeer terughou, en slaan haar arms om hom. Die treurige deining van die musiek voer hulle verder.

„Wat hou jy jou lyf heelaand so skaars?" vra sy. „As ek geweet het hoe goed jy kan dans, sou ek jou al lankal kom soek het." Dit is nie waar dat hy goed dans nie, maar sy weet ook nouliks wat sy sê, en hy stuur haar outomaties op maat van die wals. Johannes het ook kom dans, sien hy, een van die Lourens-meisies teen hom aan geplak, en Gerhard dans met Carla. Met 'n sekere voldoening merk George dat hy sleg dans, sy bewegings styf en ongemaklik, maar Carla kyk oor sy skouer weg asof sy nouliks by dans en musiek betrokke is.

„Ek weet nie hoe kan Kotie so lewe sonder elektrisiteit of enigiets nie, en dan laat sy jou nog altyd voel asof jy minderwaardig is omdat jy dit self het. Maar sy's ook so 'n toegewyde, opofferende mens, dis geen wonder dat arme Frank begin drink het nie. Hy was natuurlik weer dronk gewees daardie dag toe die polisie hom beetkry, hy't in die kroeg op die dorp rondgehang soos gewoonlik in plaas van huis toe te kom, wie kan hom dit kwalik neem, toe praat hy sy mond verby."

Sy vertel hom dit sorgeloos, sonder om haar stem te probeer demp, en hy kan nog net helder genoeg dink om haar weg te stuur van die deel van die kamer waar tant Kotie en Hattingh saam dans.

„Maar Wet kan nou ook nie heelaand bly speel nie," verklaar sy onsamehangend. „Nie dat hy nie sou wil nie, maar hulle verwag altyd dat hy al hulle vuil werk vir hulle moet doen, net omdat hy nooit vir iemand nee sê nie. Maar hulle vertrou hom nie, nee, óns weet sogenaamd niks nie, ons is seker nie goed genoeg nie. . ."

Die musiek eindig met 'n lang haal van die trekklavier, en sy breek af, die res van haar sin vergete. Wanneer hy haar loslaat, wankel sy op haar voete.

„Mooi so, George!" roep Hattingh vir hom. „Nou moet ons sien hoe dans jy 'n regte ouderwetse vastrap! Kom, kry vir jou iets om te drink."

„Ek het gewonder waar jy is," sê Bettie, haar ongepoeierde gesig blink van die opwinding en inspanning. „Ek het gedink jy is weer terug Duitsland toe."

„Switserland."

„Dis ook tyd dat jy 'n bietjie kom dans, ek weet nie hoekom dit so is nie, maar net so gou soos die musiek begin, verdwyn al die mans. Dis net oom Hennie wat nog jammer voel vir ons. Fanie is ook te sleg om te dans." Sy voeg dit vinnig by, want Raubenheimer kom met lang treë en swaaiende arms na hulle toe.

„Bettie, tant Miemie roep jou," sê hy, maar sy praat verder asof sy hom nie gehoor het nie.

„Mens kry al klaar so min kans om te dans hier op die plaas, en wanneer daar iemand soos jy kom wat kán dans, dan verdwyn hy met al die ander mans om oor politiek te staan en gesels." Klaarblyklik wag sy op 'n uitnodiging terwyl sy hom stralend aankyk.

„Bettie, tant Miemie roep jou," herhaal Raubenheimer. Bettie aarsel vir 'n oomblik, maar sy kan nie voorgee dat sy hom nou nie gehoor het nie, en tant Miemie se stem bereik hulle ook skel en dringend van die ander end van die kamer. Bettie maak 'n ongeduldige beweging met haar skouers en klik op haar hoë hakke na die ou vrou, wat deur haar en mevrou Hattingh opgehys moet word uit haar stoel en na buite vergesel word, voetjie vir voetjie tussen die dansers deur.

„En toe, geniet jy dit?" vra Raubenheimer. „Sê vir my, wat het jy van Gerhard se toespraak gedink?" Hy laat sy stem vertroulik sak. „Hulle sê dat hy goed praat, hy dink in elk geval so, maar hy het nooit

so 'n indruk op my gemaak nie. Hy's natuurlik 'n belangrike man hier in die distrik, hy neem altyd die voortou en al die meisies hou van hom, maar dis ook nie alles nie. Mense kyk altyd na uiterlike dinge, maar dis nie die belangrikste nie, dink jy nie ook so nie? Ek glo tog. . ."

Die onderwyser rys bo hom uit; George sien net die wit hemp en donker das op dieselfde hoogte as sy oë en hoor die stem wat bo sy kop voortdreun, verweef met die musiek van die trekklavier. Die boordjie is gerafel langs die rand, merk hy, en die kraag van die baadjie vetterig verkleur, en hy voel skielik moeg en teensinnig, sodat hy gaan sit sonder om verskoning te maak. Daar is geen ander stoel naby nie en Raubenheimer moet noodgedwonge bly staan, sy gesig met die flitsende brilglase oneindig ver bo hom terwyl hy verder praat en sy betoog vir die grootste deel onverstaanbaar. Geleidelik buk hy al pratende sy kop na George en dan sy skouers; sy hele liggaam neig afwaarts, en vanuit 'n eindelose hoogte buig hy soos 'n skadugewende boom om laafnis te bied, soos 'n mensetende plant wat dreigende arms uitstrek. „. . . Die edelste wat daar is . . . ," hoor George, „'n handjievol te midde van die gewone mense . . . 'n hoër weg. . ." Waaroor praat hy? wonder George vaag terwyl hy na die dansers sit en kyk, sy glas in sy hand, en sien dan dat die onderwyser begin om die rol papiere uit sy binnesak te voorskyn te haal. „Jy hou blykbaar net so min van dans soos ek," sê hy dubbelgeboë, sy mond byna teen George se voorhoof. „Miskien kan ons wegglip sonder dat iemand ons sien, dan kan ek 'n paar dingetjies vir jou voorlees. Wat jy vanaand hier gehoor het, was maar net 'n geleentheidstukkie, die mense hou daarvan en hulle waardering is vir my baie ontroerend, maar daar is meer persoonlike dinge wat ek nie vir elkeen wys nie, gedigte oor die roersele van die siel, sou mens kan sê. . ." Sy een hand is op George se skouer en in sy opgewondenheid raak sy lippe vir 'n oomblik aan George se voorhoof.

„Pax Domini sit semper vobiscum," sê George by homself en strek sy hand uit om die onderwyser saggies terug te stoot. „Et cum spiritu tuo," antwoord hy dan, en glimlag oor die halfvergete woorde wat in sy herinnering opgekom het. Raubenheimer het dit nie verstaan nie.

Dan hoor hulle weer die geklik van Bettie se hoë hakke wat nader. Sy het tant Miemie blykbaar aan mevrou Hattingh se sorg oorgelaat en kom doelgerig op George af.

„Fanie, tant Miemie sê die kinders moet nou gaan slaap," sê sy sonder om na Raubenheimer te kyk.

„Hulle hinder tog niemand nie."

„Tant Miemie sê jy moet sorg dat hulle in die bed kom, nou dadelik. Dis al ná middernag."

„Laat hulle dan maar gaan slaap. Ek keer hulle nie."

„Tant Miemie sê jy moet self kyk dat hulle in die bed kom, anders bly hulle heelnag streke uithaal."

„En wat dan van die meisies? Ek is nie verantwoordelik vir die meisies nie."

„Tant Miemie het gesê jy moet na die kinders kyk. Ek is besig om haar te help in die badkamer."

„Jy weet dat jy vir die meisies verantwoordelik is."

„Gaan praat maar met tant Miemie daaroor," sê sy, die gesprek beëindig sover dit haar betref. Raubenheimer soek nog na 'n repliek, maar kan geen vind nie. Die rol papiere het hy agter sy rug verberg toe Bettie aankom, en nou steek hy dit terug in sy binnesak. „Ons gesels weer," sê hy met 'n gedwonge glimlag vir George, en klop hom op die skouer.

„Tant Miemie sê jy moet sorg dat die seuns en die meisies se kamers aan weerskante van die gang is, nie langs mekaar nie," roep Bettie nog agter hom aan terwyl hy wegloop.

„Maar waar ís tant Miemie dan, Bettie?" vra tant Kotie. „Kan sy regkom?"

„Ja, tant Kotie, tannie Mart is by haar."

„O, dis gaaf, dan kan jy miskien vir Carla help om die koek te sny en rond te bring. Jy gee nie om nie, nè Bettie?"

„Nee, tannie," sê Bettie gedienstig, maar sy draai om met dieselfde ongeduldige beweging as netnou, en die swaai van haar heupe in die te nou en te kort rokkie druk onwilligheid en verontwaardiging uit.

Die wals duur voort: tant Loekie het verdwyn, maar haar dogters het almal maats, Danie nog in Johannes se arms geklem, of hy miskien in háre. Is dit hoe die aand vir hom sal verbygaan, wonder George, vasgekeer in 'n hoek terwyl die een ná die ander van die gaste op hom beslag kom lê?

„Ons gee jou nie eintlik kans om te dans nie," sê tant Kotie asof sy kan raai wat hy dink.

„Ek is nie so lief vir dans nie, tant Kotie."

„Nes Gerhard," sê sy, en glimlag. „Hy doen dit net omdat hy moet, selfs al is dit Carla met wie hy dans. O, en sy pa het tog so graag gedans." Hy sien haar mooi, reëlmatige profiel, die vasberade mond en ken, die reguit neus en hoë voorhoof, en dan kyk sy hom aan met Gerhard se

heldergrys oë. „Maar ons wil almal so graag met jou gesels, dis waarom ons jou heelaand belaer."

„Ek is bly dat ek die kans het om al die mense hier te leer ken."

„Jou eie mense – ja, ek kan dit verstaan. Ek wens net dat daar nog werklik van jou eie mense hier was, George, van jou moeder se familie. Kan jy hulle nog onthou?"

„Net my grootouers, en ook nie baie duidelik nie. Ek onthou my grootmoeder die beste."

„Sy was 'n wonderlike vrou, niemand in die distrik kon tuinmaak soos sy nie. In haar tyd was Rietvlei 'n ware lushof. En nou. . ."

Die musiek eindig weer. Lourens stut sy trekklavier teen 'n stoel, drink, en vee sy gesig af. Tant Miemie bly weg, en die kinders van die skooltjie, wat heelaand gedwee sit en kyk het in 'n hoek van die vertrek, is deur Raubenheimer weggelei. Die kamer lyk verlate, oorheers deur die figuur van tant Maria waar sy eensaam agterbly met gevoue hande.

„Kom saam," sê tant Kotie, en neem 'n lamp van die tafel. Sy gaan voor hom uit deur die aangrensende kamer waar hy met Paultjie na die portrette gekyk het, oor die gang en deur ander vertrekke – hy kan nie sien waar hulle gaan nie, want die kamers waardeur hulle stap, word verswelg deur die vloeiende skaduwee, en net die portrette langs die mure word verlig deur die lamp waarmee tant Kotie langs hulle af stap asof sy iets soek. Hy sien bebaarde gesigte en kaalgeskeerde gesigte, vergeelde ateljeeportrette en foto's van vergaderings, verenigings en groepe, almal omraam en langs die wit mure opgehang.

„Kyk, hier is dit," sê tant Kotie, en gaan staan. „Sien jy, hier is jou moeder, en haar broer Kosie, en jou grootouers. Dis voor die kerk geneem op ons troudag."

Tant Kotie as bruid met styfgekrulde hare, in 'n weelde van sluiers, strikke en blomme, met 'n mooi, laggende jong man langs haar op die treetjies van 'n kerk tussen deftiggeklede mense. Hy buk om te kyk na die gesigte te midde van gesigte wat sy hom aanwys, half verberg deur die skouers en koppe van andere, maar sien net die weerkaatsing van die lamp in die glas wat die foto bedek.

„Dit was winter," sê tant Kotie langs hom; „jy kan dit sien aan die mense se klere. 'n Lieflike winterdag, koud en helder. Soms glo ek ons kry deesdae nie meer sulke mooi winterweer soos vroeër nie."

„Was my moeder toe al getroud?" vra hy om iets te sê.

„Nee, dit was kort voor haar eie troue. Maar sy is nie hier by ons

getroud nie, net haar familie was daarby gewees. Ek onthou nog goed, sy het dié dag 'n blou jas gedra en 'n blou fluweelhoed. Sy het so mooi gelyk, sy het altyd so mooi aangetrek. . .” Vaag waarneembare gelaatstrekke, 'n half weggedraaide kop, 'n hand – is dit inderdaad sy moeder? Hy onthou hoe sy haar kop weggedraai het om na die berge te kyk, en hoe sy gekla het dat hulle haar insluit.

Tant Kotie stap stadig verder en bly by elkeen van die foto's staan om vir George iets van die mense te vertel. Met onbewoë stem verhaal sy van moord, doodslag en geweld; haar rug is ongeboë, en die hand wat die lamp vashou, tril nie eers nie; sy lei hom voort soos 'n gids wat besoekers rondvoer deur een of ander leegstaande paleis of onder die gewelwe van 'n kerk, langs muurskilderye, altare en relikwieë. Die kamers is leeg en kaal en koud en hulle voetstappe weerklink van die vloerplanke; 'n koster met 'n rammelende bos sleutels, 'n bejaarde sakristyn, 'n non met neergeslane oë wat ou skatte vertoon en vergete geheimnisse verduidelik, Sebastianus met pyle deurboor, Laurentius in die vlamme, en Barbara gekniel om die swaardslag te ontvang; 'n gedempte stem, die gloed van kerse voor 'n beeld, en die vae, verre geur van wierook.

„Die dinge in hierdie huis is baie kosbaar,” sê tant Kotie. „Geen geld kan daarvoor betaal nie. Ek weet jy sal dit verstaan, George.”

Hy knik, want hier pas geen woorde meer nie. Dit is heeltemal stil, asof hulle alleen in die huis is, en geen geluid van stemme of musiek dring tot hulle deur nie.

„Ek het al hierdie mense geken,” sê tant Kotie. „Ek was betrokke by al hierdie dinge, by die hele stryd, ek het dit self meegemaak. . .”

Agter haar swaai 'n deur geluidloos oop sonder dat sy dit merk of selfs daarvan bewus is dat George by haar verbykyk in die donker. In die lamplig kan hy dof iets sien beweeg, en dan besef hy dat dit Johannes is met losgeknoopte hemp, en Danie wat oor sy skouer kyk, haar oë blink tussen die hare wat verward oor haar gesig val. Haar arm kom tevoorskyn om hom terug te trek in die donker, en die deur gaan net so geluidloos weer toe. Tant Kotie praat verder. Het hy dit werklik gesien? wonder George. Dit het so vinnig en geruisloos gebeur dat hy twyfel.

„Dis belangrik dat dit nie vergeet word nie,” sê tant Kotie. „Soms voel ek dat dit 'n plig is wat ek het om te sorg dat hierdie dinge bewaar bly en die mense te herinner aan wat daar gebeur het. Daar is sommige

wat nie herinner wil word nie, daar is mense wat ontrou geword het en jongmense wat nie eers in sulke dinge belangstel nie. . .” Sy sug. „Dís veral waarom dit vir my so baie beteken dat jy teruggekom het, George.”

„Ek vrees dat my motiewe heeltemal selfsugtig was.”

„Dit maak nie saak nie, die belangrikste is dat jy hier is.”

Hulle stap verder langs die gang terwyl sy hom voorlig met die lamp, en hy hoor weer die geluid van die musiek in die verte. Tant Kotie maak die deur van die woonkamer oop. „En nou moet jy my van jou moeder vertel, George,” sê sy.

„Kotie!” roep tant Miemie, wat in hulle midde teruggekeer het, en tant Kotie moet die lamp neersit en na haar toe gaan.

„Kom, George, waar's jou glas dan?” roep Hattingh hom toe. „Kom dat ek nog 'n keer vir jou inskink, jong. Jy moet drink en die aand geniet. Ons het jou dan nog skaars sien dans. Jy wil tog nie vir my sê dat jy skaam is nie!” Hy lag uitbundig en stap weg sonder om op 'n antwoord te wag, klop vir Gerhard op die skouer, en begin hom met half gedempte stem 'n grap vertel.

„Soe, maar 'n ou raak warm van al die speel,” sê Lourens. „Laat ek 'n slag met jou klink, George. Dis nie aldag dat ek glase kan klink met iemand wat van oorsee af kom nie.” Hy het ook duidelik al te veel gedrink en sy tong sleep effens oor die woorde. „En toe, hoe hou jy van ons manier van partytjie gee? Lekker kos en lekker musiek en 'n paar glasies en 'n huis vol mense. Mooi meisies hier, nè?” Hy skuif nader. „En 'n lekker groot huis om wegkruipertjie in te speel, nè? Soms voel mens lus vir so 'n speletjie, of hoe sê ek nou?” Hy lag en probeer George in die ribbe stoot, maar mik sleg en wankel vir 'n oomblik. „Ja, jy's jonk, toe maar, jy hoef niks te sê nie, ek verstaan.” Dog George swyg.

Mevrou Hattingh sluit haar by hulle aan. „Jy is nou seker moeg, Wet,” sê sy.

„Nee wat, moeg! Ek is nog vol lewe, kyk vir my, ek is wakkerder as die meeste van die jongmense hier.”

Mevrou Hattingh soek bekommerd in die kamer rond. „Ja, wat my kinders betref, weet ek nie wat ek oor hulle moet sê nie. Nou is dit weer Johannes wat soek geraak het. . .”

„Ag wat, Mart, wat bekommer jy jou nog oor hulle? Kom sit hier by my dat ons 'n bietjie kan gesels.”

„Ek is vaak,” sê sy. „Ek kan nie meer so laat opbly soos vroeër nie.”

George stap van hulle weg. Die kamer het leeg geword, sommige mense het verdwyn, en dié wat oorbly, is stil. Dit is trouens ook laat, en hy wonder of dit nie moontlik is om te gaan slaap nie.

Twee van die Lourens-meisies staan voor hom: dit moet Hannie en Hennie wees, dink hy, en groet hulle plegtig met 'n buiging en 'n opgehefte glas. Hulle giggel, maar probeer nie om uit die pad te gaan nie; dit is eerder asof hulle hom wil voorkeer waar hulle ingehaak voor hom staan.

„Wat makeer?" vra hy, en hulle giggel weer en stoot mekaar fluisterend aan.

„Ons het gewonder hoekom jy nie dans nie," sê een van die twee dan.

„Jy't vanaand nog net een keer gedans."

„Met Mammie. . ."

„Hou jy dan nie van dans nie?"

„Dis nie reg nie, al die jongkêrels verdwyn en óns bly hier sit. . ."

Hulle aarsel en kyk na mekaar. „Sal jy met óns dans?" vra die een vinnig, en albei bars uit van die lag.

„Met watter een van julle?" vra hy.

„Met al twee."

„Eers met my, ek is die oudste."

„En die dans daarna met my."

„Kyk, Pappie gaan weer speel. Toe nou, Pappie, speel vir ons 'n wals!"

Sy trek hom na haar toe terwyl die musiek begin, en hy voel haar liggaam teen syne, Hannie of Hennie, wie van die twee sy ook is. Sy is waarskynlik nog 'n skoolkind – miskien vyftien, hoogstens sestien – maar die volheid van haar liggaam is 'n vrou s'n en haar oë is uitdagend terwyl sy hom aanstaar, haar mond effens oop. Hy word verswelg in die sagte warmte van daardie liggaam met sy geur van jeug en sweet.

„Dit spyt my," sê hy, „ek dans nie baie goed nie."

„Dis goed genoeg," sê sy sonder om weg te kyk.

„Dis te laat, ek moet liewer gaan slaap."

Tant Loekie kom al na hulle toe oor die dansvloer en hoor sy laaste woorde. „Ja, dis tyd dat ons gaan slaap," beaam sy. „Wat staan julle nou vir George en lastig val? Het julle vanaand nie al genoeg gedans nie?" „Nee," mompel een van die meisies, maar tant Loekie hoor haar nie. „Toe nou, los vir die grootmense uit. Gaan soek liewer vir Danie, die vader weet waar sy nou weer wegkruip." Met 'n beweging van haar hand ja sy hulle weg asof hulle kuikens is, en neem George dan self aan die arm beet. „Ek het heelaand maar min van jou gesien,

weet jy? Seker besig met belangriker dinge – of met belangriker mense. Ek moet nog 'n slag met jou dans, maar nie nou nie, láter, dis nou te laat." Sy trek hom langs haar neer op 'n stoel, en gaap. „Kyk hoe sit tant Maria daar nes 'n standbeeld," sê sy. „Hoekom gaan sy nie liewer bed toe nie? En ou tant Miemie – net hier in die pad sit en almal se pret bederwe. . ."

„Tant Miemie het aan die slaap geraak," sê hy.

„Dan kan sy mos liewer kamer toe gaan. Sy bly net om te sien wat daar alles gebeur, sodat sy weer iets het om oor te skinder."

„Dit is seker ook al wat sy het om haar besig te hou."

„Jy sê vir my," sê tant Loekie, en staar na die drank wat daar in haar glas oorgebly het. „As ek jou moes vertel wat daardie ou vrou alles hier in die distrik uitgerig het, sonder om 'n voet van haar eie huis te verroer. . ." Sy gaan regop sit en begin lewendiger praat, aangegryp deur die onderwerp. „Ja, sy is sogenaamd sieklik, maar dis alles net verbeelding as jy my vra. Ek het erger dinge deurgemaak as sy; as ek jou moes vertél. . . Maar ek is nog springlewend, kyk maar vir my. Alles net om die aandag te trek. . ."

Hy het self ook begin gaap. „Dis verstaanbaar op haar leeftyd," sê hy in 'n vae poging om tant Loekie te kalmeer, maar sy hoor hom skaars.

„Wat weet sy eintlik van swaarkry?" vra sy. „Ek het die moeilikhede alles self deurgemaak, ons het deur dit alles heen getrek. . . Maar jy weet ook nie daarvan nie, nè? Ons het mos nie hier op die plaas gebly toe ons eers getroud was nie," deel sy hom mee. „Ek sou nooit en te nimmer 'n boer getrou het nie, maar Wet het in die stad gewerk, hy was voorman met dertig kaffers onder hom, ons het 'n lieflike huis gehad, alles – ek sê mos vir jou, ek is gewoond aan beter dinge as dít. Maar toe kom die moeilikhede en alles is deurmekaar, die fabriek is gesluit en ons bure se huis is afgebrand, en Wet besluit dis die beste as ons maar plaas toe kom, dis die veiligste vir ons, en sy pa-hulle was ook nie meer so jonk nie, dan is ons ten minste almal bymekaar. Nou ja, ons pak al ons goedjies en ons sit dit op 'n bakkie wat ons gehuur het, en ons gee pad. . ."

George probeer nie eers die avonture van oom Wet en tant Loekie in die bakkie volg nie. Daar is niemand meer wat dans nie, maar Lourens sit saggies vir homself en speel, een of ander liedjie waarvan die melodie nie herkenbaar is nie, niks meer nie as 'n vae, weemoedige deining in die stilte van die kamer. Sy oë is gesluit en hy

leun met sy kop agteroor teen die muur. Tant Miemie het inderdaad ingesluimer, haar kierie nog in haar hand, en tant Maria slaap blykbaar ook.

„En daar sit ek op ons koffers asof ek hulle moet oppas," vertel tant Loekie. „Ag vader, ek kon my maar die moeite gespaar het, niks van ons goed het ooit op die plaas aangekom nie, ek het niks daarvan ooit weer gesien nie. My klere, selfs my handsak met ons geld, en my verloofring, drie diamante. . ." Dan ruk sy haar weer wakker. „Daar sit ek toe," hervat sy, „en dis so donker daar sou 'n hele skietkommando voor my kan staan sonder dat ek iets sien, en ek luister maar of ek iets hoor aankom in die pad. . ." Hy sou die vensters oopmaak om die sigaretrook te verdrywe, dink hy, en die gordyne sou saggies beweeg in die aandlug. Die gloed van verspreide lampe, musiek op die agtergrond, en die ligte van die stad wat buite wegstrek in die donker – waarom het hy hierheen gekom, geld en tyd verkwis ter wille van 'n sinlose reis en 'n nuttelose besoek? Anders sou hy nou by die huis wees, saam in stilte met 'n paar agtergeblewe vriende, om te sit en rook en na musiek te luister, Lully of Rameau. Sy moeder is dood en haar huis moet nog opgeruim word; waarom het hy nie liewer gebly om dit te doen nie? In die groot kamer waar die musiek klink, sal die aandlug koel en helder na binne waai, want dit is lente.

„. . . Hy slaan my in my gesig, maar ek koes en ek gryp 'n koevoet. . ." Hy maak sy oë oop. Waaroor praat die vrou, wonder hy verward, op die rand van haar stoel met haar bene oormekaar geslaan en 'n glas in haar hand, welwillend besig om die gesprek met 'n vreemdeling aan die gang te hou op 'n partytjie. „. . . En toe is hy op sy knieë en die bloed loop in sy oë. . ." Hoe het hy hierin verstrik geraak, watter waansin is dit om hier tussen splinters en skerwe, tussen gruis en as te kom rondkrap asof hy verwag om iets te vind, 'n klippie miskien of 'n knopie, of 'n stuk geblakerde been wat nog uitgeken kan word as dybeen of kaak? Is hy van sy sinne beroof? Maar tant Loekie vertel onverstoord verder, opgewek en laggend by die herinnering. „Vyf keer daardie aand!" roep sy uit. „En toe die vyfde een kom. . ."

Carla staan voor hulle. „Kom jy koffie drink, George?" vra sy. „Tant Loekie, daar is koffie."

Tant Loekie verstar in die middel van haar verhaal. „Ja, ja, goed," sê sy ongeduldig.

„Ek kom," sê George.

Hy het nie eers gesien dat sy en tant Kotie die koffie en die koppies

bring nie. Een vir een begin almal wat verdwyn het weer binnekom om koffie te kry. Mevrou Hattingh maak vir tant Miemie wakker.

„Sal ons gaan koffie drink?" vra George, maar tant Loekie reageer nie totdat hy opstaan.

„Sy dink sy's al baas hier," mompel sy, „maar sy sal haar heiland leer ken op Kommandodrift. Dit lyk dalk so 'n wonderlike ding om Gerhard se vrou te wees, en hy's 'n mooi man, ja, maar sy sal nog bitter trane oor hom huil; o, ek weet." Sy is moeg, haar gesig rooi en opgeswel, en self het sy ook trane in haar oë. „En om Kotie se skoondogter te wees – nee wat, om so 'n prys te betaal net om Gerhard in die bed te kry. . ." Sy merk nie eers dat hy van haar wegstap nie.

„Geniet jy die aand?" vra Paultjie hom.

„Ek kan jou nie eers so iets vra nie, jy het dadelik na die ete al gemaak dat jy wegkom."

Paultjie gee hom 'n koppie koffie aan sonder om hierop te antwoord. „Geniet jy dit?" vra hy weer. „Het jy al baie gedans? Jy lyk nie alte vrolik nie."

„Ek het te veel gedrink, en ek is moeg."

„Sal ons kamer toe gaan?"

„Ja, ek wil gaan slaap." Dit is so laat dat niemand aanstoot sal kan neem as hy nou verdwyn nie.

„Kom," sê Paultjie, „dan kan ons nog 'n rukkie lê en gesels."

„Is jy nie vaak nie?"

„Môre-oggend gaan jy weer weg. Daar is nog baie dinge waaroor ek met jou wil praat."

„Genugtig, Paultjie, waar kom jy nou ewe skielik vandaan?" kom mevrou Hattingh op hulle af. „Ek soek jou heelaand, ek het selfs vir Hendrik gestuur om buite in die kar te gaan kyk. Wat sal die mense van jou dink, sulke ongeskiktheid. . ." Haar stem is heftig, maar sy praat gedemp, sodat niemand haar sal hoor nie.

„George, het jy al koffie gekry?" vra tant Kotie, die koffiepot in haar hand. Sy lyk moeg, maar sy bly rustig en glimlaggend terwyl sy te midde van haar gaste rond beweeg. „Johannes, nog 'n koppie? Wet, wil jy nie koffie hê nie?" Lourens speel egter verder met geslote oë, weemoedige, onsamehangende flarde musiek. In 'n hoek staan die meisies saam en gesels. Raubenheimer hou sy koppie met albei hande vas en gaap.

„Kom sit," sê Carla vir George, en hy sit langs haar en tant Maria.

„Kom jy nie slaap nie?" vra Paultjie.

„Ek kom nou, ek wil net my koffie drink."

„Tant Loekie is kwaad omdat ek julle gesprek onderbreek het," sê Carla. „Sy is altyd so bly om iemand te kry wat haar verhale nog nie ken nie."

„Ek kon nie eers alles volg wat sy my vertel nie," sê hy. „Iets oor wat daar met hulle gebeur het op pad plaas toe."

„Tant Loekie oordrywe altyd, sy't niks erger moes deurmaak as enigiemand anders nie. Maar sy gee ook nie om wat daar met haar gebeur nie, solank sy die aandag kan trek."

Waar sy langs hulle sit met hande gevoue oor die uitgestrektheid van haar boesem lag tant Maria onverwag, alhoewel hy nie besef het dat sy hulle kan hoor nie.

„Jy klink net so bitter soos Paultjie," sê hy.

„Mens raak moeg vir al die selfbejammering en toneelspeel. Dis vir jóú alles nuut, miskien maak dit op jou nog 'n indruk, maar as jy jare lank daarmee saamgeleef het, kry jy genoeg daarvan."

„Jy moenie so streng wees nie, kindjie," sê tant Maria klaaglik. „Julle is jonk, julle is nog vol hoop en moed, en dan is julle soms wreed, selfs al meen julle dit nie."

„Soms is dit nodig om wreed te wees, Tannie," sê Carla, maar haar stem is sagter.

„Miskien, ja, maar dit maak seer. Ons het baie deurgemaak, kind; ons is hard geslaan, ons het van hoog geval."

„Soos 'n ster deur die hemel," sê Carla mymerend. „Soos dooie blare in die wind. Dis verby." Sy praat egter met haarself, en dan leun sy na vore en raak die ou vrou se hand aan.

Daar het 'n deining onder die mense ontstaan. „Wat makeer?" vra George.

„Tant Loekie is opgewek uit die dood," sê Paultjie, wat op die grond gaan sit het by George se voete, en hy sien dat dit inderdaad tant Loekie is wat met nuwe lewenslus tussen die mense rondbeweeg, besig om te trek en te stoot en te organiseer.

„Sy wil tog nie nog volkspele speel nie, hoop ek," sê Carla.

„Sy wil die meisies laat sing," sê Paultjie. „Ek gaan slaap." Hy spring op.

Die drie Lourens-meisies is deur hulle moeder saamgebondel in die middel van die kamer. Slaperig, skaam en onwillig staan hulle bymekaar terwyl hulle vader hulle inlei op die trekklavier, en dan begin hulle sing.

Ek wag nog op die heuwel,
waar die suikerbossies blom,
en ek luister vir jou voetstap,
want my hart weet dat jy kom. . .

Hulle stemme is nie heeltemal suiwer nie, soos 'n klok wat nie meer met volslae helderheid lui nie, maar waar hulle saam staan in hulle wit rokke lyk hulle jonk en weerloos. Hy kyk na Carla wat langs hom sit, haar hand nog in tant Maria s'n, haar kop teen die ou vrou se skouer, en sien dat sy nie luister nie.

„Is jy en Gerhard verloof?" vra hy saggies.

„Waar hoor jy so iets?"

„Van tant Loekie."

„O, tant Loekie. . ." Sy haal haar skouers op. „Die mense praat baie, jy moet nie na alles luister wat hulle sê nie." Haar stemming het skielik oorgeslaan, en sy het weer afsydig geword soos gewoonlik, sonder behoefte aan 'n gesprek.

Ek dink nog met verlange,

hoor hy die stemme van die meisies, en die klaerige melodietjie van die trekklavier, die geluide ver weg in die stilte van die laatnag: mense wat vir mekaar fluister, die gekraak van 'n stoel, die gefladder van 'n mot teen 'n lampkap en die geblaf van die honde êrens in 'n agterkamer of 'n buitegebou. Die honde het geblaf toe hulle vanaand hier aankom, onthou hy, en daarna het hy hulle nie weer gehoor nie.

Die musiek is onderbreek. „Wat het daar gebeur?" vra hy, maar niemand antwoord nie. Die mans het opgespring en stoele val om; Gerhard hardloop na die deur en Hendrik en Johannes volg hom. In die middel van die kamer het die drie meisies verskrik bly staan. Die geblaf van die honde groei aan tot 'n soort waansin, asof hulle probeer losbreek en iemand te lyf gaan, en dan word dit stil en hoor hy mense skreeu en die gestamp van laarse in die gang. „Wat makeer?" vra hy.

Carla het ook opgestaan en kyk na die deur terwyl sy tant Maria se hand vashou. „Dis die polisie," sê sy.

Hy sien die vreemdelinge wat binnekom en Gerhard en die ander mans voor hulle uit jaag, hy sien die uniforms, holsters en gewere. Een van hulle stoot teen Gerhard sodat hy val, maar hy sê niks en probeer hom ook nie verweer nie. Voor hom sien George 'n vae, verre

reeks gebeure, soos 'n ou rolprent wat verbyflikker, mense met rukkerige gebare en bewegende lippe waaruit daar geen klank voortkom nie. Laarse dreun oor die kaal vloerplanke, daar word onafgebroke en verward geskreeu, hy hoor die gerinkel van brekende glas en besef dan dat dit Gerhard en Hendrik en Johannes is op wie daar geskreeu word, sonder dat hulle reageer. Iemand in 'n uniform staan voor hom, maar hy kan die man se woorde skaars begryp of beantwoord of sy paspoort vind om dit vir sy ondervraer te toon. As hy nie soveel gedrink het nie, sou hy miskien nog iets kan sê of doen, miskien sou hy kan optree, maar nou kan hy net toekyk. Die man wat blykbaar die leier van die groepie is, stap deur die kamer en bly dan voor Raubenheimer staan. George kan nie sien wat daar gebeur het nie, maar die man slaan die onderwyser skielik in die gesig, sodat hy kantel en val, langsaam en geluidloos soos iemand wat onder water beweeg. Die polisiemanne wat by die deur bly staan het, lag, maar George sien net hulle oopgesperde monde waaruit daar geen geluid kom nie.

Niemand beweeg nie. Dan draai die polisiemanne om en gaan weer so onverwags soos hulle gekom het, met Gerhard, Hendrik en Johannes in hul midde.

Die mense wat agtergebly het, beweeg nog nie, totdat een van die Lourens-meisies in 'n hoë, onbeheerbare gesnik uitbars. Hy sien Carla se wit gesig, tant Miemie wat bewend haar hande uitstrek, Hattingh met sy arm om sy vrou. Bettie het voor Raubenheimer gekniel en vee met 'n sakdoekie versigtig die bloed van sy gesig.

„Dis bloedvlekke, George," sê tant Kotie; „dis mensebloed op hierdie doek," en sy druk dit in sy hande. Dit is koud en nog heeltemal donker. Het sy dit werklik gesê? probeer hy onthou, en word dan bewus van Paultjie langs hom. Dit was 'n droom.

Hy slaap onrustig en is telkens wakker; kort, verwarde drome wissel mekaar af. Eers teen dagbreek, net voordat Hattingh hulle kom roep, raak hy in 'n dieper slaap.

Die kus is dieselfde as altyd onder die loodkleurige lug, en die duine verberg die binneland. Hy hardloop oor die strand en roep en roep, maar die wind waai sy woorde weg en hy kan hulle nie hoor nie. Sal hy nooit teen die los sand van die duine opkom nie? dink hy, hygend en wanhopig met die wind in sy ore, maar dan skielik het dit stil geword: hy sien die wit huis voor hom en die voetpaadjie waarlangs die vroue wegstap. Ja, natuurlik, daar was so 'n wit gebou met torinkies en balkons en 'n breë stoep, 'n strandhuis miskien, of 'n hotel – hy kan nie meer onthou nie. Met 'n uitroep van blydskap herken hy dit, en die vroue wat van hom wegstap, kyk om en bly staan om op hom te wag.

Miskien sal die son deurbreek en die wolke verdryf, miskien sal dit mooi weer word: elke dag van sy verblyf het hy dit verwag en elke dag is hy opnuut teleurgestel, sodat hy sonder verwagting uitkyk na die vaal oggend met sy verspreide vlae sonskyn en sy stofwind oor die werf.

„Ek voel dat ek jou eintlik om verskoning moet vra vir wat daar gebeur het, George," sê Hattingh. „Of in elk geval, vir die feit dat jy daar ingesleep is. Ons wou jou hier verwelkom, ons wou jou laat tuis voel by ons. . ."

„Dis eerder ék wat om verskoning moet vra," sê hy. „Dis ter wille van my dat ons almal saam was op Kommandodrift, as dit nie vir my was nie, sou dit alles miskien nooit gebeur het nie."

„O, hulle sou die seuns in elk geval gekry het, dit was toevallig dat hulle dit met een klap kon doen omdat ons bymekaar was. Hulle sou hulle anders in die nag uit hul beddens gehaal het, dis die tyd wanneer hulle kom, in die laatnag, net voor die oggend. Ek kan nie vir jou sê hoe dikwels ek al wakker geskrik het nie, by elke geluidjie word jy wakker en dink jy dat jy 'n kar op die werf gehoor het of dat daar iemand buite by die venster is. En altyd word jy dopgehou, hulle het selfs geweet dat ons gisteraand almal op Kommandodrift is. Dis hoe ons hier lewe, op hulle genade. Hulle kan met ons maak wat hulle wil."

„Maar Gerhard-hulle moet tog aangekla en verhoor word," sê George. „As hulle niks gedoen het nie, kan hulle nie gevange gehou word nie."

„Hulle kan ons vashou of loslaat, hulle kan ons doodmaak of laat lewe, hulle hoef niks te verantwoord nie."

„So iets is tog nie moontlik nie."

„Dis hoe ons lewe. Wat moet jy daaraan doen?"

Hy het blykbaar behoefte om te praat hier waar hy ineengedoke aan die kombuistafel sit met gevoue hande. Sy vrou slof op en neer in die kombuis en sê niks nie. Die hele oggend het in stilte verloop, en selfs die vertrek van Kommandodrift was feitlik woordeloos. Die gesprek wat in die middel van 'n sin afgebreek is, is nie hervat nie, en die lied het onvoltooi gebly, die gebeure van die vorige aand verswyg asof dit nooit plaasgevind het nie. Al wat nog daaraan herinner het, was die verspreide rommel in die voorkamer waar tant Kotie al begin opruim het, haar oë blink in haar bleek gesig: glase, glasskerwe, asbakkies, opgefrommelde papierservetjies, 'n omgevalle stoel, 'n verskeurde portret, en die vlag wat afgeruk is van die muur. Hulle het mekaar omhels en gegroet sonder om te praat, en George het opnuut besef dat hy 'n buitestaander is, wat stamelend probeer om woorde te vind vir die dinge wat hierdie mense swygend saam begryp. Hulle het weggegaan en die twee vroue alleen agtergelaat in die huis op Kommandodrift.

In stilte het hulle teruggery agter die bakkie aan waar die skoolkinders soos verskrikte voëls saamhok, en in dieselfde stilte het hulle afskeid geneem van Moedersgift se mense. Raubenheimer het sy hand gedruk en hom verstrooid aangekyk deur die gekraakte lense van sy

bril: hy kan daarmee ewe min sien as daarsonder, en Bettie moet hom aan die hand rondlei. Tant Miemie het verskrompel waar sy voor in die bakkie sit met kouende kake, en toe George haar kom groet, het sy haar kop weggedraai en wou hom nie aankyk nie. Hattingh het hulle teruggeneem Moedersgift toe.

Nou sit hy met Hattingh aan die kombuistafel terwyl mevrou Hattingh agter hulle rondslof. „Drie van ons beste jong mans," sê Hattingh. „Ons hoop vir die toekoms, alles wat jonk en sterk en dapper is onder ons. . ." Sy stem breek.

„Pappie," sê sy vrou waar sy by die kas besig is, en na 'n rukkie beheers hy hom.

„Verskoon my, George," sê hy, „maar dis 'n swaar slag op ons leeftyd."

„Pappie," sê sy vrou, „dis tyd dat George begin aanstaltes maak om te gaan."

„Maar is daar niks wat ek vir u kan doen nie?" vra hy. „Ek kan tog nie gaan en u só agterlaat nie."

„Nee, nee, daar is niks nie, George," sê Hattingh. „Ons het jou lank genoeg hier gehou, jy moenie nou jou trein verpas nie. Jy sal seker bly wees om weg te kom."

„Ek het vir jou toebroodjies gemaak, George," sê mevrou Hattingh, „en ek het 'n bietjie droëperskes vir jou ingesit. Dan het jy darem iets om in die trein te eet."

Hy aarsel nog, maar neem dan die pakkie van haar aan. „Dankie, Mevrou," sê hy. „Ek moet nog my koffer pak, maar ek het nie baie tyd daarvoor nodig nie."

„Nou gaan jy ook weg," sê sy. Haar stem klink mat; haar oë is rooi gehuil. „Dit voel asof ek die laaste van my kinders verloor."

„Carla en Paultjie is nog hier."

„Ja," sê sy, maar sy klink nie getroos nie.

Hy het net 'n paar minute nodig om die dinge wat hy vir sy kort verblyf uitgepak het weer in die koffer terug te stop, maar hy is bly met die verskoning om hom in sy kamer te kan terugtrek, want voor die smart van die twee oumense is hy hulpeloos.

Terwyl hy besig is, word daar geklop, en dit is Paultjie wat na binne glip en die deur vinnig agter hom toemaak.

„En toe," vra hy, „gaan jy?"

George knik, en die seun kom weer op die bed sit soos die vorige aand om te kyk hoe hy pak. „Ek het nog jou hemp," sê hy.

„Dit maak nie saak nie, jy kan dit maar hou."

Hy reageer nie hierop nie, sy gesig donker en verwytend, en dan wanneer George buk om die koffer te sluit, strek hy sy arm uit om sy polsgewrig te gryp.

„Neem my met jou saam," sê hy.

„Waarheen?" vra George.

„Terug oorsee, weg van hier."

„Wat wil jy oorsee doen?"

„Ek weet nie, dit maak nie saak nie; ek wil net wegkom." Hy leun na vore en praat gejaagd. „Jy het gesien wat gisteraand gebeur het – ek wil nie hê dat dit met my gebeur nie, ek wil nie my lewe eindig soos Gerhard-hulle nie, ek wil nie word soos Pappie of oom Wet of soos Fanie met sy versies nie. Help my dat ek kan wegkom."

Verbaas deur sy heftigheid probeer George sy hand lostrek, maar Paultjie klou aan hom vas. „Jy kan met my saamry dorp toe," sê hy dan. „Jy kan saamkom stad toe . . . ," maar Paultjie onderbreek hom.

„Nee, dis nie ver genoeg nie, hulle kan my nog altyd beetkry."

„Wie?"

„Die polisie, die mense, hierdie lewe. . . Ek moet só ver gaan dat hulle my nie kan inhaal nie, nooit meer nie." Met sy hand nog krampagtig om George se arm gly hy van die bed en val op sy knieë voor hom. „Dis die enigste kans wat ek het, dis die enigste kans wat ek ooit sal kry; jy moet my help. Help vir my, help vir my, ek sê vir jou ek is bang. . ." Paniekbevange klou hy aan George vas, en begin dan saggies huil.

„Dis nie moontlik nie," probeer George hom kalmeer; „jy weet dat dit nie moontlik is nie. Jy het waarskynlik nie eers 'n paspoort nie. Jy kan tog nie só die land verlaat nie, jy kan jou ouers nie nou alleen laat nie. . ."

„Help my," herhaal Paultjie dof, sy kop onderstebo. „Help my, ek kan nie so aangaan nie."

„Hier," sê George dan, en soek in sy portefeulje na papiergeld. „Miskien kan jy hiermee iets doen, ek weet nie. . ." Dit is al die kontantgeld wat hy by hom het, dink hy terwyl hy dit in Paultjie se hand druk om hom tot bedaring te probeer bring, en die poging slaag ook. Met wange nog nat van die trane en sy mond vertrokke waar hy langs die bed kniel, staar Paultjie die geld aan, en sy vingers sluit outomaties daarom heen.

George draai van hom weg en gaan voor die venster staan om 'n

sigaret aan te steek. „Ek moet gaan," sê hy saggies. „Ek moet die trein haal."

Ver weg skyn die son uit oor die veld, en die bloekombome tril in die wind. Êrens anderkant die skuur het iemand begin hout kap, die slag van die byl die enigste klank in die stilte van die oggend. Die lewe gaan verder.

Paultjie staan op en vee sy oë af met die hand waarin hy die banknote opgefrommel vashou; wanneer George hom aanraak in afskeidsgroet, reageer die seun nie, en kyk hom aan asof hy hom nie sien nie.

George sluit die koffer en stap by hom verby, deur die kombuis waar die Hattinghs nog saam is in hul verslaenheid en hul swye, en oor die werf na die plek agter die skuur waar Carla besig is om stompe houte op te kap. Sy het weer haar kakieklere aangetrek en staan daar met haar rug na hom toe, so gekonsentreerd besig dat sy nie eers sien hoe hy haar nader nie. Hy staan al 'n hele tyd na haar en kyk wanneer sy hom opmerk.

„Ek gaan nou," sê hy.

„Ja," sê sy, en stoot haar hare weg van haar voorhoof.

„Dit spyt my . . ." begin hy, maar sy wys sy meegevoel met 'n abrupte handbeweging af.

„Jy hoef niks te sê nie, gaan maar liewer."

Hy bly egter wag, alhoewel dit duidelik is dat sy geen gesprek wil begin nie.

„Wat het hulle gedoen?" vra hy.

„Dis nie nodig om iets te doen nie. Ons is skuldig bloot omdat ons bestaan."

„Waarom is net húlle drie dan weggeneem? Daar moet 'n rede wees, en jy is die enigste een wat dit vir my sal sê."

Sy oorweeg haar antwoord voordat sy praat. „Hulle was besig met 'n komplot," sê sy uiteindelik byna onwillig. „Hulle het probeer om wapens bymekaar te maak."

„Ek het nie geweet dat daar nog sulke dinge gebeur nie."

„Dan het jy in die laaste paar uur voor jy weggaan nog iets by geleer. Die mense is al jare lank besig met sulke dinge, so lank as wat ek kan onthou. Dis nog al wat daar vir ons oorbly, hierdie pogings."

„Is dit waarom Rietvlei vernietig is?" vra hy.

„Wat laat jou dink dat Rietvlei iets daarmee te doen het?"

„Waarom sou die leër anders ingeroep word om 'n verlate plaashuis te kom opblaas?"

Sy oorweeg weer. „Dis 'n tyd lank as wegkruipplek gebruik," sê sy, „jare gelede, net nadat die oumense daar weg is, en hulle het ook wapens daar weggesteek. Dit was 'n groot ou huis met baie wegkruipplek, daar was selfs 'n kelder."

Die antwoord is vir haar voldoende en sy wag dat hy moet gaan, maar hy gaan nog nie. „Is dit hoe jy die plaas leer ken het?" vra hy. „Is dit waarom jy van die dam en die rose geweet het?"

„Het jy nog nie geleer dat dit beter is om geen vrae te vra nie?"

„Ek hoop nog altyd dat ek op een van my vrae 'n voldoende antwoord sal kry."

„En as jy die antwoord weet, wat dan?"

„Dan sal dit my miskien help om te verstaan."

Sy stap van hom weg en gaan sit eenkant op 'n stapel hout. „Hulle het eenkeer 'n gewonde man soontoe geneem en daar was niemand wat by kom kon bly nie, toe het hulle my gevra. Dis die enigste keer dat ek op Rietvlei was totdat ek nou die dag met jou soontoe gegaan het."

„Vertel my daarvan," sê hy. Eers dink hy dat sy gaan weier, maar dan begin sy praat, saaklik asof sy besig is om 'n verslag uit te bring oor iets waarby sy self nouliks betrokke was.

„Johannes het my een aand soontoe geneem," sê sy. „Dit was donkermaan en ons het deur die veld gegaan, dis net 'n paar uur se stap. Hulle sou hom die volgende nag kom haal, en ek het toe daardie hele dag alleen by hom gebly."

„Dit was tog seker gevaarlik."

„Ja, lewensgevaarlik, maar ek het nie omgegee nie. Daar moet iets wees wat vir jou genoeg beteken om jou hele lewe daarvoor te waag, om álles daarvoor te waag."

„Wát byvoorbeeld?" vra hy.

„Ek weet nie, vroeër het ek geweet, maar mens verander en jy kan nie meer in dieselfde dinge glo nie."

Hy kyk na die afgewende kop met die kortgesnyde hare. „Vertel my van die huis," sê hy.

Sy vraag verras haar blykbaar. „Die opstal op Rietvlei? Dit was 'n groot huis met baie groot vertrekke, nes Kommandodrift – 'n lang gang met kamers weerskante, en groot kaggels. Maar dit was heeltemal leeg, daar het niks meer oorgebly van vroeër nie. Net in die kamer waar ons gebly het, was daar 'n paar kiste en matrasse op die vloer. Dit was seker die spens gewees, jy kon nog teen die mure sien waar die rakke was. Dit was 'n beskutte kamer en daar was twee deure, sodat jy maklik kon

wegkom. Ek het daar gebly by die man, en die volgende nag het Johannes-hulle ons kom haal, dis al."

„Was jy nie bang nie?" vra hy.

„Nee, ek weet nie hoekom nie. Seker nog te jonk en onnosel. Eintlik was daar genoeg rede om bang te wees, alleen in die verlate huis met 'n ylende man. Daar was kerse, maar ek mog hulle nie aansteek nie, ek had ook nie eers vuurhoutjies nie, en toe dit donker word, kon ek maar net daar bly sit met 'n kombers om my en wag dat Johannes terugkom." Sy speel met 'n houtsplintertjie en lag dan skielik. „En net voor dagbreek, en dié aand weer toe dit nog nie heeltemal donker was nie, het ek deur die tuin gekruip na die dammetjie om water te kry, al onder die plante en struike deur met die takke van die rose wat aan my klere vashaak. Dis hoe ek van die dammetjie weet."

„En daarna het hulle die plek kom vernietig."

„Dit was net 'n paar maande later toe oorval die polisie dit eendag. Daar het drie van ons mense daar geskuil, en hulle het baie ammunisie by hulle gehad, weggesteek in die kelder. Hulle wou hulle nie oorgee nie, maar die huis is omsingel. Hulle het 'n paar uur uitgehou, en uiteindelik is al drie doodgeskiet, in die kombuis. Dit was 'n groot kamer met 'n sementvloer, en hulle bloed het oor die vloer geloop tot in die gang. Die mense het lank gepraat oor die bloed wat oor die vloer kruip, hulle het dit nou nog nie vergeet nie. Fanie het 'n gedig daaroor geskryf." Sy glimlag effens, en skud haar kop. „Hulle was nog jonk gewees, drie jong mans soos Gerhard-hulle. En hulle is daar doodgeskiet op die kombuisvloer."

Hy sê niks nie. „Maar jy stel ook nie belang dáárin nie, nè?" vra sy. „Al wat jou interesseer, is die huis waarin jou grootouers gebly het, jou ma, jou mense, toe hulle nog die hele wêreld besit en regeer het, die aarde en al die sterre. Maar hy's uitmekaar geskiet, daar het nie eers twee klippe op mekaar bly staan nie. Die soldate het met dinamiet gekom en die hele huis opgeblaas, hulle't die dam opgeblaas, die tuin is omgeploeg. Dis nou verby, verstaan jy?" Haar stem is heftig, byna honend.

„Ek weet dat dit verby is," sê hy. „Maar dit het tog iets beteken, dit het tog sin."

„Daardie drie seuns se lewens het ook iets beteken, hulle dood het ook sin gehad, maar wat kan ons daarmee doen? Ons moet verder lewe."

„Tant Maria het gelyk," sê hy. „Jy is streng; jy is wreed."

Sy kyk hom aan met haar helder oë. „Wat nog?" vra sy.

„Fel, ontoegeeflik, onverbiddelik. . ."

„Ja, en nóg?"

„Is dit wat jy probeer wees?"

„Hoe dink jy is dit moontlik om hier te lewe as jy nie hard en onverbiddelik is nie?" vra sy, maar daar is geen skerpheid in haar stem nie. Skielik buk sy vooroor en bedek haar gesig met haar hande.

„Het ek jou seergemaak?" vra hy.

Sy skud haar kop. „Mens moet kan praat, mens moet hierdie dinge kan sê. Jy kan dit nie altyd maar saam met jou ronddra en stilbly nie."

„Hoe kan jy hierdie lewe uithou?" vra hy.

„Plig, liefde, gewoonte – ek weet nie. Dis hoe ek grootgeword het, dis my mense hierdie. Maar soms moet jy met iemand kan praat, soos ek gister ook vir jou gesê het."

„Is daar iemand hier?"

„Paultjie, miskien. Hy verstaan nie, hy weet self nie presies wat hy wil hê nie, maar hy luister ten minste sonder om te veroordeel."

„Wat sal daar met jou gebeur?" vra hy, en sy kyk op.

„Bekommer jy jou daaroor?"

„Jy kan tog nie so aangaan nie, mens kan tog nie so lewe nie. . ."

„As jy moet, kan jy amper enigiets doen."

„Jy moet probeer wegkom. . ."

Sy lag. „Hoe?" vra sy.

„Jy kan met my saamkom," sê hy dan na 'n lang stilte.

Sy besef nie dadelik wat hy bedoel nie. „Saamkom waarheen?"

„Wanneer ek weggaan; jy kan met my saamkom oorsee, Europa toe."

Die voorstel verdien vir haar nie eers oorweging nie. „Hulle sal my nooit uit die land uit laat gaan nie."

„As jy my trou . . ." sê hy.

Sy kyk hom lank aan. „Is dit 'n huweliksaansoek?" vra sy, en dit is asof die gedagte haar amuseer, ten spyte van haar erns.

„Dit sou maar net 'n formaliteit wees. Ek sou jou graag wil help."

„En wat moet ek oorsee uitrig?"

„'n Nuwe lewe begin."

„'n Lewe soos julle s'n, vol onrus en ontevredenheid, altyd maar besig om te onthou en te verlang, altyd maar besig om jou herinnerings te herkou? En altyd maar dieselfde verwyte wat aan jou knaag?" Die kop weggedraai op die kussing, die hand willoos op die deken, die

goue armband wat te wyd geword het vir die polsgewrig. Bande suis oor die nat asfalt; die verkeerskonstabel wink hulle verder.

„Is hierdie lewe dan soveel beter?" vra hy.

„Dis maar dieselfde: hulle kou ook op hulle herinnerings en hul griewe en verbittering, en droom van die verlede en glo dat dit sal terugkom. Maar dit sal nie, niks kom terug nie." Ongeduldig spring sy op. „Julle sit toegespin in die verlede, julle almal, hiér en daar anderkant. Hendrik en Johannes – ek moet dit vir jou sê, ek moet dit vir iemand kan sê – my eie broers het op loop gegaan met 'n mond vol verslete ou slagkrete, hulle het uitgetrek om 'n wêreld te herwin wat hulle self nie eers geken het nie. Hulle's weggeneem en ons sal hulle nooit weer sien nie – God weet wat daar met hulle sal gebeur, ek wil nie daaraan dink nie. Maar dit is sinloos, waardeloos, nutteloos; dis heeltemal sonder betekenis. As ek daarin kon glo soos my ouers, sou dit darem nog draaglik wees, maar dis woorde, net woorde. Daar is niks nie."

„Sal alles dieselfde bly noudat hulle weggeneem is?" vra hy ná 'n tydjie.

„Mens verloor nie so maklik hoop nie. Daar is soveel mense al gevang en doodgemaak of weggeneem, en dan begin iemand anders weer opnuut." Sy lag kort-af. „Ons moet seker dankbaar wees dat hulle niks meer gedoen het as om Gerhard-hulle weg te neem nie, net húlle drie, en dat óns gespaar gebly het."

„Was daar nog meer mense hierby betrokke?"

„Wie is nié daarby betrokke nie? Verstaan jy dan nog niks nie? Een nag toe dit donkermaan was, het hulle hier op die plaas kiste in die kerkhof begrawe, hulle't die grafstene met koevoete opgelig. Hulle. . ." Sy breek ongeduldig af. „Ag, hoekom vertel ek jou dit alles? Jy't drie dae by ons deurgebring sonder dat jy gemerk het wat daar rondom jou gebeur, jy het deur die hele huis en oor die hele werf gedwaal sonder om iets te sien of te hoor. Dis beter dat jy maar in onwetendheid weggaan. Jy hoef ten slotte ook niks te weet nie."

„En wil jy dan hiermee agtergebly?" vra hy, en sy skud haar kop met 'n onverwagte beslistheid.

„Wanneer iets onherroeplik geword het, moet jy die feit erken en dit aanvaar," sê sy. „Dit help nie om te skop en te spartel nie, al jou trane en jou gebede sal jou nie help nie, jy moet verder lewe, so goed of so sleg soos jy kan. Dis die lewe wat onverbiddelik is, nie ék nie. Daardie ou wêreld het verdwyn en dit sal nooit in die ewigheid terugkom nie,

selfs al gee ons ons lewens om dit te probeer herwin. Ons moet leer om in hierdie nuwe wêreld te lewe."

Hy moet gaan, dink hy, want die tyd word min, maar hy beweeg nie. „Jy moet gaan," herhaal sy dan sy gedagtes.

„Ja, ek moet gaan."

„Is jy bly?"

„Ek weet nie."

„Sal jy ons nog onthou wanneer jy weer terug is?"

„O ja, ek sal julle onthou. Ek sal jou onthou soos jy hier staan en hout kap met splinters in jou hare." Hy glimlag. „En ek sal nog steeds bekommerd voel oor jou."

Sy glimlag terug en skud haar kop, onafhanklik en afwysend. „Jy hoef nie, ek kan vir myself sorg."

„Maar wat sal daar van jou word?"

„Ek gaan ook weg," sê sy, so vinnig en terloops dat hy die woorde byna nie hoor nie.

„Waarheen?" vra hy.

„Ek weet nog nie, ek weet net dat ek nie hier op die plaas gaan bly nie." Dan kyk sy hom aarselend aan. „Ek het nog niemand hiervan vertel nie, selfs nie Paultjie nie, en Mammie en Pappie weet ook niks daarvan nie – dit sal hulle seer genoeg maak wanneer dit gebeur sonder dat hulle dit vantevore al weet. Belowe jy om vir niemand te vertel nie?"

„Natuurlik sal ek nie. Maar wat wil jy dan doen, hoe wil jy lewe?"

„Ek weet nie," sê sy weer. „Maar ek wil nie vasgevang raak in herinnerings soos al die mense hier rondom my nie, ek wil nie my hele lewe lank loop en omkyk oor my skouer nie. Ek wil my deel bydra, nie eenkant sit en verkommer in 'n droomwêreldjie nie. Ek wil iets uitrig; ek wil lewe. . ."

„Besef jy wat jy op jou neem?" vra hy.

„Ja," sê sy, „ek besef dit. Maar ek is jonk, ek is sterk, my hande staan vir niks verkeerd nie. Solank jy net moed het en glo in wat jy doen, maak dit nie saak wat daar met jou gebeur nie. Ek is nie bang nie. Daar is niks waarvoor ek bang is nie."

Hy weet dat dit waar is. „Ek dink dat jy onverstandig is," sê hy, „maar ek sal jou seker nie daarvan kan oortuig nie."

„Nee, jy sal nie."

„Ek wens tog nog dat daar iets was waarmee ek jou kan help."

„Jy het geluister, dis meer as genoeg. Ek wens net dat ek jou ook kon

laat verstaan; maar jy weet nie eers waarvan ek praat nie, ek kan dit sommer sien aan jou gesig. Probeer ten minste, as jy werklik iets vir my wil doen, probéér darem, dat daar iemand is wat tog verstaan."

„Ek sal probeer," sê hy ná 'n lang stilte.

„Ons praat 'n ander taal," sê sy stadig, „al klink die woorde ook dieselfde. Ons bly vreemdelinge vir mekaar, en jy sal nooit begryp waaroor ek praat nie. Maar probeer."

Sy het haar rug na hom toe gedraai en leun teen die opgestapelde hout, haar kop teen haar arm.

„George!" roep Hattingh van die huis.

„Jy sal die trein verpas," sê sy. Sy vryf met haar hand oor haar voorhoof, stryk die houtsplintertjies uit haar hare en borsel dit af waar dit aan haar klere bly vassit het, maar haar bewegings is stadig en ingedagte.

„George!" roep Hattingh weer.

Hy gaan vinnig na haar toe. „Kom saam," sê hy. „Daar is nog tyd, jy kan nog wegkom. Ek verplig jou tot niks nie, ek wil jou net help. Waarom moet jy hier bly sukkel terwyl jy gelukkig sou kan wees?"

„Nee," sê sy saggies, byna vir haarself, „jy verstaan niks nie." Sy vryf met haar hand oor haar voorhoof en kyk rond, raak die gekloofde houtstompe aan, en die byl, en stap dan van hom weg sonder om terug te kyk.

Hattingh dra sy koffer na die kar en druk sy hand; mevrou Hattingh slaan haar arms om sy nek en trek hom na haar toe om hom te soen. Net Paultjie bly eenkant staan, en kyk sonder belangstelling na die voorbereidings vir sy vertrek, asof dit om 'n vreemdeling gaan.

„Waar is Carla nou tog weer?" vra mevrou Hattingh.

„Ek weet nie, Mammie."

„Carla en ek het mekaar al gegroet, Mevrou," sê hy.

„Maar sy kan darem nog kom noudat jy weggaan. Ek weet nie waar sy alweer heen is nie. . ." Uit beleefdheid probeer hulle hul eie smart verberg hier waar hulle na buite gekom het om hom weg te sien.

Hy skakel die motor aan en kyk vir die laaste keer na hulle waar hulle by die kombuistrappies bly staan het teen die blinde muur, Hattingh, sy vrou en Paultjie. Dan verskyn Carla in die deur agter hulle en lig swygend haar hand op in afskeidsgroet. Sy het gekom. Hy lig sy hand op in antwoord, en hulle waai vir hom sonder om te besef dat sy agter hulle kom staan het.

Hy draai die kar oor die werf en uit by die hek na die grootpad. Hy

sien die veld, die seldsame bome, die wolke wat die son bedek en die voëls wat laag voor hom verbyswenk. Hy moet stadig ry langs die verwaarloosde pad, maar daar is genoeg tyd, en hy sal die trein nog haal. Vanaand vertrek die vliegtuig; môreoggend sal hy by die huis wees.

Ook deur Karel Schoeman

Veldslag
By Fakkellig
'n Lug vol Helder Wolke
Spiraal
Op 'n Eiland

Die Hart van die Son
Lig in die Donker

Berig uit die Vreemde:
'n Ierse dagboek

Van 'n Verre Eiland:
'n tweede Ierse dagboek

Vertalings
Uit die Iers: *Middeleeuse gedigte*
Anton Tsjechow: Oom Wanja

Van hierdie Hertzogpryswenner sê Elize Botha: „. . . die tydgenootlike Afrikaanse prosakuns het in die skrywerskap van Karel Schoeman 'n talent wat ons nie sou wil mis nie."

Verkrygbaar by alle goeie boekhandelaars.

C0-CEX-598